



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DIE EFFEK VAN SHIP<sup>®</sup> (SPONTANEHELING INTRASISTEMIESE  
PROSES) BY ADOLESSENTE TENNISPELERS**

**deur**

**DANIEL CORNELIUS JOHANNES HOFFMAN**

**VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD D PHIL  
MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

**in die**

**FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: PROF BJM STEYN  
PRETORIA  
2008**



## VERKLARING

Ek die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk soos dit vervat word in hierdie proefskrif, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie voorheen in geheel of gedeeltelik aan enige Universiteit vir graaddoeleindes voorgelê het nie.

---

**Handtekening**

---

**Datum**

Let daarop dat in die navorsing, die navorsers na die subjekte verwys na “hy” in die manlike vorm, maar dat “hy” ook “sy” kan beteken.



## DANKBETUIGINGS

Opregte dank en waardering word hiermee betuig aan:

### **My Skepper**

Vir Sy liefde en Genade

### **Professor BJM Steyn**

Vir sy bekwame leiding, belangstelling en ondersteuning

### **My vrou en kind**

Vir hulle opoffering, geduld en aanmoediging

### **My pa**

Vir al sy aanmoediging

### **My ma, broer en suster**

Vir al hulle liefde en ondersteuning

### **Elizabeth**

Vir al haar hulp met die tikwerk



## OPSOMMING

Die navorsing handel oor die effek van SHIP<sup>®</sup> (Spontaneheling Intrasistemiese Proses) by adolessente tennisspelers en die waarde daarvan ten opsigte van die ontwikkeling van sielkundige potensiaal van spelers.

Tradisioneel word Sportsielkunde vanaf 'n kliniese konteks gevoed. Dit is 'n dinamiese veld wat voortdurend op soek is na nog verdere tegnologiese ontwikkeling. Die waarde van die studie is dat dit die eerste keer is dat 'n hele kliniese intervensieprogram suiwer in 'n sportkonteks toegepas word.

Die doel van die studie is om te bepaal wat die moontlike sielkundige bydrae van SHIP<sup>®</sup> op die sielkunde van die tennisspeler is. Die intervensie SHIP<sup>®</sup> het tussen vier tot ses maande geduur met 'n gemiddeld van tien sessies per speler waar 'n sessie een uur lank duur.

'n Totaal van tien adolessente tennisspelers wat verbonde is aan 'n tennisskool is vir die studie gebruik. Die spelers wat aan die studie deelgeneem het bestaan uit vier manlike en ses vroulike tennisspelers. Die eksperimentele groep bestaan uit ses tennisspelers (twee manlik en vier vroulik) wat 'n reeks psigometriese toetse afgelê het en deur SHIP<sup>®</sup> behandel is. Die kontrole groep bestaan uit vier tennisspelers (twee manlik en twee vroulik) wat nie deur SHIP<sup>®</sup> behandel is nie, maar wel die psigometriese toetse afgelê het.

Die studie maak gebruik van 'n tradisionele eksperimentele ontwerp wat van 'n eksperimentele en kontrole groep gebruik maak. Verder leen die studie aspekte van Pieterse (2004) se enkelproefpersoonnavorsingsontwerp. Die ontwerp behels onderhoude wat met al die spelers gevoer is, voor die intervensie. Die onderhoude handel oor die spelers se sterkpunte, swakpunte en belewenis van ang en stres tydens tenniswedstryde. Na die intervensie is daar onderhoude met die afrigters en drie spelers gevoer om te bepaal of daar enige verandering by die spelers plaasgevind het.

Die resultate van die studie toon 'n afname in kognitiewe en liggaamlike ang van die eksperimentele groep met geen beduidende veranderinge by die kontrole groep nie. Al

hierdie veranderinge is beduidend op die 5% peil van betekenis. Ten opsigte van selfvertroue het beide groepe 'n statisties beduidende verandering getoon op die 10% peil van betekenis. Die eksperimentele groep het egter 'n beduidende toename getoon terwyl die kontrole groep se tellings op die subskaal beduidend afgeneem het. Die spanning-angs toetstellings van die kontrole groepe was beduidend hoër as die eksperimentele groep. Hierdie verskil was beduidend op die 10% peil van betekenis. Die depressie en woede-vyandigheid toetstellings van die kontrole groep was ook statisties hoër as die eksperimentele groep na die intervensie. Hierdie verskille was beduidend op die 5% peil van betekenis. Die resultate van die analise binne groepe, toon dat die vigoortellings van die eksperimentele groep beduidend toegeneem het, terwyl die afname in die kontrole groep se tellings nie beduidend was nie. Hierdie statisties beduidende veranderinge in die eksperimentele groep was beduidend op die 5% peil van betekenis. Die afgematheid telling van die eksperimentele groep het beduidend afgeneem oor die tyd met geen beduidende verandering in die kontrole groep nie. Hierdie verandering was beduidend op die 10% peil van betekenis. Die verwarringtellings van die eksperimentele groep het beduidend afgeneem, met geen beduidende veranderinge in die kontrole groep nie. Die verandering was beduidend op die 5% peil van betekenis. Die outonomieitssubskaal telling van die eksperimentele groep het statisties beduidend toegeneem. Die verandering was beduidend op die 10% peil van betekenis. Geen beduidende verandering het ten opsigte van hierdie subskaal by die kontrole groep plaasgevind nie. Die kontrole groepe het 'n statisties beduidende afname in die positiewe verhoudingssubskaal getoon. Ten opsigte van entiteitsingesteldheid het die kontrole groep 'n beduidende toename in die tellings getoon. Hierdie toename was beduidend op die 10% peil van betekenis alhoewel die eksperimentele groep se tellings ook toegeneem het, was dit nie statisties beduidend nie. Uit die onderhoude met die spelers en afrigters na die intervensie is dit duidelik dat die eksperimentele groep gegroei het ten opsigte van aandag en konsentrasiebeheer, die hantering van stres en ang en genot tydens tenniswedstryde.



## SUMMARY

This study examines the effect of SHIP<sup>®</sup> (Spontaneous Healing Intrasystemic Process) on adolescent tennis players and its advantages in accordance with the development of the players' potential.

Traditionally Sport Psychology has evolved from a clinical context. It is a dynamic field that is always open to further technological development. The value of the study lies in the fact that it is the first time that an entire clinical intervention programme is applied in a purely sports context.

The goal of the study is to determine the possible psychological effects that SHIP<sup>®</sup> might have on the psychology of tennis players. The SHIP<sup>®</sup> intervention lasted between four to six months, with an average of ten sessions per player, and each session lasting one hour. A total of ten adolescent tennis players who attend a tennis school participated in the study. Of these players, four were male and six female.

The experimental group consisted of six tennis players (two male and four female) who completed a battery of psychometric tests and went through SHIP<sup>®</sup>. The control group consisted of four tennis players (two male and two female) who completed the psychometric tests, but were not put through SHIP<sup>®</sup>.

The study made use of a traditional experimental design, consisting of an experimental and a control group. In addition, the study also employed aspects of Pieterse's (2004) single subject design. Specific aspects of this design that were applied, include interviews conducted with all the players prior to the intervention. The interviews focused on the players' strong points, weak points and their experience of anxiety and stress during tennis matches. Follow-up interviews were conducted with three players and their coaches after the intervention, to determine if the players had experienced any change.

The results of the study point toward a decrease in the cognitive and physical anxiety of the experimental group, with no significant changes manifesting in the control group. All these changes are significant on the 5%-level of significance. With regard to self-confidence, both groups showed a statistically meaningful change on the 10%-level of

significance. The experimental group scores showed a significant increase, while the control group scores on this subscale decreased significantly. The stress-anxiety test scores of the control group were significantly higher than those of the experimental group. This difference was meaningful on the 10%-level of significance. The depression and anger test scores of the control group were statistically higher than those of the experimental group after the intervention. These changes were meaningful on the 5%-level of significance. The results of the analysis within groups, showed that the vigor scores of the experimental group had increased significantly, while the decrease in the control group scores was of no significance. These statistical changes in the experimental group were meaningful on the 5%-level of significance. The fatigue scores of the experimental group decreased significantly over time, with no significant changes in the control group. These changes were meaningful on the 10%-level of significance. The confusion scores of the experimental group decreased significantly, with no significant changes in the control group. This change was meaningful on the 5%-level of significance. The autonomy subscale scores of the experimental group increased statistically significantly. This change was meaningful on the 10%-level of significance. No significant change occurred in the control group with regard to this subscale. The control group showed a statistically significant decrease in the positive relationship subscale. This change was meaningful on the 10%-level of significance. The experimental group showed no significant change with regard to this scale. With regard to the entity mindset, the control group showed a significant increase in scores. This increase was meaningful on the 10%-level of significance. Although the experimental group scores also increased, the scores were not statistically significant. From the interviews with the players and coaches after the intervention, it became clear that the experimental group had grown in terms of attention and concentration control, coping with stress and anxiety, and pleasure experienced during tennis matches.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK EEN

### DIE EFFEK VAN SHIP<sup>®</sup> (SPONTANEHELING INTRASISTEMIESE PROSES) BY ADOLESSENTE TENNISPELERS

1.1	INLEIDING	1
1.2	LITERATUUROORSIG	1
1.3	SELKUNDIGE VAARDIGHEIDSOPLEIDING	4
1.4	SELKUNDIGE VAARDIGHEIDSOPLEIDINGSPROGRAMME	5
1.5	PROBLEEMSTELLING	5
1.6	DOELWIT VAN STUDIE	6
1.7	NAVORSINGSMETODE	7
1.8	PROEFPERSONE	7
1.9	NAVORSINGSONTWERP	8
1.10	PROGRAMIMPLEMENTERING EN EVALUERING	9
1.11	DIE VERLOOP VAN SHIP <sup>®</sup>	10
1.12	SHIP <sup>®</sup> EN TENNIS	11
1.13	SAMEVATTING	13



## HOOFSTUK TWEE

### MODELLE VANUIT HOOFSTROOM-SIELKUNDE WAT AS INTERVENSIES IN SPORT TOEGEPAS WORD

2.1	INLEIDING	15
2.2	SIELKUNDIGE MODELLE EN SPORT	15
2.3	DIE PSIGODINAMIESE MODEL	16
2.4	DIE BEHAVIORISTIESE MODEL	20
2.5	DIE KOGNITIEWE MODEL	24
2.6	DIE HUMANISTIESE MODEL	27
2.7	NEURO-LINGUISTIESE PROGRAMMERING	31
2.8	LEWENSONTWIKKELINGSMODEL	33
2.9	SAMEVATTING	46

## HOOFSTUK DRIE

### SHIP<sup>®</sup> (SPONTANEHELING INTRASISTEMIESE PROSES)

3.1	INLEIDING	47
3.2	FUNDAMENTELE KONSTRUKTE VAN SHIP <sup>®</sup>	47
3.2.1	Spontaneheling	47
3.2.2	Intrasistemies	47



3.2.3 Proses	48
<b>3.3 DIAGRAM VYF – DIE SELF</b>	<b>48</b>
<b>3.4 PERSOONLIKHEIDSATTRIBUTE</b>	<b>50</b>
<b>3.5 DIE PROSES VAN SHIP®</b>	<b>51</b>
<b>3.6 HANTERINGSTYLE</b>	<b>52</b>
<b>3.7 ONTTREKKERS</b>	<b>55</b>
<b>3.8 AKTIVEERDERS</b>	<b>58</b>
<b>3.9 INTERSYSTEMIESE EN INTRASISTEMIESE KETTINGEKSPRESSIES</b>	<b>61</b>
<b>3.10 TEENOORGESTELDES</b>	<b>65</b>
<b>3.11 NEUTRALISEERDERS</b>	<b>69</b>
<b>3.12 PSIGOBIOLOGIESE STIMULANTE</b>	<b>70</b>
<b>3.13 SPONTANEHELINGSREAKSIES</b>	<b>73</b>
<b>3.14 DIAGRAM SEWENTIEN – DIE RAAMWERK</b>	<b>75</b>
<b>3.15 SAMEVATTING</b>	<b>80</b>

## **HOOFSTUK VIER**

### **OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN SELKUNDIGE MODELLE EN SHIP®**

<b>4.1 INLEIDING</b>	<b>81</b>
----------------------	-----------



<b>4.2 OOREENKOMSTE EN VERSKILLE</b>	<b>81</b>
<b>4.3 DIAGRAM AGTIEN – DIE PROSES VAN SHIP®</b>	<b>85</b>
<b>4.4 DIAGRAM NEGENTIEN – SPONTANEHELINGSPROSES</b>	<b>86</b>
<b>4.5 VERSKILLE TUSSEN PSIGOTERAPIE EN SHIP®</b>	<b>87</b>
<b>4.6 ‘N VERGELYKING VAN SHIP® MET GESTALT-PSIGOTERAPIE, BIOENERGIEKE ANALISE, JOGA EN CHI-GUNG AS ALTERNATIEWE, ANTIEKE EN MODERNE ENERGIETERAPIEË</b>	<b>88</b>
4.6.1 Gestalt psigologie	88
4.6.2 Bioenergieke Analise	89
4.6.3 Yoga	91
4.6.4 Chi-Gung	93
<b>4.7 SAMEVATTING</b>	<b>94</b>

## **HOOFSTUK VYF**

### **ADOLESENSIE**

<b>5.1 INLEIDING</b>	<b>96</b>
<b>5.2 DIE PSIGOANALITIESE TEORIE</b>	<b>96</b>
<b>5.3 BALK (1995) SE BESKRYWING VAN ADOLESSENSIE</b>	<b>97</b>
<b>5.4 DIE BEHAVIORISTIESE MODEL</b>	<b>97</b>
<b>5.5 PIAGET SE KOGNITIEWE BENADERING</b>	<b>97</b>



<b>5.6 LOUW (1990) SE BESKRYWING VAN ADOLESSENSIE</b>	<b>98</b>
<b>5.7 DIE HUMANISTIESE MODEL</b>	<b>99</b>
<b>5.8 LEWIN IN LOUW (1990) SE BESKOUIING</b>	<b>99</b>
<b>5.9 ERIKSON (1995) SE BESKRYWING</b>	<b>100</b>
<b>5.10 ERIKSON (1995) SE PSIGOSOSIALE MODEL</b>	<b>100</b>
<b>5.11 SAMEVATTING</b>	<b>103</b>

## **HOOFSTUK SES**

### **MOONTLIKE VOORDELE EN BYDRAE VAN SHIP<sup>®</sup> BY ADOLESSENTE TENNISPELERS**

<b>6.1 INLEIDING</b>	<b>105</b>
<b>6.2 GALLWEY (1974) SE BESKOUIING VAN SELF 1 EN SELF 2</b>	<b>105</b>
<b>6.3 DYER (1990) SE BESKOUIING VAN SUKSES</b>	<b>106</b>
<b>6.4 DIE VLOEISTAAT</b>	<b>106</b>
<b>6.5 POTENSIAAL EN KAPASITEIT</b>	<b>107</b>
<b>6.6 SCHLEBUSH (2002) SE OPTIMALE FUNKSIONERING</b>	<b>108</b>
<b>6.7 TAAKORIËNTASIE / EGO-ORIËNTASIE – STEYN (2001)</b>	<b>110</b>



<b>6.8 SAMEVATTING</b>	<b>111</b>
------------------------	------------

## **HOOFSTUK SEWE**

### **METODOLOGIE**

<b>7.1 INLEIDING</b>	<b>112</b>
<b>7.2 NAVORSINGSONTWERP</b>	<b>112</b>
<b>7.3 DOELWIT VAN STUDIE</b>	<b>112</b>
<b>7.4 PROEFPERSONE</b>	<b>113</b>
<b>7.5 KWANTITATIEWE ANALISE</b>	<b>114</b>
7.5.1 Psigometriese toetse	114
7.5.2 Programbeplanning	116
7.5.3 Eksperimentele ontwerp	117
7.5.4 Steekproef	117
7.5.5 Data insameling	117
7.5.6 Data analise	118
(a) Beskrywende statistiek	118
(b) Inferensiële statistiek	118
1. Mann-Whitney U -Toets	118
2. Friedman se rangorde toets vir gekorreleerde steekproewe	119
3. Pearson se Produk Moment Korrelasies	119
<b>7.6 KWALITATIEWE ANALISE</b>	<b>119</b>
7.6.1 Kenmerke van die fenomenologiese benadering	120
7.6.2 Fenomenologiese konsepte	120
7.6.3 Stappe van analisering	121
7.6.4 Verdere evaluering	122



## HOOFSTUK AGT

### KWANTITATIEWE ANALISE

<b>8.1 INLEIDING</b>	<b>123</b>
<b>8.2 RESULTATE VAN DIE PSIGOMETRIESE TOETSE</b>	<b>123</b>
8.2.1 Beskrywende statistiek van die gemiddelde tellings van elke groep op elk van die subskale van die psigometriese toetse	124
8.2.2 Resultate van die analise van CSAI-2 subskaaftellings	129
8.2.3 Resultate van die analise van POMS subskaaftellings	131
8.2.4 Resultate van die analise van RYFF subskaaftellings	133
8.2.5 Resultate van die analise van die Dweck subskaaftellings	135
8.2.6 Resultate van die korrelasies van die subskaaftellings van die vier psigometriese toetse met mekaar	136
<b>8.3 RESULTATE</b>	<b>143</b>
8.3.1 Opsomming van resultate	144

## HOOFSTUK NEGE

### KWALITATIEWE ANALISE

<b>9.1 INLEIDING</b>	<b>147</b>
<b>9.2 KWALITATIEWE ANALISE</b>	<b>148</b>
<b>SUBJEKTE EEN TOT SES</b>	
9.2.1 <b>STAP EEN:</b> Holistiese begrip van die beskrywing	148
9.2.2 <b>STAP TWEE:</b> Afbakening van betekeniseenhede	148
9.2.3 <b>STAP DRIE:</b> Transformasie na sielkundige terme	159



9.2.4	<b>STAP VIER:</b> Identifisering van sentrale temas van ervaring	180
<b>SUBJEKTE SEWE TOT TIEN</b>		
9.2.5	<b>STAP EEN:</b> Holsitiese begrip van die beskrywing	181
9.2.6	<b>STAP TWEE:</b> Afbakening van betekeniseenhede	181
9.2.7	<b>STAP DRIE:</b> Transformasie na sielkundige terwe	188
9.2.8	<b>STAP VIER:</b> Identifisering van sentrale temas van ervaring	202
9.3	<b>BESPREKING VAN SENTRALE TEMAS VAN ERVARING VAN SUBJEKTE EEN TOT TIEN</b>	202
9.4	<b>UITTREKSELS EN BESPREKINGS VAN SHIP<sup>®</sup>-SESSIES</b>	206
9.5	<b>BESPREKING VAN ONDERHOUDE MET AFRIGTERS VAN SUBJEKTE EEN TOT SES</b>	221
9.6	<b>BESPREKING VAN ONDERHOUDE MET SUBJEKTE VIER, VYF EN SES; SES MAANDE NA DIE INTERVENSIE</b>	223
9.7	<b>OPSOMMING</b>	225
 <b>HOOFSTUK TIEN</b>  <b>BESPREKING EN KONKLUSIE</b>		
10.1	<b>INLEIDING</b>	227
10.2	<b>RESULTATE</b>	227
10.2.1	Opsomming en bespreking van kwantitatiewe resultate	227
10.2.2	Samevatting van kwalitatiewe resultate	230
10.3	<b>SAMEVATTING</b>	236
10.4	<b>BEPERKINGS VAN DIE STUDIE</b>	238



<b>10.5 AANBEVELINGS</b>	<b>239</b>
<b>VERWYSINGS</b>	<b>240</b>
<b>AANHANGSEL A</b>	<b>256</b>
<b>AANHANGSEL B1</b>	<b>282</b>
<b>AANHANGSEL B2</b>	<b>283</b>
<b>AANHANGSEL B3</b>	<b>284</b>
<b>AANHANGSEL B4</b>	<b>286</b>
<b>AANHANGSEL B5</b>	<b>288</b>
<b>AANHANGSEL B6</b>	<b>289</b>
<b>AANHANGSEL B7</b>	<b>291</b>
<b>AANHANGSEL B8</b>	<b>293</b>
<b>AANHANGSEL B9</b>	<b>295</b>
<b>AANHANGSEL B10</b>	<b>296</b>
<b>AANHANGSEL B11</b>	<b>297</b>
<b>AANHANGSEL B12</b>	<b>298</b>
<b>AANHANGSEL B13</b>	<b>299</b>
<b>AANHANGSEL C1</b>	<b>300</b>
<b>AANHANGSEL C2</b>	<b>302</b>
<b>AANHANGSEL D</b>	<b>304</b>
<b>AANHANGSEL E</b>	<b>305</b>
<b>AANHANGSEL F</b>	<b>306</b>
<b>AANHANGSEL G</b>	<b>308</b>
<b>AANHANGSEL H</b>	<b>310</b>



## LYS VAN DIAGRAMME

<b>Diagram</b>	<b>Bladsy</b>
1. Lewensontwikkelingsmodel – Danish & D’Augelli (1983)	<b>34</b>
2. Intervensie voor, tydens of na kompetisie – Murphy (1995)	<b>35</b>
3. Die vyf fase Model van Kirschenbaum (1984)	<b>39</b>
4. Prestasieprofiel – Butler & Hardy (1992) in Weinberg & Gould (2007)	<b>41</b>
5. Die self – JOS (2002)	<b>48</b>
6. Persoonlikheidsattribute – JOS (2002)	<b>50</b>
7. Die proses van SHIP <sup>®</sup>	<b>51</b>
8. Diskonneksie van dele van die self – JOS (2002)	<b>52</b>
9. Hanteringstyle – JOS (2002)	<b>54</b>
10. Spontane ritme van die self – JOS (2002)	<b>56</b>
11. Gediskonnekteerde dele van die self – JOS (2002)	<b>60</b>
12. Intrasistemiese ketteingekspresie – JOS (2002)	<b>63</b>
13. Intrasistemiese ketteingekspresie – JOS (2002)	<b>64</b>
14. Die effek van SHIP <sup>®</sup> op die resultaat en uitkoms van ignorering van die Intrasistemiese ketteingekspresie op die langtermyn – JOS (2002)	<b>67</b>
15. Integrasie van teenoorgesteldes – JOS (2002)	<b>68</b>
16. Prosesstappe van die mens tydens SHIP <sup>®</sup> – JOS (2002)	<b>69</b>
17. Raamwerk – JOS (2002)	<b>75</b>
18. Die proses van SHIP <sup>®</sup>	<b>85</b>
19. Spontanehelingsproses – JOS (2002)	<b>86</b>
20. Vloeimodel van Kimiecik & Stein in Weinberg & Gold (2007)	<b>107</b>
21. Hantering van stres – Schlebusch (2002)	<b>109</b>

## LYS VAN TABELLE

<b>TABEL</b>	<b>Bladsy</b>
1. Beskrywende statistiek per groep op die subskale van die CSAI-2 toets	<b>124</b>
2. Beskrywende statistiek per groep op die subskale van die POMS toets	<b>125</b>
3. Beskrywende statistiek per groep op die subskale van die RYFF toets	<b>126</b>
4. Beskrywende statistiek per groep op die subskale van die Dweck toets	<b>128</b>
5. Korrelasies tussen die subskale van die psigometriese toetse	<b>136</b>
6. Korrelasies tussen die subskale van die psigometriese toetse (vervolg)	<b>139</b>

Nie parametriese toetse om te bepaal of statisties beduidende verskille tussen die eksperimentele en kontrole groepe bestaan op die subskale van die CSAI-2 toets.

7. Mann-Whitney Toets	<b>256</b>
8. Toets statistiek(b)	<b>257</b>
9. Friedman Toets	<b>258</b>
10. Toets statistiek(a)	<b>258</b>
11. Friedman Toets	<b>259</b>
12. Toets statistiek(a)	<b>259</b>
13. Friedman Toets	<b>260</b>
14. Toets statistiek(a)	<b>260</b>

Nie parametriese toetse om te bepaal of statisties beduidende verskille tussen die eksperimentele en kontrole groepe bestaan op die subskale van die POMS toets

15. Mann-Whitney Toets	<b>261</b>
16. Toets statistiek(b)	<b>262</b>
17. Mann-Whitney Toets	<b>262</b>
18. Toets statistiek(b)	<b>263</b>
19. Friedman Toets	<b>264</b>
20. Toets statistiek(a)	<b>264</b>
21. Friedman Toets	<b>265</b>
22. Toets statistiek(a)	<b>265</b>



<b>23.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>266</b>
<b>24.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>266</b>
<b>25.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>267</b>
<b>26.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>267</b>
<b>27.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>268</b>
<b>28.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>268</b>
<b>29.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>269</b>
<b>30.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>269</b>

Nie parametrise toetse om te bepaal of statisties beduidende verskille tussen die eksperimentele en kontrole groepe bestaan op die subskale van die RYFF toets

<b>31.</b>	<b>Mann-Whitney Toets</b>	<b>270</b>
<b>32.</b>	<b>Toets statistiek(b)</b>	<b>271</b>
<b>33.</b>	<b>Mann-Whitney Toets</b>	<b>271</b>
<b>34.</b>	<b>Toets statistiek(b)</b>	<b>272</b>
<b>35.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>273</b>
<b>36.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>273</b>
<b>37.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>274</b>
<b>38.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>274</b>
<b>39.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>275</b>
<b>40.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>275</b>
<b>41.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>276</b>
<b>42.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>276</b>
<b>43.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>277</b>
<b>44.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>277</b>
<b>45.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>278</b>
<b>46.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>278</b>

Nie parametrise toetse om te bepaal of statisties beduidende verskille tussen die eksperimentele en kontrole groepe bestaan op die subskale van die Dweck toets

<b>47.</b>	<b>Mann-Whitney Toets</b>	<b>279</b>
<b>48.</b>	<b>Toets statistiek(b)</b>	<b>279</b>
<b>49.</b>	<b>Friedman Toets</b>	<b>280</b>
<b>50.</b>	<b>Toets statistiek(a)</b>	<b>280</b>



51.	Friedman Toets	281
52.	Toets statistiek(a)	281

## LYS VAN FIGURE

FIGUUR		Bladsy
1.	Gemiddelde tellings van die eksperimentele en kontrole groepe op subskale van die CSAI-2 oor tyd	129
2.	Gemiddelde tellings van die eksperimentele en kontrole groepe op subskale van die POMS oor tyd	131
3.	Gemiddelde tellings van die eksperimentele en kontrole groepe op subskale van die POMS toets oor tyd (vervolg)	132
4.	Gemiddelde tellings van die eksperimentele en kontrole groepe op subskale van die RYFF toets oor tyd	133
5.	Gemiddelde tellings van die eksperimentele en kontrole groepe op subskale van die Ryff toets oor tyd (vervolg)	134
6.	Gemiddelde tellings van die eksperimentele en kontrole groepe subskale van die Dweck toets oor tyd	135

## HOOFSTUK EEN

### DIE EFFEK VAN SHIP<sup>®</sup> (SPONTANEHELING INTRASISTEMIESE PROSES) BY ADOLESSENTE TENNISPELERS

#### 1.1 INLEIDING

Hierdie studie handel oor die effek van SHIP<sup>®</sup> (Spontaneheling Intrasistemiese Proses) by adolessente tennisspelers en die waarde daarvan ten opsigte van die ontwikkeling van sielkundige potensiaal van spelers. Die navorser is van mening dat net soos die tegnologie in sport ontwikkel, dit ook belangrik is dat die rol van sielkunde in sport ontwikkel. Daar bestaan 'n groot aantal psigoterapeutiese intervensies en tegnieke wat suksesvol in sport toegepas word, byvoorbeeld: beelding, progressiewe ontspanning, hipnose, sistematiese desensitisasie en stresinokulasie-oefeninge. Die belang van hierdie studie is dat SHIP<sup>®</sup> as psigoterapeutiese intervensie nog nie tevore op sportdeelnemers nagevors is nie.

#### 1.2 LITERATUUROORSIG

Bronne oor SHIP<sup>®</sup> is beperk omrede dit 'n inheemse terapie is wat in Suid-Afrika deur Steenkamp ontwikkel is. Literatuur voor die jaar 2000 is skraal, omdat min empiriese navorsing gedoen is om die effek van SHIP<sup>®</sup> wetenskaplik te ondersoek. Die studie leun sterk op die oorspronklike skrywe van Steenkamp en twee hooffigure in SHIP<sup>®</sup> naamlik Van der Walt (2003) en Flett (2004) se ongepubliseerde kongres lesings.

Sport is vandag een van die grootste bedrywe in die wêreld. Die belangrikheid van sport in Suid-Afrika is duidelik waarneembaar in die groot aantal artikels oor sport in die media. Hierdie belangrike posisie van sport is nie slegs te danke aan die verbetering van lewenskwaliteit en gesondheid nie, maar dui ook op die groeiende wetenskaplike bestudering van sport. Sport as wetenskap bestaan uit ondermeer Biokinetika, Oefenkunde, Biomeganika, Sportsielkunde,

Oefenfisiologie en verskeie ander deeldissiplines. Hierdie studie fokus in die besonder op Sportsielkunde.

Weinberg en Gould (2007) stel die definisie van Sport- en Oefensielkunde as die wetenskaplike bestudering van mense en hul gedrag tydens sport en oefening, en die praktiese toepassing van die kennis. Sportsielkunde het ook spesifieke doelwitte. Weinberg en Gould (2007) identifiseer twee hoofstrome ten opsigte van die bestudering van Sport- en Oefensielkunde. Eerstens behels dit die verstaan van hoe deelname aan sport en oefening 'n persoon se gesondheid, welstand en sielkundige ontwikkeling beïnvloed. Tweedens is sportsielkundiges gemoeid met navorsing, die onderrig van sportsielkundige vaardighede en konsultering.

Die sielkundige aspekte verbonde aan sport is 'n besonder belangrike fokusarea vir sportsielkundiges tydens navorsing, onderrig van sportsielkundige vaardighede en konsultering. Spesifieke sielkundige aspekte wat 'n belangrike rol in sport speel, is angs, spanning, selfvertroue, konsentrasie en motivering. Weinberg en Gould (2007) is van mening dat Olimpiese en professionele atlete gedurig met stres, angs en die vermoë om gefokus en gemotiveerd te bly, gekonfronteer word, asook hoe om hul selfvertroue tydens oefeninge en kompetisies te verhoog. Om bogenoemde aspekte te verbeter, kan gebruik gemaak word van terapeutiese tegnieke, soos byvoorbeeld beelding, doelwitstelling, selfspraak, angsvlakregulering en tegnieke om konsentrasie te verskerp. Weinberg en Gould (2007) wys daarop dat atlete wat blootgestel word aan sodanige tegnieke, laer angsvlakke, hoër vlakke van selfvertroue en beter konsentrasie toon, terwyl dit hulle ook meer taakgerig maak. Die slotsom is dat die toepassing van sielkundige tegnieke in sportprestasie kan verbeter en dat sielkundige aspekte ten opsigte van topprestasies in sport 'n baie groot rol speel.

Williams (1986) is van mening dat topprestasies in sport kenmerkend is van die wonderoomblikke wanneer 'n atleet alles tegelyk inspan, beide psigies en fisiek. 'n Goeie voorbeeld van die belang van sielkundige aspekte in sport lê opgesluit in

die beskouing van Du Toit (1993), naamlik dat sukses in tennis 25% afhanklik is van goeie houe en 75% van sielkundige oorsprong is. Weinberg en Gould (2007) beklemtoon verder die belangrikheid van sielkundige aspekte in sport deur daarop te wys dat alle sportsoorte ten minste 50% psigies georiënteerd is, en tennis en gholf tot 95%.

Volgens Hays (1989) fokus die meeste navorsing in Sportsielkunde daarop om prestasie te verbeter deur gebruik te maak van intervensies en tegnieke soos byvoorbeeld beelding, ontspanningstegnieke en doelwitformulering, terwyl min aandag geskenk word aan hoe sielkundiges die vaardighede kan toepas. Bogenoemde probleem oor die toepassing van intervensies sal in hierdie studie aangespreek word deur 'n duidelike uiteensetting van die rasionaal en toepassing van SHIP<sup>®</sup>. SHIP<sup>®</sup> fokus op heling en groei deur op die unieke proses van die kliënt te konsentreer, sodat die kliënt sy volle potensiaal kan bereik.

Rushall (1979) is van mening dat sportspesifieke psigologiese intervensies fokus op situasies, gedrag, karaktereenskappe van sport en deelnemers vermy psigiese konstrakte soos determinasie en ander aspekte verbonde aan sport, byvoorbeeld die effek van afrigting en spesifiek die invloed van die afrigter.

Een van hierdie studie se doelwitte is om in samewerking met die afrigters die spelers se vordering tydens oefening en kompetisie te monitor. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat hierdie studietekorte by navorsing in Sportsielkunde en sportspesifieke psigologiese intervensies daaruit bestaan dat spelers se vordering tydens oefening en kompetisie nie saam met afrigters gemonitor word nie. Die tekort word in die studie aangespreek deurdat een van die doelwitte van die studie juis is om die spelers se vordering tydens oefening en kompetisie in samewerking met afrigters te monitor.

Soos reeds genoem, handel die studie oor die effek van SHIP<sup>®</sup> by tennisspelers, waar die fokus op psigologiese prosesse val. Assaiante (1981) beklemtoon die belangrikheid van psigiese voorbereiding in tennis. Hy is van mening dat neurale

patrone, sowel as motoriese response en neuromuskulêre koördinasie deur psigiese voorbereiding versterk word. 'n Verdere motivering vir die belang van hierdie studie is Murphy (1995) se beskouing dat navorsing oor psigologiese prosesse en die effek daarvan op individuele atlete se prestasie belangrik is vir die toekoms van Sportsielkunde. Hanin (2000) is ook van mening dat daar 'n groot leemte in die bestudering van emosies en sportprestasies bestaan.

### **1.3 SELKUNDIGE VAARDIGHEIDSOPLEIDING**

Soos genoem, bestaan daar verskeie sielkundige tegnieke wat in sport toegepas en nagevors is, byvoorbeeld beelding, doelwitstelling, selfvertroue, opwekking, regulering en konsentrasie (Weinberg & Gould, 2007). Volgens Gill (2000) verwys beelding na die kognitiewe herkonstruksie en herhaling van 'n spesifieke ervaring in sport. Doelwitstelling behels die samestelling van gewenste doelwitte deur die atleet en dit gaan met motivering gepaard (Moran, 2004). Selfvertroue behels die speler se geloof in sy eie vermoëns (Weinberg & Gould, 2007). Opwekking verwys na die energie wat vir 'n atleet nodig is om in sport te presteer (Martens, Vealey & Burton, 1990). Konsentrasie verwys na die fokus van aandag op die taak wat verrig moet word (Harris & Harris, 1984).

Sanchez en Lesyk (2001) en Wann en Church (1998) wys daarop dat sielkundige vaardighede deur die volgende tegnieke verbeter kan word. Beelding kan verbeter word deur 'n gestruktureerde benadering te volg, deur byvoorbeeld die visualisering van 'n spesifieke kompetisie (Nideffer, 1985). Doelwitstelling is die daarstelling van spesifieke, realistiese, meetbare doelwitte sodat uiteindelijke prestasie kan verbeter (Bull, Albinson & Shambrook, 1996; Moran, 2004). Selfvertroue kan deur positiewe kondisionering en progressiewe ontspanningsoefeninge gereguleer word (Weinberg & Gould, 2007). Konsentrasie kan deur selfspraak verbeter word (Moran, 2004).



## **1.4 SIELKUNDIGE VAARDIGHEIDSOPLEIDINGSPROGRAMME**

Daar bestaan verskillende sielkundige vaardigheidsopleidingsprogramme wat ten doel het om sielkundige vaardighede aan te leer en te verbeter (Mamassis & Doganis, 2001; Wann & Church, 1998). Sulke programme is suksesvol op professionele tennisspelers toegepas (Landin & Macdonald, 1990; Mamassis & Doganis, 2001; Rolo, Paula Brito & Colaco, 2001), sowel as op jong tennisspelers (Mamassis & Doganis, 2001). Die bogenoemde persone het bewys dat sielkundige vaardighede belangrik is by 'n spel soos tennis en dat spelers by sielkundige vaardigheidsopleidingsprogramme baat vind.

## **1.5 PROBLEEMSTELLING**

In die laat 1920's het Jacobson die tegniek van progressiewe ontspanning ontwikkel. Joseph Wolpe het die tegniek van sistematiese desensitisasie ontwikkel. Johannes Schultz, 'n Duitse geneesheer, het in die 1920's outogenetiese oefeninge ontwikkel. Meichenbaum het in 1977 stresinokulasie-oefeninge ontwikkel (Potgieter, 2003). Bogenoemde is psigoterapeutiese tegnieke wat uit die hoofstroom-Sielkunde ontwikkel is en suksesvol in Sportsielkunde toegepas word. SHIP<sup>®</sup> is ontwikkel deur Steenkamp wat ook gebruik maak het van hoofstroom-Sielkundige denke. Uit die voorgenoemde voorbeeld is dit duidelik dat die sportsielkundige tegniekontwikkeling verder gevoed is deur bestaande kliniese en terapeutiese tegnieke in die Sielkunde. Die kernprobleem van hierdie studie is dat die waarde van SHIP<sup>®</sup> as psigoterapeutiese intervensiemetode nog nooit tevore binne 'n sportsielkundige konteks getoets is nie.

Die aanname word gemaak dat SHIP<sup>®</sup> nie net terapeutiese waarde het nie, maar ook 'n effek op die potensiaal en kapasiteit van die sportdeelnemer kan uitoefen. Hierdie hipotetiese aanname word gemaak, omdat die navorser die tegniek self intensief toepas binne 'n psigoterapeutiese konteks, en klinies waargeneem het dat daar ná 'n tydperk sielkundige groei en kapasiteit by die kliënt ontwikkel het.

Die kernredenasie is dat die probleemoplossingsone in 'n potensiaalontwikkeling kan oorgaan wat die selfaktualisering van die deelnemer verder kan verwerklik. Tydens die proses is meer lewensenergie beskikbaar vanweë die feit dat verdedigingsenergie nou weer vry is. Verdedigingsenergie is energie wat deur die individu gebruik word vir huidige probleme of probleme van die verlede wat nog nie deurgewerk is nie. Die energie verdedig die individu se sisteem teen probleme en die ongemaklike ervarings daarvan, en terselfdetyd inhibeer verdedigingsenergie potensiaalontwikkeling. Sodra die probleme deurgewerk is, is daar meer lewensenergie beskikbaar.

## 1.6 DOELWIT VAN STUDIE

Die doel van die studie is om te bepaal wat die moontlike sielkundige bydrae van SHIP<sup>®</sup> tot die sielkunde van die tennisspeler is.

### Subdoelwitte

- Die eerste subdoelwit is om te bepaal wat die effek van SHIP<sup>®</sup> op die spelers se kognitiewe angs en selfvertroue is.
- Die tweede subdoelwit is om die effek van SHIP<sup>®</sup> op die spelers se **gemoedstoestand** (spanning-angs, depressie, woede-vyandigheid, vigor, afgematheid, verwarring) en **sielkundige welstand** (outonomieit, omgewingsbemeestering, persoonlike groei, doelgerigheid, selfaanvaarding, positiewe verhoudings, groei-ingesteldheid en entiteit-ingesteldheid) te bepaal.
- Die derde subdoelwit is om met 'n kwalitatiewe werkswyse te bepaal wat die effek van SHIP<sup>®</sup> op die hanteringstyle, beheer van konsentrasie en aandag, stresbeheer en die genot van die speler is.
- Die vierde subdoelwit is om te bepaal of SHIP<sup>®</sup> waarde in die Sportsielkunde het.

## 1.7 NAVORSINGSMETODE

Hierdie studie bestaan uit kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes. Primêr val die klem op die kwantitatiewe navorsingsmetode. Die kwalitatiewe navorsingsmetode sal as komplement van die kwantitatiewe navorsing dien.

## 1.8 PROEFPERSONE

Die subjekte wat aan die studie deelgeneem het, bestaan uit tien adolessente (vier manlike en ses vroulike) tennisspelers wat verbonde is aan 'n tennisskool. Die eksperimentele groep bestaan uit ses tennisspelers (twee manlik en vier vroulik) wat 'n reeks psigometriese toetse afgelê het en deur SHIP<sup>®</sup> behandel is. Die kontrole groep bestaan uit vier tennisspelers (twee manlik en twee vroulik) wat nie deur SHIP<sup>®</sup> behandel is nie, maar wel die psigometriese toetse afgelê het.

Bogenoemde kriteria word gebruik, omdat die studie primêr fokus op die sielkundige aspekte van die spelers, en nie op die aanleer van die spel nie. Die navorser is van mening dat spelers wat tussen twaalf en agtien jaar oud is en op provinsiale vlak of hoër meeding, reeds die spel bemeester het en volwasse genoeg is om op hulle eie sielkundige prosesse te fokus en daaraan te werk. Dit is van kardinale belang vir die navorsing. Aan die einde van die intervensie word daar deur die navorser onderhoude gevoer met die afrigters van die spelers om vas te stel of hulle enige verandering by die spelers waargeneem het. Laasgenoemde het ten doel om nie net 'n subjektiewe persepsie te verkry van die spelers wat blootgestel word aan die intervensie nie, maar ook 'n objektiewe persepsie te bekom van die afrigters wat direk by die spelers betrokke is. Ses maande na die intervensie gaan onderhoude met drie spelers gevoer word om te bepaal of enige verandering wat plaasgevind het tydens SHIP<sup>®</sup> blywend is.

## 1.9 NAVORSINGSONTWERP

Die studie is geskoei op 'n tradisionele eksperimentele ontwerp wat gebruik maak van 'n eksperimentele- en kontrole groep. Verder leen die studie aspekte van Pieterse (2004) se enkelproefpersoon-navorsingsontwerp. Pieterse (2004) beskou die enkelproefpersoon-navorsingsontwerp as belangrik en toepaslik vir toegepaste sportsielkundige navorsing. Hy lê klem op die verbruikersvriendelikheid van die enkelproefpersoon-navorsingsontwerp in toegepaste situasies. Pieterse (2004) wys ook daarop dat die bogenoemde ontwerp 'n hoë graad van eksterne geldigheid het en dat die effek van die intervensie gedemonstreer kan word.

Pieterse (2004) identifiseer die volgende voordele van die enkelproefpersoon-navorsingsontwerp:

- Die ontwerp maak dit vir die navorser moontlik om kritiese aspekte van sportprestasie binne 'n ekologiesgeldige milieu waar te neem.
- Die kleiner getal proefpersone maak dit vir die navorser makliker om proefpersone in 'n ekologiesgeldige sportomgewing te werf as wat by groepsontwerpe die geval sou wees.
- Vanweë die aard van die ontwerp dat proefpersone intervensies op verskillende tye ontvang, is daar nie weerstand van afrigters wat voel dat proefpersone tyd verspil in groepe nie.
- Al die proefpersone word tydens die projek aan die basislyn en intervensie blootgestel en onder al die toestande van die eksperiment bestudeer.

## 1.10 PROGRAMIMPLEMENTERING EN EVALUERING

Die enkelproefpersoon-navorsingsontwerp behels dat evaluerings gedoen word op tien subjekte voordat die SHIP<sup>®</sup> intervensieprogram 'n aanvang neem. Ses subjekte word deur SHIP<sup>®</sup> intervensieprogram behandel en vier subjekte lê slegs die onderhoude en psigometriese toetse af. Die evaluerings word regdeur die intervensieprogramtydperk voortgesit, tot en met een maand na die beëindiging van die intervensieprogram.

Die navorser voer voor die intervensie onderhoude met die spelers. Die onderhoude word volgens 'n halfgestruktureerde onderhoudsriglyn gevoer. Dit is halfgestruktureerd, aangesien vooropgestelde vrae aan die spelers gevra word. Die vooropgestelde vrae dien slegs as riglyn vir die onderhoud. Die vrae handel oor die spelers se persepsies van hul swak- en sterkpunte, vordering en hoe hulle spanning of angs tydens tenniswedstryde ervaar en hanteer. Onderhoude word op band opgeneem, waarna dit getranskribeer en geanaliseer word. Tydens die analise van die data identifiseer en groepeer die navorser kategorieë, temas en patrone saam. Die bogenoemde metode stem ooreen met die prosedure van Giorgie (1987).

Met die evaluerings voor die intervensieprogram word 'n basislyn geskep. As daar veranderings tydens die intervensie tydperk plaasvind wat afwyk van hierdie basislyn, kan die veranderings betekenisvol wees. Vier verskillende psigometriese toetse word gebruik om hierdie basislyn, asook die veranderinge tydens die intervensie en na-intervensiefases te bepaal. Die toetse is die CSAI-2 (Competitive State Anxiety Inventory 2), Ryff se sielkundige welstandskaal, Dweck se selfteorie-vraelys en die POMS (Profile of Mood States).

Tydens uitkomsevaluering word die afrigters gevra om hul eie unieke lys van probleme met spelers op te stel en dit elke twee maande te meet.

Aan die einde van die intervensie word daar onderhoude gevoer met afrigters en drie subjekte wat deur SHIP<sup>®</sup> behandel is om te bepaal of daar enige verandering by die spelers plaasgevind het. Vrae handel oor hoe die spelers spanning en angs tydens tenniswedstryde ervaar en hanteer, hul vordering en hulle sterk- en swakpunte.

### **1.11 Die verloop van SHIP<sup>®</sup>**

Tydens die eerste sessie bespreek die subjek die rede vir konsultasie, waarna die subjek gevra word om 'n persoonlike lewenskets van ongemaklike gebeurtenisse te skryf. Die doel van die lewenskets is om die kliënt bewus te maak van vergete traumatiese gebeurtenisse en om inligting beskikbaar te stel aan die SHIP<sup>®</sup> fasiliteerder. Die SHIP<sup>®</sup> fasiliteerder gebruik hierdie inligting tydens SHIP<sup>®</sup> om spontanehelings te bevorder.

Dit word aan die kliënt verduidelik dat traumatiese gebeurtenisse 'n mens konfronteer met 'n wyse van stresshantering. Soms kan die traumatiese gebeurtenis te veel wees om te hanteer, wat 'n diskonnektering van die gebeurtenis en belewenis kan veroorsaak. Namate gediskonnekteerde informasie te veel word, kan 'n intrasistemiese stresreaksie voorkom. 'n Intrasistemiese stresreaksie gaan gewoonlik gepaard met intense gevoelens van angs, depressie, woede, nie goed genoeg voel nie, hulpeloosheid, selfverwyf, alleenheid en die persoon se ervaring dat hy of sy nie gemaklik is in sy wêreld nie.

Vervolgens word die werkwyse aan die kliënt verduidelik. Eerstens word aan die kliënt gesê dat daar van hom verwag gaan word om op 'n bed te lê en sy oë toe te maak. Daar word verduidelik dat die kliënt op die bed lê, om passiwiteit te bevorder, sodat die verdediging verlaag word en inhoud van die onbewuste makliker verskyn om spontanehelingsreaksies en ontladings van opgehoopte onverwerkte stres te bevorder. Die doel van die oë wat toegemaak word, is om beelde makliker te kan herroep. Vervolgens word daar aan die kliënt gesê dat

daar gefokus gaan word op die traumatiese gebeurtenisse en beelde uit die verlede, sowel as op enige fisieke en emosionele ongemak. Die doel van bogenoemde is om te konnekteer met gediskonnekteerde informasie, om sodoende spontaneheling te bevorder.

Die rede waarom daar op die intrasistemiese fisieke ongemak gefokus word, word verduidelik aan die hand daarvan dat as 'n mens byvoorbeeld spanning beleef, dit ook fisiek gevoel kan word, soos in die vorm van hoof-, maag- en laerugpyn. Die proses word verduidelik aan die hand daarvan dat 'n mens se hele lewe 'n proses is waar jy byvoorbeeld leer om traumatiese gebeurtenisse te hanteer. Wanneer die energie rondom sodanige gebeurtenisse nie tydens die gebeurtenisse suksesvol ontlai is nie, word dit in die liggaam gestoor. Tydens die proses van spontaneheling word hierdie energie deur middel van onwillekeurige liggaamsreaksies ontlai. In SHIP<sup>®</sup> word daar verwys na hierdie liggaamsreaksies as spontanehelingsreaksies.

Laastens word aan die kliënt verduidelik dat daar in die proses van SHIP<sup>®</sup> van 'n raamwerk gebruik gemaak gaan word. Die eerste deel van hierdie raamwerk behels die lewensskets van traumatiese gebeurtenisse, en die tweede deel behels beelde wat as aktiveerders van gediskonnekteerde informasie dien.

## **1.12 SHIP<sup>®</sup> EN TENNIS**

Tydens SHIP<sup>®</sup> vind spontaneheling in die hede plaas. Spontaneïteit en om te fokus op die hede is volgens die navorser belangrike aspekte vir prestasie in tennis. Die spel is fisiek van aard en dit is belangrik om tydens 'n kompetisie jouself te wees.

In die ongepubliseerde artikel van Schoeman (2003) word aangedui dat SHIP<sup>®</sup> gebruik maak van beelding en visualisering om die helingsproses te lei. Uit ervaring as tennisafrigter is die navorser van mening dat beelding en

visualisering psigoterapeutiese tegnieke is wat suksesvol in tennis toegepas word.

Arnold (2003) skryf dat die uniekheid van kliënte in SHIP<sup>®</sup> baie belangrik is. Sy identifiseer die volgende kerneienskappe wat in SHIP<sup>®</sup> in gedagte gehou moet word:

- Elke mens is verskillend.
- Kliënte moet met warmte en respek behandel word.
- Die fasiliteerder moet 'n klimaat skep waar die kliënt hom/haarself kan wees.
- Die fasiliteerder sien distres nie as patologie nie, maar as 'n geleentheid vir groei.

Sport toon ooreenkomste met Arnold (2003) se *kerneienskappe*. In tennis speel alle spelers nie presies dieselfde nie. Elke speler speel en ontwikkel volgens sy/haar unieke vermoëns. Tydens afrigting in tennis is dit belangrik dat spelers met respek behandel word en dat 'n klimaat geskep word waar die speler hom/haarself kan wees. Groei as kerneienskap wat deur Arnold (2003) en Van der Walt (2003) geïdentifiseer is, is baie belangrik in tennis.

Strydom (2003) wys daarop dat groei inherent is aan die kliënt en nie die terapeut nie. Dit is 'n siening wat ooreenstem met die algemene sportsielkundige beskouing dat deelnemers oor inherente potensiaal beskik en dat potensiaal en kapasiteit ontwikkel kan word.

Van Huysteen (2003) sien ervarings as prosesse in ouderdomspesifieke kognisies. Volgens haar is die prosesse komplekse gelyktydige prosesserings van ervarings waar fisieke en psigiese sisteme gebruik word.

Coetzee (2003) lê klem op die kliënt se vlak van bewustheid tydens SHIP<sup>®</sup>. In tennis is dit belangrik dat die speler deurentyd bewus is van sy/haar



belewenisse. Die navorser is van mening dat belewenisse 'n refleksie van die realiteit is. Deur bewus te wees daarvan kan spelers dit gebruik om beter te presteer.

Uit bogenoemde ongepubliseerde artikels van Van der Walt (2003), Arnold (2003), Van Huysteen (2003), Strydom (2003), Coetzee (2003) en Schoeman (2003), is dit duidelik dat SHIP<sup>®</sup> in die sportwêreld toepaslik is.

### **1.13 SAMEVATTING**

Tennis is 'n hoogs-kompeterende sport met die klem op prestasie. Tennis stel psigiese sowel as fisieke vereistes aan spelers waar die speler met die beste psigiese en fisieke kwaliteite die meeste van die tyd die wenner is.

Die navorser is van mening dat hierdie studie vir tennis relevant is, omdat dit die volgende belangrike sake aanraak:

- SHIP<sup>®</sup> is relevant ten opsigte van die akademie, omdat dit nog nie voorheen as intervensiestudie op tennisspelers nagevors is nie.
- SHIP<sup>®</sup> is relevant ten opsigte van praktiese uitvoering. SHIP<sup>®</sup> bestaan uit sessies waar die speler en navorser op 'n gereelde basis bymekaarkom, aktief werk en fokus op die speler se vordering.
- Die fokus van SHIP<sup>®</sup> val op heling en groei wat baie belangrik is vir vordering in tennis.
- SHIP<sup>®</sup> is 'n holistiese proses wat op die fisieke sowel as sielkundige aspekte van die speler fokus en wat belangrik is om sukses te behaal in tennis.
- SHIP<sup>®</sup> fokus op die individu wat relevant is ten opsigte van tennis, omdat dit 'n individuele sportsoort is.
- SHIP<sup>®</sup> kan kwalitatief nagevors word omdat SHIP<sup>®</sup> fokus op die proses van die speler en omdat elke sessie verbatim neergeskryf word.



In hoofstuk twee gaan daar meer in diepte gekyk word na enkele aspekte van sielkundige modelle vanuit die hoofstroom-sielkunde wat in sport as intervensies toegepas word. Hoofstuk drie handel oor die intervensie SHIP<sup>®</sup> (Spontanehealing Intrasistemiese Proses) wat in hierdie studie op adolessente tennisspelers toegepas is. Hoofstuk vier bied 'n uiteensetting van die ooreenkomste en verskille tussen die modelle vanuit hoofstroom-Sielkunde en SHIP<sup>®</sup>. Hoofstuk vyf fokus spesifiek op adolessensie en die ontwikkelingsfases wat met adolessensie gepaard gaan. Hoofstuk ses gee 'n uiteensetting van die moontlike voordele wat SHIP<sup>®</sup> vir adolessente tennisspelers kan inhou. Hoofstuk sewe bespreek die metodologie wat vir hierdie studie gevolg is. Hoofstuk agt gee 'n uiteensetting van die kwantitatiewe navorsingsresultate en hoofstuk nege die kwalitatiewe navorsingsresultate. Hoofstuk 10 bied 'n samevatting en slotsom van die studie.

## HOOFSTUK TWEE

### MODELLE VANUIT HOOFSTROOM-SIELKUNDE WAT AS INTERVENSIES IN SPORT TOEGEPAS WORD

#### 2.1 INLEIDING

Doelgerigheid in die lewe as volgende komponent verwys na die speler se persepsie van die belangrikheid van sy bestaan en behels die stel en bereik van doelwitte, wat bydra tot 'n waardering van die lewe (Ryff, 1989; Ryff & Keyes, 1995). Miller (1997) beskou doelwitte as belangrik vir die strewe na sukses. Volwassenheid behels volgens Ryff (1989) 'n duidelike sin van intensionaliteit. Die stel en bereik van doelwitte kan inspirerend en motiverend wees vir spelers (Potgieter, 2003; Weinberg & Gould, 2007). Ryff (1989) en Ryff en Keyes (1995) beskryf die volgende komponent, positiewe verhoudings met ander, as 'n essensiële komponent in die ontwikkeling van vertroulike en volgehoue verhoudings, sowel as om deel te wees van 'n netwerk van kommunikasie en ondersteuning. Goeie verhoudings gee aanleiding tot die verstaan van ander, terwyl swak verhoudings frustrasie kan veroorsaak (Ryff, 1989). In groep 1 spanopsette lei positiewe verhoudings met ander na 'n verhoogde kennis en verbeterde sportprestasies. Die laaste komponent is selfaanvaarding. Selfaanvaarding is 'n fundamentele aspek van psigiese gesondheid en 'n element van optimale funksionering (Ryff, 1989; Ryff & Keyes, 1995). Gesonde vlakke van selfaanvaarding lei volgens Ryff (1989) tot 'n positiewe houding en verhoogde tevredenheid met die lewe. Selfaanvaarding behels die aanvaarding van die verlede en hede en die handhawing van rigting vir die toekoms (Ryff, 1989).

Die gemoedstoestande van spelers hou verband met Ryff (1989) en Ryff en Keyes (1995) se komponente van psigologiese welstand. 'n Positiewe gemoed kan lei tot verhoogde vlakke van psigologiese welstand, en 'n negatiewe gemoed tot laer vlakke van psigologiese welstand. Van den Auweele, De Cuyper, Van Mele en Rzewnicki (1994) beskryf elite-atlete as meer selfversekerd, sosiaal ekstrovert en minder beangs. Hulle besit beter meganismes om angs te beheer, konsentreer beter en maak gebruik van positiewe selfspraak. Die POMS (Profile of Mood States) van McNair, Lorr en Droppleman (1971) hou belofte in vir die meting van gemoedstoestande by sportlui. Morgan (1985) stel voor dat sportlui gekenmerk word deur die sogenoemde ysberg-profiel. Die profiel verwys na die verskynsel dat slegs een van hul POMS-tellings, naamlik vigor, bokant die

bevolkingsgemiddelde lê, terwyl hul tellings op die ander vyf dimensies (spanning, vermoeienis, woede, verwarring en depressie) gewoonlik onder die gemiddelde is. Oor die algemeen is sportlui geestelik gesond.

## **2.9 SAMEVATTING**

Uit hoofstuk twee is dit duidelik dat die psigodinamiese, behavioristiese, kognitiewe, humanistiese en neuro-linguistiese programmeringsmodelle toepassingsmoontlikhede in sport het. Soos in hoofstuk twee genoem, word sielkundige aspekte vanuit die hoofstroom-Sielkunde in sport toegepas deur gebruik te maak van vaardigheidsopleidingsprogramme wat in die psigo-opvoedkundige ontwikkelingsmodel gewortel is. Optimale prestasie in sport hou verband met die psigologiese welstand en gemoedstoestand van spelers. Hoofstuk drie fokus op die model wat in hierdie studie gebruik word, naamlik SHIP<sup>®</sup> en behels onder andere die rasionaal en toepassingsmoontlikhede van SHIP<sup>®</sup>.

## HOOFSTUK DRIE

### SHIP<sup>®</sup> (SPONTANEHELING INTRASISTEMIESE PROSES)

#### 3.1 INLEIDING

JOS het in 1986 SHIP<sup>®</sup> begin ontwikkel.  
(JOS, 2002)

Steenkamp het in 1986 SHIP<sup>®</sup> begin ontwikkel. In die handleiding verwys hy na homself as JOS die J en O is sy voorletters en die S staan vir die eerste letter van sy van. JOS se oorspronklike skrywe van SHIP<sup>®</sup> bied 'n terapeutiese uiteensetting wat beskryf kan word as tussen 'n praktiese dokument en 'n wetenskaplike dokument. Weens die inheemse aard van SHIP<sup>®</sup> is daar nog nie baie artikels gepubliseer oor die terapie nie en steun hierdie studie sterk op die handleidings asook op belangrike rolspelers van SHIP<sup>®</sup> in Suid-Afrika soos Van der Walt, Flett en Steenkamp.

Hoofstuk drie bied 'n wetenskaplike verduideliking van SHIP<sup>®</sup>, maar weens die eiesoortige problematiek daarvan mag die leser moontlik steeds met sekere vrae gelaat word. SHIP<sup>®</sup> is 'n akroniem vir spontaneheling intrasistemiese proses. Vervolgens word 'n uiteensetting van die bogenoemde konstrukte gegee.

#### 3.2 FUNDAMENTELE KONSTRUKTE VAN SHIP<sup>®</sup>

##### 3.2.1 Spontaneheling

Volgens JOS (2002) verwys Spontaneheling na die proses waar die interne wysheid van die kliënt die pas aangee om 'n balans in die rasonale denke, emosionele, fisieke en spirituele dimensies van die self te bereik. In SHIP<sup>®</sup> val die klem op die individuele aard of uniekheid van elke kliënt.


##### 3.2.2 Intrasistemies

JOS (2002) verwys na "intrasistemies" as al die komplementêre sub sisteme van die liggaam (die spysvertering-, respiratoriese-, neurale-, endokriene-, sirkulêre-, muskulêre-, skeletale-en immuunsisteme).

### 3.2.3 Proses

Volgens JOS (2002) impliseer 'n “proses” dat die fokus in SHIP<sup>®</sup> nie val op 'n spesifieke diagnose nie, maar op die innerlike belewenisse van die kliënt. JOS (2002) beskou die doel van SHIP<sup>®</sup> as die gebalanseerde verspreiding van energie in die sisteem wat tot groter doelgerigtheid, selfgeldigheid, spontaniteit en 'n sin van betekenis by die mens sal lei. Deur middel van diagram ses hierna oor die self word SHIP<sup>®</sup> verder verduidelik.

### 3.3 DIAGRAM VYF – DIE SELF



Die individuele spesifieke veld verwys na 'n persoon se gesonde vibrerende energieveld wat spesifiek tot die individu is. Die individuele spesifieke veld verteenwoordig alle vlakke van die persoon (fisiek, energie, psigies en spiritueel), sowel as ervaring en gebeurtenisse ('n verenigde netwerk van die verlede, hede en

potensiële toekomstige gebeurtenisse en verhoudings). Die betekenis van die individuele spesifieke veld is om alles van die self te beleef. Die individuele spesifieke veld is 'n persoon se energieverbintenis tussen die interne en eksterne wêreld en dien as 'n pad waardeur die energie van gediskonnekteerde informasie, siekte, spontaneheling en gekonnekteerdheid gekommunikeer word. Energie wat nie gekommunikeer word nie, lei tot die ontwikkeling van 'n spesifieke hanteringstyl. Die hanteringskonfigurasie is die manier waarop die persoon hom- of haarself deur potensialiteite aan die wêreld oordra.

JOS (2008).

### **Potensialiteit**

Potensialiteite verteenwoordig die manier waarop 'n persoon hom- of haarself reaktief of proaktief in alledaagse situasies oordra. Hierdie potensialiteite is van nature oop en interaktief en funksioneer as geskutuppoorte vir die uitsending van energie-informasie, beide vorentoe en agtertoe.

JOS (2008).

### **Gevriesde potensialiteit**

Tydens die diskonnektering van energie word die spesifieke potensialiteite geaffekteer deur 'n oormaat aan energie (byvoorbeeld te veel stres) en sluit dit die persoon af van die buitewêreld. SHIP<sup>®</sup> verwys na die afsluiting van die teenwoordigheid van potensialiteite as gevriesde potensialiteit.

JOS (2008).

### **Potensialiteitsketting**

Gevriesde potensialiteite wat verbind, vorm die potensialiteitsketting.

JOS (2008).

### **Spontaneheling**

Spontaneheling vind plaas wanneer gevriesde potensiaal integreer en die persoon spontaan na die individuele spesifieke veld beweeg. Die oopmaak van ervarings van energiesteurings as gevolg van die versteuring wat gelei het tot die ontwikkeling van hanteringstyle, sal spontanehelingsreaksies aktiveer. Vasgevangde energie word deur hierdie spontanehelingsreaksies vrygelaat.


JOS (2008).

JOS (2002) meen dat die menslike sisteem 'n inherente neiging tot heling het en dat die individuele spesifieke veld wil konnekteer. Hy reken dat hoe meer 'n mens eienaarskap neem vir gediskonnekteerde ervarings, hoe minder sal die individuele spesifieke veld dit nodig vind om te ontlaai. In SHIP<sup>®</sup> word die kliënt gesien as iemand wat in 'n proses van heling verkeer, eerder as 'n pasiënt met patologie. Heling in SHIP<sup>®</sup> vind spontaan plaas deurdat die kliënt se interne prosesse deur die SHIP<sup>®</sup> fasiliteerder gefasiliteer word. SHIP<sup>®</sup> fasiliteerders fasiliteer die helingsproses van die kliënt sonder om betrokke te raak. Spontaneheling in SHIP<sup>®</sup> kom van binne die kliënt self af en tydens SHIP<sup>®</sup> neem die kliënt aktief aan sy spontanehelingsproses deel. Heling behels dat alle weggesteekte aspekte wat 'n wanbalans in die sisteem veroorsaak, ondersoek word met die doel om alle gediskonnekteerde pyn vry te laat. Die wanbalans word verder bespreek deur persoonlikheidsattribute, waarna die proses van SHIP<sup>®</sup> bespreek sal word.


### 3.4 PERSOONLIKHEIDSATTRIBUTE

Hy beskryf 'n wanbalans as die proses waar een van die persoonlikheidsattribute van die mens (soos byvoorbeeld angs), meer dominant is ten koste van die ander persoonlikheidsattribute. JOS (2002) stel die oorbeklemtoning van angs as hanteringstyl teenoor die ander persoonlikheidstrekke eksemplaries soos volg voor:

#### DIAGRAM SES – PERSOONLIKHEIDSATTRIBUTE



Gebalanseerde self




Ongebalanseerde self

JOS (2002).

### 3.5 DIE PROSES VAN SHIP<sup>®</sup>

Van der Walt (2003) stel die proses van SHIP<sup>®</sup> voor as 'n progressiewe liniêre lyn vanaf die beginfase (lewenskets), primêre heling, primêre groei tot integrasie. Hierdie helingslyn word dus soos volg voorgestel.

#### DIAGRAM SEWE – DIE PROSES VAN SHIP<sup>®</sup>



(Van der Walt, 2003).

Van der Walt (2003) is van mening dat pynlike en ongemaklike ervarings, emosies, kognisies, gedrag en persepsies persoonlikheid beïnvloed. Hy verwys na die kern van heling as die integrasie van pynlike en ongemaklike ervarings. In die bogenoemde uiteensetting van die proses van SHIP<sup>®</sup> deur Van der Walt (2003) is dit duidelik dat heling 'n primêre rol, en groei 'n sekondêre rol speel tydens die beginfases van SHIP<sup>®</sup>, en dat rolle tydens die latere fases omruil. Volgens Van der Walt (2003) loop heling en groei hand aan hand. Heling dui op konnektering van gediskonnekteerde psigiese prosesse, terwyl groei dui op die ontwikkeling van potensiaal en kapasiteit. Gediskonnekteerde psigiese prosesse hou verband met die hanteringstyl van stres by die mens (JOS, 2002).



### 3.6 HANTERINGSTYLE


Hanteringstyle kan verskeie vorme aanneem, soos byvoorbeeld: angs, woede, siekte, onderdanigheid, prestasie, isolasie. Die tipe hanteringstyl word bepaal deur die mate van beloning wat die hanteringstyl uit die onmiddellike omgewing ontvang (JOS, 2002). JOS (2002) beskou die eerste tien jaar van 'n mens se lewe as baie belangrik. Dit word beskou as die tydperk waar 'n volwassene se hanteringstyl ten opsigte van kroniese stres gevorm word. SHIP<sup>®</sup> se siening van streshantering stem ooreen met Bass en Davis (1997) se opvatting. Bass en Davis (1997) verwys na die volgende hanteringstyle:

- Minimalisering – om die self te beskerm deur te glo dat iets nie so erg is nie.
- Rasionalisering – waar kliënte verskonings uitdink vir gebeure.
- Ontkenning – om voor te gee dat niks verkeerd is of gebeur het nie.
- Vergeet – om te vergeet (te onderdruk) hoe 'n mens tydens 'n traumatiese gebeurtenis gevoel het.
- Onttrekking van integrasie – 'n gevoel dat 'n mens opgedeel word in meer as een persoon.
- Om jou liggaam te verlaat – om nie langer te voel wat met jou gedoen word (wat met jou gebeur) nie.

Die hoofrede vir die ontwikkeling van hanteringstyle is dat 'n mens dele van die self opoffer om die nodige liefde, aanvaarding en erkenning te bekom. Die vrees vir die pyn van isolasie veroorsaak dat die mens al sy energie fokus op 'n spesifieke oorbeklemde hanteringstyl, en dus 'n deel van die self wat 'n mens aan die wêreld wys. By die bogenoemde beskrywing is daar geen ruimte vir die ekspressie van die spontane integrasie van persoonlikheidsattribute van die self nie wat kan lei tot diskonneksie wat in diagram agt verder verduidelik word.



**DIAGRAM AGT – DISKONNEKSIE VAN DELE VAN DIE SELF**



(JOS, 2002).


'n Algemene manier van stres hantering is om van jou omgewing te onttrek. Onttrekking en hanteringstyle loop hand aan hand. JOS (2002) beskou 'n hanteringstyl as 'n mens se langtermynfokus en wyse van in die wêreld wees. Hy beskou onttrekking as 'n korttermyn doelwit om weg te beweeg van ongemaklike situasies, om sodoende die hanteringstyl genoeg tyd te gee om te hergroepeer. Die hoofdoel van onttrekking is die handhawing van die status quo, wat interne groei inhibeer. Die funksie van onttrekking is om hanteringstyle te beskerm deur ongemak

by 'n individu te herlei. Alhoewel onttrekkers wil voorkom as onbewuste response, word onttrekkers bewustelik deur vrees geaktiveer. Onttrekkers kom onbewustelik voor, omdat dit gekondisioneerde response is (JOS, 2002).

Die eerste vorm van onttrekking is woede; as onttrekking onsuksesvol is, word dit in die liggaam gediskonnekteer en die volgende vlakke van onttrekkings word geaktiveer. Eksterne woede wat deur die liggaam geïnternaliseer word, kan veroorsaak dat die individu reageer deur liggaamlike manipulasies, soos obsessiewe trekke, mannerismes, oormatige gesels, aanhoudende slukreaksies, en rook. Die fisieke reaksies is voorbeelde van verdere onttrekkers wat 'n mate van beheer aan die individu gee.

As 'n mens se sisteem nie toegelaat word om te groei nie en aanhou onttrek, sal die sisteem rebelleer en 'n kroniese sistemiese stresreaksie sal sigself manifesteer (JOS, 2002). Volgende word hanteringstyle bespreek.

### DIAGRAM NEGE - HANTERINGSTYLE



Figuur 2 illustreer die proses van hanteringstyle. Die proses begin by die ervaring van pyn en ongemak; iets wat ten koste van die self gebeur en oorgaan na woede sodra die natuurlike ekspressie van pyn oneffektief is. Woede is 'n mate van rebellering teen die pyn en word as hanteringstyl geëksternaliseer. Ná die onsuksesvolle rebellering van woede teen die pyn, volg ervarings van depressie en

angs omdat eksterne hanteringstyle oneffektief is. 'n Intrasistemiese ketteringspressie volg byvoorbeeld: migraine waar die energie van hanteringstyle geïnternaliseer word en migreer van die emosionele na die fisieke, en presenteer as 'n fisieke simptom. Pyn is dus die eerste vlak van spontaneïteit wat nie toegelaat word om sy natuurlike verloop te volg nie, en waar hierdie geïnhibeerde energie in die individuele spesifieke veld gestoor word. Ontrekking is 'n baie algemene hanteringstyl.

### 3.7 ONTTREKKERS

JOS is van mening dat die menslike sisteem 'n inherente neiging tot heling het en dat die individuele spesifieke veld wil konnekteer. Hy reken dat hoe meer 'n mens eienaarskap neem, hoe minder sal die individuele spesifieke veld dit nodig vind om te ontlaai. Deur te fokus op onttrekkers en dit wat gediskonnekteer is, konnekteer die individuele spesifieke veld. Onttrekkers hou die gediskonnekteerde self gediskonnekteer. JOS (2002) onderskei drie hoofipes onttrekkers, naamlik:

- **Persoonlike onttrekkers**

Persoonlike onttrekkers is enigiets wat met 'n "te" begin, byvoorbeeld te veel werk, te veel eet, te veel oefen, ensovoorts (deur die kliënt).

- **Professionele onttrekkers**

Professionele onttrekkers het te doen met die professionele persoon se behoefte om die kliënt beter te laat voel. Voorbeelde van professionele onttrekkers is, geleide beelding, hipnose (wanneer dit nie gebruik word om te fasiliteer nie), ontspanningsoefeninge en religieuse verligting (wanneer die terapeut sy geloof op die kliënt projekteer).


Bogenoemde is volgens JOS (2002) voorbeelde van onttrekkingstegnieke wat deur psigoterapeute gebruik word omdat hulle met hulle kliënte se pyn ongemaklik voel. Die pyn word gedissosieer gehou deur onttrekkingstegnieke (JOS, 2002).

- **Sosiale onttrekkers**

’n Voorbeeld van sosiale onttrekkers is wanneer daar byvoorbeeld groepsamehorigheid onder ’n gemeenskap is, die heersende politieke klimaat te blameer vir jou eie foute en nie verantwoordelikheid te neem vir jou eie groei en verandering nie.

Onttrekkers inhibeer gebalanseerde integrasie van die onderskeie persoonlikheidsattribute. JOS (2002) is van mening dat ’n onvermoë om die self volledig te beleef, die natuurlike ritme breek, en die resultaat pyn sal wees. Hy beskou pyn as die versteuring van die natuurlike ritme van die self. Sien onderstaande diagram.

**DIAGRAM TIEN – SPONTANE RITME VAN DIE SELF**



(JOS, 2002).

Wanneer die natuurlike ritme van die self versteur word, is die sisteem uit balans, wat intense teenoorgestelde energiebewegings veroorsaak, soos byvoorbeeld te beheers teenoor geen beheer nie. Die ontkenning / onderdrukking van enige deel van die self beteken dat daardie deel nodig het om sy natuurlike ritme uit te druk, en dat die behoefte blywend sal wees tot so 'n geleentheid tot uitdrukking hom voordoen (JOS, 2002).

Enige deel van die self wat ontken word, word gestoor in die individuele spesifieke veld. Hy stel dit soos volg dat, *“When you ask someone to describe an emotion, they often locate it in the body and describe physical sensations in that specific part of the body. A feeling of fear might be a knot in the stomach, or heart palpitations. The reason for this, I believe, is because the body is the suitcase in which we store the disconnected parts of our spontaneous selves.”*

JOS (2002: 24).

Die volgende woorde van Myss (1996: 134) onderstreep hierdie siening, *“the emotions of these experiences become encoded in our biological systems and contribute to the formation of our cell tissue which then generates a quality of energy that reflects these emotions ..... Our bodies contain our histories – every chapter, line, and verse of every event and relationship in our lives. As our lives unfold, our biological health becomes a living, breathing biographical statement that conveys our strengths, weaknesses, hopes and fears.”*

Stresvolle ervarings wat gestoor word in die individuele spesifieke veld verbind met mekaar. JOS (2002) verwys na die verbindings as kettings. Volgens JOS (2002) impliseer 'n aantal konneksies van ondeurgewerkte ervarings wat gestoor is, totdat die regte aktiveerder die dormante energie sneller. Sanella (1992) in JOS (2002: 28) beskryf dit soos volg:

*“... it is stress that is necessary later in life to shock the organism into a return to the feeling self, which was overwhelmed by excessive stress early in life”.*



### 3.8 AKTIVEERDERS

Aktiveerders aktiveer onderdrukte ervarings. Aktiveerders kan gebruik word deur probleme aan te spreek en te groei, of dit kan ontken word deur die ervaring te probeer beheer. JOS (2002) onderskei spesifieke en nie spesifieke aktiveerders. Spesifieke aktiveerders is huidige ervarings wat geassosieer word met ervarings uit die verlede wat die oorspronklike dissosiasie veroorsaak het. Nie spesifieke aktiveerders is stres wat geen definitiewe verbintenis met 'n mens se verlede het nie. Nie spesifieke aktiveerders veroorsaak dat die onderdrukte ervarings geaktiveer word en verloop, wat kan lei tot 'n oorweldigende gevoel van "te veel". JOS (2002) beskou nie spesifieke aktiveerders as goed gekamouflêerde spesifieke aktiveerders. 'n "Te veel"-gevoel is sinoniem met "Horrible situations stretch our coping skills beyond their limits".

Daar is drie tipes aktiveerders wat tydens SHIP<sup>®</sup> voorkom, naamlik:

- Eerste orde-aktiveerders

Eerste orde-aktiveerders is die huidige ongemak waarmee die kliënt presenteer.

- Tweede orde-aktiveerders

Tweede orde-aktiveerders is die informasie van die kliënt se lewenskets en van die verskillende beelde van die verskillende fases van SHIP<sup>®</sup>.

- Toets van limiete

Toets van limiete kan deur die fasiliteerder gebruik word as dit voorkom as 'n neutrale gevoel 'n onttrekker is. Toets van limiete word gebruik om die kliënt te aktiveer. Voorbeelde van die toets van limiete is byvoorbeeld:

Wat dink jy op die oomblik?

Het jy al voorheen sulke gevoelens gehad?

Wat doen jy gewoonlik as jy so 'n probleem het?

Wat is die implikasie hiervan in jou lewe?

Waarmee assosieer jy daardie beeld?

Fokus op die beeld en sê die volgende aan die beeld “Jy is besig om iets aan my bekend te maak” en wag.

Word die deur en sien jouself voor die deur staan; wat sien jy en wat die effek op jou is. Maak die deur oop en sê my wat jy anderkant die deur sien.


Hoe wil jy hê moet die beeld wees? Verander die beeld soos jy die beeld wil hê? Raak bewus van hoe jy voel as jy die beeld verander. Gaan nou terug na die oorspronklike beeld en sê my hoe jy voel as jy dit doen.

As die kliënt ongemaklik voel oor 'n beeld, moet die kliënt gevra word om op die ongemak te fokus tot 'n neutrale gevoel ervaar word.

Aktiveerders bring 'n mens in kontak met 'n ervaring of ervarings wat voorheen nie deel was van 'n mens se psigobiologiese bewussyn nie. JOS (2002) beskou aktiveerders as katalisators vir verandering. Volgens JOS (2002) kan enige iets as 'n aktiveerder dien. Spesifieke tipe aktiveerders is volgens hom afhanklik van die potensialiteitsketting wat gevorm is in die individuele spesifieke veld. Algemene aktiveerders wat deur JOS (2002) geïdentifiseer is, sluit in: seisoenale veranderinge, verjaarsdae, hormonale veranderinge, swangerskappe, post-natale ervarings, steriliteit, die geboorte van 'n kind met 'n spesifieke geslag, menopouse, 'n spesifieke tyd of dag of maand, ouderdom, menstruele siklusse, 'n mens se ingesteldheid, nagmerries, ongelukke, intimiteit, stemtoon, kritiek, 'n nuwe of getermineerde verhouding, egskedings, buite-egtelike verhoudings, 'n vernietigende vriendskap, die dood van 'n geliefde, seksuele beelde op T.V., politieke onstabiliteit, kaping, aanranding, verandering van werk, werkstres, afdanking, finansiële stres, konfrontasies om in die publiek te praat, om die tandarts te besoek, religieuse konflik, immigrasie, uitbranding, ouerlike probleme, isolasie, gevoelens dat 'n mens oneffektief is, fobies, 'n hond wat blaf, studies, mislukking, fisieke simptome, siekte,

oorlog, misdaad, straf, musiek, wanvoeding ensovoorts. JOS (2002) beskou intimiteit as een van die kragtigste aktiveerders, omdat 'n mens blootgestel word in 'n verhouding. Potensiële gevoelens van waardeloosheid, hulpeloosheid, verwerping, gevoelens van om nie goed genoeg te wees nie en isolasie kan tydens intimiteit geaktiveer word. Aktiveerders bring die mens in kontak met onderdrukte ondeurgewerkte gevoelens van waardeloosheid, hulpeloosheid, hopeloosheid en 'n gevoel van om beheer te verloor. JOS (2002) meen dat die bogenoemde aktiveerders 'n negatiewe effek op 'n mens se gemoed, fisiologie en gedrag kan hê. JOS (2002) noem die bogenoemde aktiveerders die “hier gaan ek weer-ervarings” of kettingstellings. Intersistemiese kettingekspressie is refleksies van ondeurgewerkte ervarings uit die verlede wat vanweë die invloed van aktiveerders in die hede geprojekteer word. Intersistemiese kettingekspressie dui dus op gediskonnekteerde pyn wat aanduidend is van die potensiaal vir spontaneheling. Sien die onderstaande diagram.

### **DIAGRAM ELF – GEDISKONNEKTEERDE DELE VAN DIE SELF**



(JOS, 2002).

Intersistemiese kettingekspressies dui dus op gediskonnekteerde pyn. Volgens JOS (2002) is dit wat in 'n mens se verlede gediskonnekteer is, geneig om jou vanuit jou toekoms in jou hede te ontmoet. Die implikasie van hierdie herhaling is dat die persoon gedurig in kontak gebring word met interne onvoltooide gevoelens, dat dit een van die hoekstene van SHIP<sup>®</sup> vorm, en dat die mens gedurig in 'n proses van spontanehelling verkeer. In SHIP<sup>®</sup> word hierdie herhaling dus positief vertolk as 'n poging van die sisteem om die persoon die geleentheid te bied om die ondeurgewerkte gevoelens deur te werk.



### 3.9 INTERSISTEMIESE EN INTRASISTEMIESE KETTINGEKSPRESSIES

JOS (2002) onderskei drie tipes intersistemiese kettingekspressies, naamlik die herhalende, algemene en wensdenkende intersistemiese kettingekspressie. Die herhalende intersistemiese kettingekspressie dui op 'n herhalende patroon, byvoorbeeld: “ek sal altyd alleen wees”. Die algemene intersistemiese kettingekspressie dui op 'n herhaalde patroon wat as 'n feit gestel word, byvoorbeeld: “mense hou nie van my nie”. Die wensdenkende intersistemiese kettingekspressie sluit beide bogenoemde intersistemiese kettingekspressies in, maar word as 'n wens uitgedruk, byvoorbeeld “ek wens ek het vriende” of “as ek net populêr was”. Voorbeelde van intersistemiese kettingekspressies is:

- Ek brand altyd vas
- Ek beland altyd op in die gemors
- Ek kan nooit bo uitkom nie
- Dinge werk nooit uit nie
- Niks wat ek doen is reg nie
- Ek maak altyd foute
- Ek is altyd verkeerd
- Ek word nooit ondersteun nie
- Sal ek ooit beter word?
- Sal ek ooit verander?
- Dit voel of die gevoelens nooit sal weggaan nie
- Ek ken die gevoel van verwerping
- Ek word gemaak om soos 'n kind te voel
- Ek is altyd aan die verloorkant
- Dit voel of iets my terughou
- My lewe werk nooit uit nie
- Ek is waardeloos
- Ek is altyd verkeerd
- Ek kan nooit my lewe geniet nie
- Ek kan nooit iemand vertrou nie
- Ek voel altyd mense wil my indoen
- Niemand kan my help nie
- Alles is gevaarlik



- Ek voel altyd so negatief
- Ek pas nêrens in nie
- Daar is nooit tyd vir my nie
- Al die verantwoordelikhede is altyd myne
- Dit voel of almal iets van my wil hê
- Ek het nêrens om te gaan nie
- Ek is nie belangrik nie
- Dit gaan nie goed met my nie
- Ek het geen beheer oor my lewe nie
- Dit voel of ek altyd die regte besluite moet neem
- Dit voel of ek iets mis in my lewe
- Ek voel leeg
- Ek staan alleen
- Alles is tydelik
- Niemand het my lief nie
- Ek moet almal gelukkig hou, maar niemand gee vir my om nie
- Ek kom altyd tweede
- Ek het geen ondersteuning nie
- Mense neem my nooit in ag nie
- Hoekom het niemand my lief nie?
- Mense baklei altyd met my
- Dit voel of ek die hele tyd wil huil
- Niemand verstaan my nie
- Ek is bang vir alles
- Ek word altyd soos 'n kind behandel
- Niemand hoor my ooit nie
- Ek kan nooit genoeg kry nie
- Dit voel of my lewe nooit uitgesorteer sal wees nie
- Ek is altyd onseker
- Ek is bang om agtergelaat te word
- Ek het geen vriende nie en voel alleen
- Mense haat my
- Ek is nie goed genoeg nie


- Ek is altyd bekommerd
- Ek kan nie kop bo water hou nie
- Ek sukkel altyd met alles
- Mense hou nie van my nie

Bogenoemde intersistemiese kettingekspresies dui op 'n potensialiteitsketting in die individuele spesifieke veld wat nog ervaar en voltooi moet word. Intersistemiese kettingekspresies verskaf die verbintenis tot die inbeelding van 'n mens se jeug. Intersistemiese kettingekspresies word in die alledaagse lewe van die mens op die wêreld geprojekteer en onderdruk die mens se werklike ervarings. Hierdie onderdrukking van werklike ervarings veroorsaak dat die mens se sisteem oorstrom word. JOS (2002) is van mening dat alle mense 'n outomatiese filtermeganisme het wat inskop sodra die sisteem oorstrom word. Hy stel dit soos volg voor.

(JOS, 2002)

### **DIAGRAM TWAALF – INTRASISTEMIESE KETTINGEKSPRESSIE**

Kroniese stres




(JOS, 2002).

JOS (2002) is van mening dat die gediskonnekteerde self uitgedruk word deur intrasistemiese kettingekspresies. As die sisteem oorstrom word en die balans nie herstel word nie, sal die sisteem aanhou oorloop met addisionele stres wat sal lei tot 'n intrasistemiese kettingekspresie. Volgens hom kan intrasistemiese kettingekspresies die vorm aanneem van migraines, 'n spastiese kolon, maagswre, nagmerries, verhoudingsprobleme, depressie, kanker, velprobleme,

fobiese reaksies, angs, aggressiewe uitbarstings en ander degeneratiewe siektes. Hy beskou 'n intrasistemiese kettingekspresie ook as uitlaatklep vir 'n "oorvol" individuele spesifieke veld. Sien die onderstaande diagram.

**DIAGRAM DERTIEN – INTRASISTEMIESE KETTINGEKSPRESSIE**



JOS (2002) vergelyk 'n intrasistemiese kettingekspresie met 'n ballon wat te veel opgeblaas is en bars. Hy is van mening dat 'n intrasistemiese kettingekspresie 'n regulerende funksie het wanneer die individuele spesifieke veld oorvol is. Volgens hom is intrasistemiese kettingekspresies individueel spesifiek en afhanklik van 'n mens se genetiese samestelling, die eksterne omgewing en die interne omgewing. Die integrasie van teenoorgesteldes is belangrik vir goeie funksionering.

### 3.10 TEENOORGESTELDES

JOS (2002) beskou 'n intrasistemiese kettingekspresie as die resultaat / uitvloeisel van wanneer iemand op die langtermyn nie in kontak met homself is nie. Hy beskou gesondheid as 'n balans tussen teenoorgesteldes wat reflekerend is van heling. JOS (2002) onderskei die volgende teenoorgesteldes wat in balans moet wees vir optimale, gesonde funksionering.

#### Teenoorgesteldes


Onbeheersd	/	Beheer
Uitbarstings	/	Inhibisie
Die een en enigste	/	Nie goed genoeg nie
Fantasie georiënteerd	/	Rigiditeit
Oorbeklemtoning van die self	/	Ontkenning van die self
Lig	/	Donkerte
Verstrik in verhoudings	/	Teruggetrokke in verhoudings
Vrees vir skeiding en dood	/	Perfeksionisties
Simpatie	/	Gediskonnekteerd
Impulsief	/	Oorgereguleerd
Ekstrovert	/	Introvert
Inskiklik	/	Individualisties
Hiperaktief	/	Traag
Dramaties	/	Bot
Lewe	/	Dood
Manies	/	Depressief
Dominerend	/	Onderdanig
Projeksie	/	Ontkenning
Kompulsief	/	Grenslas
Vrees	/	Hoop
Gebondenheid	/	Gefragmenteer
Eksplousief	/	Implosief

Teenoorgesteldes reflekteer 'n ("te veel"-) gevoel wat dui op gediskonnekteerde pyn. JOS (2002) meen dat 'n "te veel"-gevoel spontaneïteit inhibeer en dat so 'n mens sy lewe leef deur te kompenseer, by wyse van simboliese handeling vir die teenoorgestelde, wat nie in die gekonnekteerde self verteenwoordig word nie.

Simboliese handeling kan volgens hom enige vorm inneem wat gekenmerk word deur 'n "te veel"-gevoel, byvoorbeeld middelmisbruik, harde werk, te veel oefening, geloof, mistieke ervarings, ensovoorts. Hy sien teenoorgesteldes as hanteringstyle wat mekaar kan komplementeer, afhangende van die eise wat deur die situasie gestel word. Volgende volg 'n uiteensetting van die ignorering van die intrasistemiese kettekspressie op die lang termyn.




**DIAGRAM VEERTIEN – DIE EFFEK VAN SHIP® OP DIE RESULTAAT EN  
UITKOMS VAN IGNORERING VAN DIE INTRASISTEMIESE  
KETTINGEKSPRESSIE OP DIE LANGTERMYN**



(JOS, 2002).

Intrasistemiese kettingekspresies is die resultaat van 'n kroniese dominansie van een van die teenoorgesteldes. Dié tipe dominansie is ten koste van die ander teenoorgestelde. Die integrasie van teenoorgesteldes bring heling en groei.

### **DIAGRAM VYFTIEN – INTEGRASIE VAN TEENOORGESTELDES**




Die integrasie van teenoorgesteldes veroorsaak 'n vrylating van spanning en 'n helder persepsie van die wêreld.

(JOS, 2002).

'n Intrasistemiese kettingekspresie wys daarop dat 'n mens vassit in die prosesstappe in sy lewe. SHIP<sup>®</sup> maak die geblokkeerde proses oop, sodat 'n mens se ware potensiaal navore kom. Die prosesstappe van die mens word deur diagram sestien uiteengesit waarna neutraliseerders bespreek sal word.



**DIAGRAM SESTIEN – PROSESSTAPPE VAN DIE MENS TYDENS SHIP®**



JOS (2002).

### **3.11 NEUTRALISEERDERS**

SHIP® huldig die perspektief dat daar 'n bloudruk vir 'n gesonde self in alle mense is. Tydens die proses van SHIP® word die energie wat gebruik word om 'n kliënt se hanteringstyle in stand te hou, vrygelaat. Dit bring mee dat dit in 'n balans is wat die kliënt sal toelaat om die energie bewustelik volgens sy behoeftes aan te wend. Sommige kliënte maak gebruik van onttrekkers tydens SHIP®. Wanneer die kliënt onttrek, is dit belangrik dat die fasiliteerder die onttrekker neutraliseer, sodat die kliënt passief by die proses kan bly en spontaneheling kan plaasvind.

(JOS, 2002).

Daar is baie wyses waarop onttrekkers geneutraliseer kan word byvoorbeeld:

“Bly in die nou, voel die pyn soos dit nou daar is”.

“Voel die weerstand om by die gevoel te bly, maar moet niks met die gevoel probeer doen nie. Ervaar wat die gevoel met jou doen”.

“Gaan terug na die beeld en bly by die gevoel”.

“Hou jou hande stil en ervaar die gevoel”.

“Moenie opstaan nie, voel die pyn in jou spiere en vertrou jou sisteem om te weet wat om met die pyn te maak”.

“Bly passief en bly by die kwaad en laat toe dat die ongemak uit jou sisteem kom”.

Sommige kliënte beleef weerstand tydens SHIP<sup>®</sup>. Enige weerstand deur die kliënt tydens SHIP<sup>®</sup> word beskou as die kliënt se proses. Dit is belangrik dat die SHIP<sup>®</sup> fasiliteerder die weerstand neutraliseer en aktiveer. Neutralisering en aktivering is 'n proses wat die kliënt in kontak bring met sy gediskonnekteerde self, sodat spontaneheling kan plaasvind. Wanneer spontaneheling plaasgevind het, het onttrekkers nie meer 'n funksie nie. Tydens spontaneheling word 'n proses van groei geaktiveer wat nooit ophou nie, vanweë die potensialiteite wat nie meer gevries is nie, en energie wat in balans is om gebruik te word soos nodig – wat die sisteem ontvanklik vir nuwe leerervarings maak.

### **3.12 PSIGOBIOLOGIESE STIMULANTE**

'n Aspek wat met neutraliseerders ooreenkom, is psigobiologiese stimulant. JOS (2002) beskryf psigobiologiese stimulant as aktiveerders wat kliënte in kontak bring met hulself, sodat spontaneheling kan plaasvind. Psigobiologiese stimulant kan gebruik word as kliënte dissosieer om die fokus terug te bring na die nou, en na hoe kliënte gevoelens ervaar. JOS (2002) onderskei verskeie voorbeelde van psigobiologiese stimulant, naamlik:



“Waar sit die gevoel in jou lyf?”

“Wat doen die gevoel op die oomblik aan jou?”

“Wat is besig om met die gevoel te gebeur?”

“Word die gevoel meer of minder?”

“Voel jy die gevoel nog op dieselfde plek, of het die gevoel geskuif?”

“Met watter deel van jou liggaam kan jy die beeld verbind?”

“Ervaar die proses”

“Gaan terug na die gevoel”

“Bly by die gevoel”

“Wat gebeur as jy op die gevoel fokus”

“Hoe voel jy nou?”

“Beskryf die effek in jou liggaam”

“Kan jy voel wat op die oomblik terugkom?”

“Kan jy in daardie kind ingaan en vir my sê wat sy voel?”

“Wat is die effek op jou as ek jou vra om na daardie deel toe te gaan wat jou bang maak?”

“Voel daardie deel van die insident wat jy nog saam met jou dra”

“Laat die deel wat geaktiveer is toe om te heel”

“Sê aan die deel waar die gevoel sit, jy is besig om iets aan my bekend te maak”

“Praat oor dit wat nog in jou sisteem is”

“Bly by die gevoel, laat toe dat alles uitkom”

“Voel die effek van die konneksie op jou – deur die beeld is jy besig om kontak te maak met ’n deel of dele van jouself”

“Die belangrikheid van spontaneëling is dat dit slegs kan plaasvind deur die onwillekeurige sisteem, jy kan slegs ervaar wat die gevoel met jou doen – so bly passief by die proses soos dit op die oomblik plaasvind”

“Laat die gevoelens toe om meer of minder te word; bly in kontak met die gevoelens soos dit besig is om op die oomblik oop te maak”

“Pyn en hartseer is ’n aanduiding van iets wat verlore is; ervaar daardie pyn van wat verlore is nou – of dit jou ma se liefde is wat jy nooit gehad het nie, of die afsterwe van ’n geliefde, of enig iets anders”

“Jy kan slegs voel wat in jou sisteem is”

“Die enigste manier hoe jy uit die pyn kan uitbeweeg is om in die pyn in te beweeg”

“Bly by die gevoel al is dit pynlik; die kontak met die gevoel is wat toelaat dat dit genees”

“Tydens jou jeug het iets ingemeng met jou spontaneïteit wat veroorsaak het dat dit in ’n patroon van teenoorgestelde gevoelens inbeweeg het: die een oomblik voel jy goed en die volgende oomblik is jy weer ongemaklik – die fokus van SHIP<sup>®</sup> is om te konnekteer met jou spontaneïteit, daarom is dit goed om die gevoelens wat jou inhibeer te ervaar, sodat jy weer kan vry wees”.

Soms gebeur dit dat die kliënt oor die ervaring praat en dit nie voel nie. Tydens so 'n proses is dit belangrik dat die psigoterapeut fokus op wat die kliënt op die oomblik voel. Tydens so 'n proses kan die psigoterapeut aan die kliënt die volgende vrae vra, byvoorbeeld.

“Waar voel jy dit op die oomblik?”

“Wat is jou liggaam op die oomblik besig om te doen?”

### **3.13 SPONTANEHELINGSREAKSIES**

Tydens SHIP<sup>®</sup> word die ervaringsproses waartydens die kliënt konekteer met daardie dele van homself wat gediskonnekteer was, spontanehelingsreaksies genoem. JOS (2002) vergelyk spontanehelingsreaksies met die Kundalini ervarings. Greenwell (1990) in JOS (2002) beskryf Kundalini as 'n proses wat bestaan in die oomblik wat niks met intellek te doen het nie. Tydens Kundalini word fisieke en psigiese blokkasies gedeblokkeer, sodat die energie in die sisteem spontaan kan vloei. Spontanehelingsreaksies kan verskeie vorme aanneem, soos byvoorbeeld:

Intense woede, hartseer, irritasie, 'n reaksie waar die kliënt onbeheersd huil of enige ander emosionele gevoelens.

'n Gevoel van drukking op die ore, 'n zoem-geluid in die ore, of die hoor van enige ander geluide.

Bewegings agter die oë, die sien van beelde van wat in die verlede gebeur het tydens die kindertyd; tonnelvisie, ensovoorts.

Verskeie reuke, byvoorbeeld politoer, gom, kos, liggaamsreuke, hout, 'n hospitaal, ensovoorts.

Smake soos iets soets, suur, bloed, medisyne, ensovoorts.


Ander liggaamlike sensasies, soos 'n leë gevoel, vasgedruk voel, bewerasies, hoofpyn, bedruktheid, spanning in die arms en bene, hartkloppings, spelde-en-

naalde-gevoel in die hande, seer spiere, lae ruggyn, 'n sweef-gevoel, droë mond, naarheid, warmte, koue, sweet, krampe, spasmas, 'n lam gevoel, ensovoorts.

Tydens spontanehelingsreaksies kan kliënte onseker voel en is dit belangrik dat die psigoterapeut die kliënte verseker dat alles in orde is en dat dit noodsaaklik is om sy helende proses te vertrou.

Soms gebeur dit dat kliënte 'n enkele traumatiese belewenis het wat verskeie helingsreaksies kan veroorsaak, byvoorbeeld; nagmerries, paniekaanvalle, maagpyn, hoofpyn, ensovoorts. Die raamwerk van SHIP<sup>®</sup> bestaan uit verskeie aktiveerders. Die beelde van die raamwerk is afkomstig van jare se navorsing oor spontanehelingspatrone van kliënte. JOS (2002) beskryf dit as 'n voertuig om kliënte terug te neem na spontaneheling. Die raamwerk bestaan uit vyf fases en elke fase verteenwoordig 'n nuwe stadium in die psigoterapie. Fase vyf is 'n integrasie van die eerste vier fases. Die raamwerk word tregtervormig voorgestel, wat aantoon hoe daar stelselmatig na die dieper lae van die individuele spesifieke veld beweeg word.

**3.14 DIAGRAM SEWENTIEN – DIE RAAMWERK**





Tydens die eerste konsultasie vind daar 'n bespreking plaas van hoekom die kliënt die psigoterapeut kom spreek het. Na die bespreking volg 'n gedetailleerde bespreking oor die rasionaal van SHIP<sup>®</sup>. Na die bespreking besluit die kliënt of hy wil voortgaan met SHIP<sup>®</sup> of nie. Sou hy besluit om voort te gaan, vra die psigoterapeut die kliënt om 'n lewenskets te skryf van alle stresvolle of ongemaklike gebeurtenisse van kleintyd af tot op hede. Die lewenskets verskaf aan die psigoterapeut baie inligting oor die kliënt se potensiële intra- en intersistemiese kettingekspressies. Die lewenskets bring vergete gedagtes na die oppervlak. Sommige kliënte kan 'n mate van verligting ervaar as hulle sou skryf oor 'n ongemaklike gebeurtenis waarvan hulle nog nooit vir iemand vertel het nie. Dit is belangrik dat die lewenskets konfidensieel bly en dat net die psigoterapeut dit lees.

Tydens die volgende konsultasie word daar aan die kliënt verduidelik hoekom daar van hom verwag gaan word om op 'n bed te lê. Eerstens laat dit toe dat die kliënt passief is, en tweedens sal die kliënt, wanneer hy sy oë toemaak, die beelde kan sien wat gebruik gaan word. Vervolgens word aan die kliënt verduidelik dat dit belangrik is dat, soos daar met die beelde gewerk word, die kliënt passief by die beelde moet bly en bewus sal wees van enige emosionele of fisieke ervarings wat hy op daardie oomblik beleef. Hierdie ervaring moet met die psigoterapeut gedeel word. Verder word aan die kliënt verduidelik dat as hy enige emosionele of fisieke ongemak beleef, hy passief by die belewenisse moet bly sodat spontane heling kan plaasvind. Soos die kliënt op die bed lê, word daar eerstens vir hom gesê dat dit 'n nuwe ervaring is en dat hy net moet bewus raak van hoe hy op die oomblik voel. Sou die kliënt ongemaklik voel, word daar op die ongemak gefokus totdat 'n neutrale gevoel beleef word. Vervolgens word daar verskeie aktiveerders aan die kliënt gegee, soos toepaslik by die spesifieke kliënt. Tydens SHIP<sup>®</sup> is dit belangrik dat die kliënt passief sal bly by ten opsigte van enige ervaring van ongemak, totdat hy 'n neutrale gevoel ervaar en voordat daar na enige ander beelde oorgegaan word.

Nog 'n aktiveerder wat aan die begin fases van SHIP<sup>®</sup> gebruik word, is waar die kliënt gevra word om homself as kind te sien, die kind se hand in syne te vat en die kind te word, en in sy gedagtes vir dié deel wat sy sagte sensitiewe spontane self beskerm het, dankie te sê: "Dankie vir die beskerming, en dit het nou tyd geword dat ek myself ten volle ervaar". Daarna word die kliënt gevra om te fokus op gevoelens soos emosionele isolasie, hulpeloosheid, nie goed genoeg voel nie, emosies in



myself wat my blokkeer, ensovoorts. As die kliënt 'n baie intense intrasistemiese kettingekspressie ervaar, word die kliënt byvoorbeeld gevra om by die gevoel te bly en vir homself te sê, “Jy is besig om iets aan my bekend te maak”, en dan alles wat volg, passief te beleef. Ná die afhandeling van bogenoemde word daar begin met die kliënt se lewenskets. Die lewenskets word deur die psigoterapeut geles en alles wat die kliënt weergee, word verbatim neergeskryf. Tydens hierdie fase bly die psigoterapeut by die kliënt se proses en luister hy vir enige verder potensiële aktiveerders soos intersistemiese kettingekspressies. Die hele lewenskets word stelselmatig deurgewerk. Tydens SHIP<sup>®</sup> is die rol van die psigoterapeut om enige onttrekker te neutraliseer en die kliënt se proses te aktiveer.

Beelde word gebruik in SHIP<sup>®</sup> om onbewuste gevoelens te aktiveer. Na die lewenskets word daar oorgegaan na fase twee, wat beelde van deure behels. Die eerste deur wat die kliënt in sy gedagtes moet sien, is 'n beeld van 'n deur met die woord “emosies” op. Die beeld laat die kliënt konnekteer met die kliënt se projeksies wat verband hou met sy emosies. Die tweede deur het die woord “identiteit” op. Die rasionaal van die beeld is dat wanneer emosies gediskonnekteer is, gebeur dit van nature dat die self soek na daardie dele waarvan die identiteit ontken is. Die derde deur is 'n deur met die kliënt se naam op, wat toelaat dat die kliënt konnekteer met hoe hy homself projekteer. Die vierde deur is 'n deur met die woorde “my sagte sensitiewe self” daarop. Die beeld laat toe dat die kliënt konnekteer met enige kroniese gevoelens van hulpeloosheid en voorwaardelike aanvaarding tydens die kindertyd. As die kliënt 'n probleem in 'n spesifieke area van die liggaam ondervind, byvoorbeeld; lewer, hart, longe ensovoorts, kan dit ook op die deure gebruik word. By alle beelde moet die kliënt die beeld in sy gedagtes sien, en bewus raak van sy ervarings en belewenisse soos daar op die beeld gefokus word, en dit verbaliseer. Die kliënt moet by die deur ingaan en beskryf wat hy sien en wat sy belewenis is, in die middel gaan sit, en bewus raak van mense wat by die deur instap en om hom kom staan. Sou die kliënt enige ongemak ervaar, is dit belangrik dat die kliënt passief by die ongemak bly totdat 'n neutrale gevoel ervaar word en hy dan verder met die beeld of beelde voortgaan. Ná die beelde van die deure word daar oorgegaan na fase drie, wat begin met 'n beeld van 'n tunnel. 'n Tunnel is 'n argetipiese simbool vir die geboortekanaal. Tydens dié fase word die kliënt gevra om 'n natuurlike tunnel te sien, voor die tunnel te staan, en in te kyk. Sodra alle ongemaklike gevoelens gekonnekteer is, word die kliënt gevra om by die tunnel in te

gaan, tot in die middel van die tunnel te beweeg, en daar te gaan sit. Tydens die fase word verdere tweede orde-aktiveerders aan die kliënt gegee. Die eerste tweede orde-aktiveerder waarop die kliënt moet fokus terwyl hy in die middel van die tunnel sit, is die woord “isolasie”. Daarna word die kliënt gevra om die tunnel te beleef asof hy in die geboorte kanaal is, weer word die kliënt toegelaat om met enige ongemak te konnekteer. Ná die kliënt ’n neutrale gevoel ervaar het, word hy gevra om deur die tunnel te stap tot aan die anderkant, weer bewus te raak van sy ervarings, en dit te verbaliseer. Tydens fase vier word die beeld van ’n put gebruik. ’n Put verteenwoordig die prenatale fase. Die kliënt word gevra om ’n put te sien en die put te beskryf. Vervolgens word aan die kliënt gevra om in die put in te gaan tot op die bodem. Sou die kliënt die put beskryf met water in, word daar aan die kliënt gesê om onder die water in te gaan asof hy onder water kan asemhaal. Soos die kliënt homself op die bodem van die put sien sit, word verdere aktiveerders aan die kliënt gegee. Eerstens word die kliënt gevra om homself te beleef as in die baarmoeder van sy ma, en daarna word die kliënt gevra of hy sy ma as ver of naby beleef. Fase vyf is ’n integrasiefase: dit behels beelde wat toets of daar nog ervarings is wat ongekonnekteer is. Fase vyf bestaan uit primêre en sekondêre beelde. Die eerste primêre beeld is ’n deur met die woorde “my lewenspad” op. Die kliënt word gevra om die beeld te beskryf, by die deur in te gaan, terug te kyk en te fokus op al sy ervarings van die verlede, en verder bewus te raak van enige emosies wat die kliënt geïnhibeer het, en moontlik nog steeds verhoed om spontaan te wees. Ná ongekonnekteerde emosies gekonnekteer is, word die kliënt gevra om te fokus op die toekoms, en op enige emosies wat hom inhibeer om sy toekoms spontaan tegemoet te gaan. Daarna volg daar sekondêre beelde wat fokus op hanteringstyle wat te doen het met kontrole wat die kliënt verhinder om spontaan te wees. Die eerste sekondêre beeld is dié van ’n afgrond. Tydens hierdie fase word die kliënt gevra om ’n afgrond te visualiseer en homself by die rand te sien staan en afkyk. Vervolgens word aan die kliënt gevra om homself vooroor te sien val, by alle ervarings te bly, en te verbaliseer wat met die beeld gebeur – totdat ’n neutrale gevoel ervaar word. Tydens die tweede sekondêre beeld word kliënte gevra om hulself in die middel van die see te sien te visualiseer hoe hulle onder die water insak tot by die bodem, terwyl hulle onder die water kan asemhaal. Soos die kliënte die bodem bereik, word hulle gevra om daar te sit, hulle oë toe te maak en hulle belewenisse te verbaliseer. Die derde sekondêre beeld is ’n waterval. Kliënte word tydens die beeld gevra om hulself te sien waar hulle besig is om na ’n waterval dryf

en op pad is om by die waterval af te gaan. Weer word alle ongekonnekteerde gevoelens gekonnekteer. By die tweede primêre beeld word kliënte gevra om 'n brug te visualiseer en te beskryf. Daarna moet die kliënt tot in die middel van die brug loop, afkyk, en hul gevoelens verbaliseer. Kliënte moet dan in die middel van die brug gaan sit en hulle oë toemaak. Wanneer die kliënt 'n neutrale gevoel beleef, word hy gevra om terug te kyk van waar hy by die brug opgestap het, en te fokus op enige emosies wat hom terughou of inhibeer. Daarna word aan die kliënt gevra om vorentoe te kyk en te fokus op enige gevoelens wat die kliënt inhibeer om die toekoms in te gaan. Soos 'n neutrale gevoel bereik is, word die kliënt gevra om oor die brug te stap en sy gevoelens te verbaliseer. Die derde primêre beeld is 'n deur met die woord "vryheid" op. Soos met die beelde van die ander deure, word kliënte gevra om die deur te beskryf, daar in te gaan, te gaan sit met toe oë, en deur enige ongemak te werk deur passief daarby te bly. Die vierde sekondêre beeld is 'n beeld van trappe wat afbeweeg met die inskripsie "my onbewuste" aan die bokant. Soos met al die ander beelde, word die kliënt gevra om die beeld te beskryf, by die trappe af te gaan, sy gevoelens te verbaliseer en enige ongekonnekteerde ervarings te konnekteer. Die vyfde sekondêre beeld is 'n kokon. 'n Kokon is 'n argetipiese beeld van 'n sywurm, waar metamorfose plaasgevind het. Die kliënt word gevra om homself in die kokon te sien en te ervaar, en homself uit die kokon uit te sien beweeg, die gevoelens te ervaar, en dit te verbaliseer. Tydens die sesde sekondêre beeld sien die kliënt homself op 'n vlot in die see. Die kliënt moet passief by die beeld bly en die reis beskryf. Gewoonlik eindig die kliënt by 'n strand. Ná die beeld voltooi is en daar geen intrasistemiese ketteringsdrukke meer by die kliënt teenwoordig is nie, word al die beelde aan die kliënt geïnterpreteer en SHIP<sup>®</sup> word getermineer.

Psigoterapeute moet self deur SHIP<sup>®</sup> gaan alvorens hulle fasiliteerders kan word. Die voorgenoemde laat toe dat die psigoterapeut bewus is van sy eie prosesse tydens psigoterapie en hy dit nie op die kliënt projekteer nie. Sou die kliënt as aktiveerder optree vir die psigoterapeut, maak die psigoterapeut so gou as moontlik 'n afspraak met 'n geregistreerde SHIP<sup>®</sup>-instrukteur om daardeur te werk. 'n Verdere voordeel daarvan is dat die psigoterapeut bly groei in homself en hy te alle tye objektief bly as daar met kliënte gewerk word.

Lieberman (1995) beskou die interne integrasie van die psigoterapeut met homself as een van die belangrikste vereistes vir heling by die kliënt. Cortright (1997) handhaaf

die siening dat die psigoterapeut se innerlike werk sal lei tot sy eie konnektering, wat sy deelname tydens psigoterapie ten volle sal laat realiseer. Die enigste instrument wat 'n psigoterapeut volgens Hillman (1997) het, is homself. Daarom is die psigoterapeut se eie psigoterapie baie belangrik om hom in staat te stel om met kliënte te kan werk.

Cortright (1997) sê dat die psigoterapeut se konnektering met homself die hoofinstrument is van die psigoterapeut tydens psigoterapie. Hillman (1997) verduidelik die belang van die psigoterapeut se eie psigoterapie deur te sê dat dit die enigste manier is hoe die psigoterapeut doeltreffend met die kliënt kan konsulteer. Grof (1985) beskou die persoonlike ontdekking van die psigoterapeut as 'n voorvereiste om met kliënte te kan werk en om te groei.

### **3.15 SAMEVATTING**

Hierdie studie fokus op die effek van SHIP<sup>®</sup> by tennisspelers. Hoofstuk twee het die aandag gevestig op modelle vanuit die hoofstroom-Sielkunde wat in sport toegepas word. Hoofstuk drie handel spesifiek oor SHIP<sup>®</sup>, terwyl hoofstuk vier konsentreer op die ooreenkomste en verskille tussen sielkundige modelle wat in sport en SHIP<sup>®</sup> toegepas word.

## HOOFSTUK VIER

### OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN SIELKUNDIGE MODELLE EN SHIP<sup>®</sup>

#### 4.1 INLEIDING

Die mediese model in Suid-Afrika is bekend vir gehalte, omvangrykheid en akkuraatheid van die diagnostiese proses. Diagnoses in die Sielkunde kan wissel van depressiewe, angs, persoonlikheid, identiteit, seksuele en eetversteurings, tot vele ander psigiese siektetoestande. Nadat 'n diagnose gemaak is, is die volgende stap om die toestand wat gediagnoseer is te behandel. Hoofstroom-Sielkunde bestaan uit verskillende psigoterapeutiese modelle wat gebruik word om die psigiese toestande te behandel. Hierdie modelle het ook toepassingsmoontlikhede in sport, soos in hoofstuk twee uiteengesit is. In hierdie hoofstuk gaan die rasionaal van elke model bespreek en met SHIP<sup>®</sup> vergelyk word.

#### 4.2 OOREENKOMSTE EN VERSKILLE

SHIP<sup>®</sup> toon ooreenkomste sowel as verskille met modelle vanuit hoofstroom-Sielkunde. Net soos die psigoanalitiese model, gee SHIP<sup>®</sup> erkenning aan die onbewuste en die vorming van hanteringstyle. Anders as die psigoanalitiese model fokus SHIP<sup>®</sup> nie op insig of simptomeverligting nie, maar op spontanehelingsreaksies. SHIP<sup>®</sup> kom ook ooreen met die behavioristiese model waar daar op liggaamlike reaksies gefokus word. Die verskil tussen SHIP<sup>®</sup> en die behavioristiese model is dat SHIP<sup>®</sup> passief bly fokus op enige liggaamlike reaksies, terwyl die behavioristiese model liggaamlike reaksies manipuleer, deur byvoorbeeld die kliënt dieper te laat asemhaal en ontspan. Kognitiewe intervensies fokus byvoorbeeld daarop om opwekking te beheer met behulp van kognitiewe herstrukturering. Die meerderheid Sportsielkundige intervensies maak onder meer gebruik van kognitiewe herstrukturering saam met die verandering van gedragpatrone.

Tydens SHIP<sup>®</sup> word daar passief by enige opwekking gebly om die opwekking in sy totaliteit te ervaar. SHIP<sup>®</sup> kom ooreen met die humanistiese model se beskouing dat 'n mens die potensiaal het om te groei en te ontwikkel, met die verskil dat heling primêr plaasvind en groei sekondêr; met ander woorde, groei kan nie plaasvind

sonder heling nie. NLP fokus op die programmering van die sentrale senuweestelsel, waar SHIP<sup>®</sup> fokus op die passiewe ervaring van die kliënt self. Die grootste verskil tussen SHIP<sup>®</sup> en modelle vanuit hoofstroom-Sielkunde is dat SHIP<sup>®</sup> nie poog om enige belewenisse aktief te verander, te bevraagteken, te herkonstrueer of te herprogrammeer nie. SHIP<sup>®</sup> fokus op die kliënt se belewenisse en gevoelens in totaliteit, deur passief daarby te bly sodat spontaneheling kan plaasvind. SHIP<sup>®</sup> maak nie gebruik van enige manipulerende tegnieke om dit vir die kliënt gemaklik te maak nie.

Om die angs te beheer, ontwikkel 'n mens verdedigingsmeganismes. Die psigodinamiese model beskryf onbewuste prosesse as sentraal tot menslike gedrag. Die doel van psigodinamiese terapie is om die onbewuste bewus te maak deur die herlewing van ervarings van die verlede, met die doel om deur onderdrukte konflikte te werk om sodoende die mens se persoonlikheid te herkonstrueer. Tydens psigoterapie fokus die psigodinamiese terapeut op die vermindering van die weerstand van die kliënt en rig hy hom daarop om die kliënt insig te gee in sy situasie. Die model maak gebruik van tegnieke soos droomanalise, analise van weerstand, vrye assosiasie en interpretasies van onderdrukte konflikte. SHIP<sup>®</sup> verwys na hanteringstyle wat ontwikkel wanneer daar 'n "te veelheid" van energie (byvoorbeeld te veel stres) deur die persoon beleef word. Anders as die psigodinamiese model wat ten doel het om die mens se persoonlikheid te herkonstrueer, is die doel van SHIP<sup>®</sup> spontaneheling. SHIP<sup>®</sup> maak gebruik van dié raamwerk om spontahelingsreaksies te aktiveer sodat vasgevangde energie vrygelaat kan word.

Die behavioristiese model beskou gedrag as die resultaat van leerervarings. Behavioristiese terapie fokus op die stel van terapeutiese doelwitte, die ontwikkeling van behandelingsplanne en die evaluering van die uitkoms van terapie. Die doel van terapie is om wanaangepaste gedrag te verminder en meer effektiewe gedrag aan te leer. Die behavioristiese terapeut neem die rol in van 'n onderwyser wat die kliënt help om meer effektiewe gedrag aan te leer. Die terapie maak gebruik van verskeie tegnieke soos kognitiewe herstrukturering, modellering, ontspanningstegnieke, tegnieke van versterking, sistematiese desensitasie, assertiwiteit en opleiding in sosiale vaardigheid. Al die genoemde tegnieke maak gewoonlik deel uit van 'n hedendaagse en sportsielkundige intervensie. SHIP<sup>®</sup> verwys na gedrag in terme van

potensialiteit wat verwys na die manier waarop iemand hom- of haarself in alledaagse situasies oordra. Die doel van SHIP<sup>®</sup> verskil van die behavioristiese model in dié sin dat SHIP<sup>®</sup> nie effektiewe gedrag aanleer nie, maar fokus op die persoon se interne wysheid wat individueel spesifiek is, en die potensiaal het om self te heel en te groei deurdat die terapeut die kliënt se helings- en groeiproses objektief fasiliteer.

Volgens die kognitiewe model is mense geneig om verkeerde denkwyses te inkorporeer wat tot emosionele versteurings lei. Die kognitiewe model is 'n psigoopvoedkundige model wat fokus op die aanleer van nuwe denkwyses, die inoefening van nuwe vaardighede en die verwerwing van meer effektiewe hanteringstyle vir die hantering van probleme. Tydens die terapie tree die terapeut op as 'n onderwyser wat die kliënt leer om disfunksionele denkwyses te bevraagteken en te verander, en meer funksionele denkwyses en vaardighede te bemeester. Die model maak gebruik van verskeie tegnieke soos die aanleer van nuwe hanteringstyle, beelding, rolspel, die konfrontering van foutiewe denkwyses, formulering van alternatiewe interpretasies, die gee van huiswerk en debatvoering oor moontlike irrasionele denkwyses. Ook kenmerkend van die moderne sportielkundige intervensies is die fokus op “kopskuiwe” of “perception switches”. SHIP<sup>®</sup> verskil van die kognitiewe model ten opsigte van die kognitiewe model se fokus op die aanleer van nuwe hanteringstyle, teenoor SHIP<sup>®</sup> se fokus op die oopmaak van ervarings van energiesteurings wat gelei het tot die ontwikkeling van hanteringstyle om spontanehelingsreaksies te aktiveer, sodat die persoon optimaal kan funksioneer.

Die humanistiese model is 'n beskouing van die mens as 'n positiewe wese wat neig om na volle funksionering te beweeg. Dié model beskryf psigiese welstand as 'n kongruensie tussen die ideale self en ware self van die kliënt. Wanaanpassing word deur die model beskou as 'n diskrepansie tussen wat die kliënt wil wees, en wat die kliënt is. Die doel van die terapie is om kliënte toe te laat om gevoelens te ervaar wat voorheen ontken is. Tydens die terapie fokus die terapeut op empatie, kongruensie en warmte. Die model steun op tegnieke soos die refleksie van gevoelens, aktiewe luister en die opklaring van die kliënt se gevoelens. SHIP<sup>®</sup> kom ooreen met die humanistiese model in dié sin dat die psigoterapeut in SHIP<sup>®</sup> die kliënt, net soos die humanistiese model, ook met respek, empatie en warmte behandel. Verder toon





SHIP<sup>®</sup> ooreenkomste met Gendlin (1964) se beskrywing van gefokusheid waar die kliënt inwaarts fokus op sy gevoelens en nie wegstrem van ongemak nie. Beide Gendlin (1964) en SHIP<sup>®</sup> konsentreer op die proses en belewenis van die kliënt soos dit in die hier en nou ervaar word.


NLP is die bestudering van die mens se subjektiewe ervarings. Die doel van NLP is om tegnieke aan die kliënt te verskaf wat positiewe veranderinge sal veroorsaak. Tydens NLP word die kliënt se veralgemenings bevraagteken en herprogrammeer. Tekorte van die psigodinamiese model is dat die model hoofsaaklik fokus op biologiese faktore. Dié tipe terapie vereis langdurige opleiding van terapeute en is ontoepaslik in die gewone voorligtingsopset. Dit is noodsaaklik dat kliënte wat hierdie tipe terapie ondergaan, sterk egogrense moet hê. Kritiek teen die behavioristiese terapie is dat dit gedrag verander, maar nie gevoelens nie. Verdere kritiek teen dié model is dat die terapeut die kliënt manipuleer, geen insig aan die kliënt verskaf nie en historiese oorsake van huidige gedrag ignoreer. Kognitiewe terapie se tekorte is dat die model nie fokus op die kliënt se verlede en onbewuste konflikte nie. Verdere kritiek teen die kognitiewe model is dat die model nie veel aandag gee aan emosies nie. Kritiek teen die humanistiese model is dat die terapeute te passief is en tot refleksies van emosies beperk is. Vanuit 'n SHIP<sup>®</sup> perspektief kan NLP gekritiseer word omdat die model die spontane ritme van die kliënt onderdruk deur te fokus op tegnieke om die kliënt te verander (Ryckman, 1987; Corey, 1996; Hill, 2001; Möller, 1993).

JOS (2002) kritiseer terapeute vanuit die hoofstroom-Sielkunde omdat hulle geleer word om beheer te neem van die kliënt se probleme. Hierdeur word die kliënt se probleme nie onvoorwaardelik aanvaar nie en projekteer die terapeut sy idees op die kliënt. Deur beheer te neem van die kliënt se probleme word die boodskappe van die kliënt se individuele spesifieke veld met ander woorde gediskwalifiseer. SHIP<sup>®</sup> erken dat heling in die kliënt self geleë is, terwyl ander terapeute wat fokus op die verligting of verandering van simptome (soos in die genoemde modelle), kliënte afhanklik kan maak, in plaas van onafhanklik. Die hoofstroom-Sielkunde leer aan kliënte tegnieke om probleme te hanteer, waar SHIP<sup>®</sup> die energie wat kliënte gebruik om hierdie hanteringsmeganismes in stand te hou, losmaak en sodoende die kliënt in staat stel om sy volle potensiaal te kan verwesenlik. Tydens SHIP<sup>®</sup> val kliënte nie terug op vorige hanteringstyle nie. Tydens elke SHIP<sup>®</sup> sessie beweeg die kliënt nader aan die



ware self, en word hy trouens steeds meer homself. Die proses van SHIP<sup>®</sup> kan soos volg voorgestel word.

### 4.3 DIAGRAM AGTIEN – DIE PROSES VAN SHIP<sup>®</sup>




Elke keer wat die persoon van die glas drink (SHIP<sup>®</sup> terapie ondergaan), kan dit vir die kliënt voel dat die probleem nie opgelos word nie. Die werklike proses is dat die probleem stelselmatig minder en minder word, totdat die kliënt ten volle gekonnekteer is (JOS, 2002).

Kliënte maak gebruik van 'n verskeidenheid van onttrekkers om weg te beweeg van ongemak. Voorbeelde van onttrekkers is byvoorbeeld om te veel te oefen, te veel te werk, of te veel te rook. Enigiets wat met 'n "te veel"-gevoel te doen het, kan 'n tydelike verligting by die kliënt teweegbring. Volgens JOS (2002) maak mense gebruik van verskeie onttrekkingstegnieke soos meditasie, slaapterapie, NLP, ensovoorts. Die kroniese gebruik van onttrekkers is 'n aanduiding dat kliënte se interne verdedigingsmeganismes na aan uitgeput is. Kognitiewe tegnieke wat ervarings uit die kliënt se verlede ontken, ontken die psigobiologiese natuur van inprenting en kettingstellings, wat volgens JOS (2002) weer verdere onttrekkers word. SHIP<sup>®</sup> verskil van hoofstroom-Sielkunde deurdat SHIP<sup>®</sup> nie gebruik maak van tegnieke wat aan die kliënt geleer word nie. SHIP<sup>®</sup> aktiveer die helingspotensiaal wat binne die kliënt is. Baie psigoterapeutiese tegnieke leer kliënte om beheer te neem. As die kliënt byvoorbeeld ongemak beleef, leer die terapeut aan die kliënt ontspanningstegnieke om die ongemak te hanteer. Tydens SHIP<sup>®</sup> bly die kliënt passief by die ongemak, sodat dit wat in die gediskonnekteerde inprentsentrum is, toegelaat word om te konnekteer en heel.

Helingsreaksies tydens SHIP<sup>®</sup> is permanent. Ná die voltooiing van SHIP<sup>®</sup> projekteer die kliënt se sisteem energie na sy omgewing dat onaanvaarbare dinge nie onderhandelbaar is nie. Psigoterapeutiese modelle vanuit die hoofstroom-Sielkunde probeer die omgewing waarin die kliënt homself bevind beheer, en neem nie geslote sisteme in ag nie. Die psigodinamiese terme “oordrag” en “weerstand” is nie van toepassing tydens SHIP<sup>®</sup> nie. JOS (2002) beskou tegnieke om weerstand van die kliënt weg te neem as projeksies van die psigoterapeut. As die psigoterapeut tegnieke gebruik om weerstand te verminder, diskwalifiseer die psigoterapeut dit wat die kliënt na die sessie toe bring, en word die kliënt se gevoelens nog verder onderdruk. SHIP<sup>®</sup> handhaaf die siening dat alle mense in 'n proses is. Sou 'n kliënt “weerstand” beleef tydens SHIP<sup>®</sup>, word dit beskou as deel van die kliënt se helingsproses en word die kliënt toegelaat om al sy ervarings passief te beleef sodat dit kan konnekteer.

Sien die onderstaande diagram.

#### **4.4 DIAGRAM NEGENTIEN – SPONTANEHELINGSPROSES**



In diagram negentien verteenwoordig die woorde “nie goed genoeg nie”, “isolasië”, “wil dit nie doen nie” en “hulpeloos”, intersistemiese ketteksprekies wat deur die persoon se individuele spesifieke veld werk. Die eersgenoemde is aanduidend dat spontanehelingsreaksie vroeër in die persoon se lewe geblok is met die resultaat dat die persoon nie sy lewe leef in ooreenstemming met sy individuele spesifieke veld nie. Diagram negentien toon dat spontanehelings slegs kan plaasvind as die

intersistemiese kettingekspresies se energie vrygelaat word, deurdat die terapeut die kliënt hou in die ervaring van interne konnektering van die kliënt se belewenis van sy ongemak, soos die spesifieke gevoelens in die diagram (“nie goed genoeg nie”, “isolasie”, “wil dit nie doen nie” en “hulpeloosheid”), sodat die kliënt sy volle potensiaal kan bereik.

#### 4.5 VERSKILLE TUSSEN PSIGOTERAPIE EN SHIP<sup>®</sup>

**DIE VERSKILLE TUSSEN TRADISIONELE PSIGOTERAPIE EN SHIP<sup>®</sup> KAN SOOS VOLG VOORGESTEL WORD**

<b>Tradisionele psigoterapie</b>	<b>SHIP<sup>®</sup></b>
Weerstand moet oorkom word.	Proses impliseer dat alles deel is van blootstellende heling (byvoorbeeld, weerstand is aanduidend van die intensiteit daaragter).
Verdedigingsmeganismes.	Hanteringstyle bring teenoorgesteldes tot stand.
Funksioneer hoofsaaklik op 'n geaktiveerde simpatiese vlak van veg of vlug.	Onwillekeurige helingsproses besig om te werk – kliënt moet passief wees.
Pasiënt met patologie.	Kliënt in proses van heling.
Psigoterapeut is die heler.	Psigoterapeut is die fasiliteerder.
Psigoterapeut manipuleer beelde deur tegnieke van onttrekkers.	Spontaneheling vind plaas in die beelde soos die ritme van die kliënt geakkommodeer word in SHIP <sup>®</sup> .
Mense herskep dinge omdat dit bekend en veilig is.	Mense herskep dinge om te heel.

## **4.6 'N VERGELYKING VAN SHIP<sup>®</sup> MET GESTALT-PSIGOTERAPIE, BIOENERGIEKE ANALISE, JOGA EN CHI-GUNG AS ALTERNATIEWE, ANTIEKE EN MODERNE ENERGIETERAPIË**

### 4.6.1 Gestalt-psigologie

#### Inleiding

Gestalt terapie is in 1952 deur Frederick S. ("Frits") Perls ontwikkel. Die terapie reflekteer 'n aksiebenadering wat op 'n dieper bewustheid en leefwyse in die hier en nou fokus (Perls, 1974).

#### Die filosofie van Gestalt-terapie

Die basiese filosofie van Gestalt-terapie behels die strewende na heelheid en integrasie van denke, gevoelens en gedrag. Die terapie huldig die siening dat die mens die kapasiteit het om 'n verband te trek tussen invloede van die verlede en probleme wat in die hede beleef word. Groei word beskou as 'n beweging van ondersteuning vanuit die omgewing na ondersteuning vanuit die self. Die model beklemtoon hoe en wat kliënte in die hier en nou ervaar sodat hulle polariteite in hulself kan aanvaar (Perls, 1974).

#### Die doel van Gestalt-terapie

Die doel van die terapie is eerstens om die kliënt by te staan om 'n groter bewustheid te ontwikkel van ervarings wat van oomblik tot oomblik ervaar word, en tweedens om die kliënt te konfronteer om verantwoordelikheid te neem en op innerlike ondersteuning te fokus, eerder as op eksterne ondersteuning (Perls, 1974).

#### Tegniese van Gestalt-terapie

Tegniese is in Gestalt-terapie ontwikkel sodat die kliënt se ervarings tydens terapie geïntensifiseer word en om 'n integrasie te bewerkstellig tussen konflikterende gevoelens. Voorbeelde van tegniese is konfrontasie, dialoë met polariteite, rolspel, bly by die gevoelens en die herbeleving van onvoltooide belewenisse in die vorm van skuldgevoelens (Perls, 1974).

## Ooreenkomste tussen Gestalt-terapie en SHIP<sup>®</sup>

Ooreenkomste tussen Gestalt-terapie en SHIP<sup>®</sup> is dat albei intervensies op die kliënt eerder as op patologie fokus. Beide intervensies fokus op die integrasie van ongeïntegreerde belewenisse van die verlede en handhaaf die siening dat die ware potensiaal van die mens binne die mens self is. 'n Verdere ooreenkoms is die beskrywing van die terapeutiese proses as 'n kontinuum van bewustheid waartydens heling en groei plaasvind.

## Verskille tussen Gestalt-terapie en SHIP<sup>®</sup>

Die verskille tussen Gestalt-terapie en SHIP<sup>®</sup> lê opgesluit in die toepassing van die terapieë. Tydens SHIP<sup>®</sup> lê die kliënt op 'n bed om sodoende passief op sy belewenis te bly fokus, terwyl die kliënt tydens Gestalt-terapie op 'n stoel sit. Tydens SHIP<sup>®</sup> is die fasiliteerder se rol om die kliënt te aktiveer en onttrekkers te neutraliseer sodat spontaneheling kan plaasvind. Tydens Gestalt-terapie speel die terapeut 'n meer aktiewe rol en maak hy gebruik van tegnieke soos konfrontasie en rolspel sodat die kliënt bewus raak van sy innerlike potensiaal.

### 4.6.2 Bioenergieke analise

#### Die ontstaan van bioenergieke analise

Alexander Lowen het in 1956 die Instituut vir Bioenergieke Analise in die Verenigde State van Amerika gestig. Hy het bioenergieke analise ontwikkel as 'n sistematiese metode wat op die verhouding tussen somatiese funksionering en psigologiese trauma fokus (Lowen, 1971).

#### Die doel van bioenergieke analise

Graham (1990) beskryf die doel van bioenergie as 'n gesonde integrasie van die liggaam en siel.

Volgens Lowen (1994:43) is bioenergieke analise 'n terapeutiese tegniek waardeur 'n kliënt gehelp kan word om weer een te word met sy liggaam sodat hy die lewe van die liggaam ten volle kan geniet.

Die beklemtoning van die liggaam behels die basiese funksies van asemhaling, beweging, gevoelens en self-ekspressie. 'n Persoon wat nie diep asemhaal nie

verminder die lewe van sy liggaam. As hy nie vrylik beweeg nie, strem hy die lewe van sy liggaam. As hy nie ten volle voel nie, ver-eng hy die lewe van sy liggaam. En as sy self-ekspressie ingeperk is, beperk hy die lewe van sy liggaam (Lowen, 1994).

Lowen (1994) beskryf die doel van bioenergie as om mense te help om hul primêre natuur te herwin. Hy beskryf die primêre natuur van die mens as 'n toestand van vryheid, 'n staat van grasia en skoonheid. Vryheid is volgens hom die afwesigheid van innerlike weerstand teenoor die vloei van gevoel, grasia die uitdrukking van vloei in beweging en skoonheid 'n manifestasie van innerlike harmonie (Lowen, 1994).

## Lowen (1994) se terapeutiese metodes

### Die konsep van praktiese empatie

Volgens Lowen (1994) is 'n voorbeeld van praktiese empatie wanneer die terapeut die kliënt se uitdrukkings naboots om te ervaar wat die uitdrukkings voorstel.

### Sentrering

Sentrering beteken om 'n persoon sover te kry om kontak te maak met soliede grond. Lowen (1994) het 'n basiese oefening ontwikkel om mense te help om meer gesentreer te wees. Hy noem dit die fundamentele stresposisie. Lowen (1994) beklemtoon dat dit belangrik is om die posisie te gebruik om meer bewus te raak van hoe die liggaam voel.

### Bioenergieke analise in perspektief

Bioenergieke analise verskaf 'n metode waarvolgens die karakter van die mens dinamies geanaliseer word sonder die gebruik van woorde. Dit is 'n holistiese persoonsgeoriënteerde terapie waar die mens beskou word as 'n energie sisteem wat balans nastreef. Bioenergieke analise het ten doel om blokkasies te verwyder in die spier- en psigiese karakter om energievlakke te verhoog en dit realisties en genotvol vry te stel om die persoon se groei, self-uitdrukking en bewustheid te vergroot (Katchmer, 1993).

## Ooreenkomste tussen bioenergieke analise en SHIP<sup>®</sup>

'n Duidelike ooreenkoms tussen bioenergieke analise en SHIP<sup>®</sup> is dat beide terapieë op die verhouding tussen die somatiese en die psigologiese funksionering van die kliënt fokus. Verder beklemtoon beide terapieë 'n gesonde integrasie van liggaam en siel. Bioenergieke analise se beskouing van die mens as energiesisteem toon ook sterk ooreenkomste met SHIP<sup>®</sup> se beskouing van die mens as energiesisteem.

## Verskille tussen bioenergieke analise en SHIP<sup>®</sup>

'n Duidelike verskil tussen bioenergieke analise en SHIP<sup>®</sup> is dat bioenergieke analise primêr fokus op die fisieke manifestasies van die kliënt waar SHIP<sup>®</sup> op die psigologiese sowel as die fisieke manifestasies van die kliënt fokus. Die metode van toepassing van bioenergieke analise verskil met SHIP<sup>®</sup> ten opsigte van die metode van toepassing, byvoorbeeld: tydens Bioenergieke Analise staan die kliënt in die fundamentele stresposisie waar die kliënt op 'n bed lê tydens SHIP<sup>®</sup>. 'n Verdere verskil tussen die twee terapieë is dat bioenergieke analise ten doel het om blokkasies te verwyder in die spier- en psigiese karakter om energievlakke te verhoog teenoor SHIP<sup>®</sup> wat op spontane hellingreaksies fokus wat psigies sowel as fisies manifesteer.

### 4.6.3 Joga

#### Inleiding

Joga het sy oorsprong in Indië en is meer as 4 000 jaar oud (Riley, 2004). Dit is 'n komplementerende en alternatiewe praktyk wat op die ontwikkeling en handhawing van psigiese en fisieke gesondheid fokus (Riley, 2004; Shearer, 1982).

#### Standaardkomponente van Joga

Die standaard komponente van alle Jogaskole is spesifieke liggaamshoudings, asemhaling en meditasie. Daar bestaan meer as 84 000 Joga-houdings wat genoeg ruimte laat vir eksplorاسie en innovering. Om Joga sinvol te beoefen is dit belangrik om op die kwaliteit en diepte van asemhaling te fokus wanneer 'n spesifieke houding ingeneem word (Riley, 2004).

## Die proses van Joga

In Joga word die menslike sisteem as 'n bron van kennis beskou wat presies weet wat die sisteem benodig vir optimale psigiese en fisieke welstand. Tydens Joga raak die kliënt bewus van sy psigiese en fisieke belewenisse van oomblik tot oomblik in die hier en nou. Joga reflekteer 'n proses van vertrouwe in die wysheid van die menslike sisteem deur weg te beweeg van die kliënt se wilsbesluite sodat sy ware potensiaal bereik kan word deur op sy sisteem se spontane proses van wysheid te fokus (Riley, 2004).

## Die effektiwiteit van Joga

Kundalini Joga is een van die algemeenste skole in Joga wat gekenmerk word deur oefeninge wat bloedtoevoer en energie aan die brein verskaf wat definitiewe voordele inhou vir die welsyn van die mens (Singh-Khalsa, 1998). Verder bestaan daar verskeie studies wat aantoon dat Joga belowende uitkomst vir fisiologiese (Murugesan, Govindarajulu & Bera, 2000) en psigologiese kondisies inhou (Malathi, Damodaran, Shah, Patil & Maratha, 2000). 'n Voorbeeld van eersgenoemde is die studie oor die effek van Joga op die gemoed van 113 pasiënte in 'n psigiatriese hospitaal in New Hampshire wat gebruik gemaak het van die Profile of Mood States (POMS) as psigometriese meetinstrument. Die studie het bevind dat Joga 'n insiggewende positiewe effek het op die gemoed en stresvlakke van die pasiënte (Lavey, Sherman, Mueser, Osborne, Currier & Wolfe, 2005).

## Ooreenkomste tussen Joga en SHIP<sup>®</sup>

Eerstens kom Joga en SHIP<sup>®</sup> ooreen ten op sigte van die feit dat albei toegespits is op die psigiese en fisieke welsyn van die kliënt. Net soos Joga beskou SHIP<sup>®</sup> die kliënt se sisteem as 'n bron van wysheid. Beide intervensies beweeg weg van die rasionele wilsbesluite van die kliënt en fokus op die spontane proses van wysheid van die kliënt se sisteem. Tydens Joga en SHIP<sup>®</sup> fokus die kliënt op sy psigiese en fisieke belewenisse soos dit van oomblik tot oomblik in die hier en nou beleef word.

## Verskille tussen Joga en SHIP<sup>®</sup>

SHIP<sup>®</sup> verskil van Joga ten opsigte van die metode van toepassing. Tydens SHIP<sup>®</sup> byvoorbeeld is die rol van die terapeut die fasilitering van die kliënt se proses, terwyl die rol van die Joga-terapeut meer ooreenkomste toon met dié van 'n instrukteur. In



Joga neem die kliënt aktief deel deur op verskillende maniere asem te haal en te mediteer, terwyl die kliënt tydens SHIP<sup>®</sup> op 'n bed lê en passief fokus op sy psigiese en fisieke belewenisse. Verdere verskille is dat kliënte Joga op hul eie, in groepe, of in die buitelug kan doen, terwyl SHIP<sup>®</sup> 'n individuele terapie is wat in 'n kantoor plaasvind.

#### 4.6.4 Chi-Gung

##### Inleiding

Chi-Gung dateer duisende jare terug. Vroeë verwysings dateer terug na Chin Shin Huang Ti (2690 - 2590 vC). Chi-Gung is energieke oefeninge wat uit baie dissiplines bestaan, onder meer Tai Chi (Liao, 1990).

##### Die rasionaal van Chi-Gung

Chi-Gung handhaaf die siening dat fisiekeen psigiese gesondheid gebaseer is op goeie bloedsomloop en die energie (Chi) rondom die liggaam. Volgens Chi-Gung ontstaan siektes wanneer die sisteem blokkasies ontwikkel of fisies en emosioneel versteur word. Die doel van Chi-Gung is om blokkasies in die menslike sisteem te verwyder en om energievloei te herstel (Dunn, 1987).

##### Chi-Gung en oefening

Oefeninge tydens Chi-Gung gaan gepaard met 'n lae vlak van inspanning en gefokusheid. Tydens Chi-Gung word die interne organe, spesifiek die hart en longe, gestimuleer sonder dat uitputting plaasvind of weefselskade opgedoen word. Chi-Gung kan met veiligheid twee keer per dag gedoen word (Dunn, 1987).

##### Chi-Gung en heling

Vanuit 'n helingsperspektief kan Chi-Gung deur enigiemand op enige vlak van gesondheid gedoen word. Kliënte wat aan kroniese moegheid lei kan dit byvoorbeeld doen terwyl hulle plat lê. Verder het top-atlete gevind dat hulle baat vind by Chi-Gung ten opsigte van hul gefokusheid, ingesteldheid en uithouvermoë. 'n Verdere voordeel van Chi-Gung is dat dit help om die vigor-vlakke van beseerde atlete te handhaaf (Carnie, 1997).

## Ooreenkomste tussen Chi-Gung en SHIP<sup>®</sup>

Daar is duidelike ooreenkomste tussen Chi-Gung en SHIP<sup>®</sup> se siening van die mens as energiesisteem. Chi-Gung en SHIP<sup>®</sup> is ook aanpasbaar by die kliënt se vlak van funksionering en beide fokus op sowel die psigiese as die fisieke welsyn van die kliënt.

## Verskille tussen Chi-Gung en SHIP<sup>®</sup>

SHIP<sup>®</sup> verskil met Chi-Gung ten opsigte van die metode van toepassing: byvoorbeeld tydens SHIP<sup>®</sup> fasiliteer die terapeut die spontanehelingsprosesse van die kliënt deur die kliënt passief in 'n geaktiveerde staat te hou en tydens Chi-Gung voer die kliënt aktief bewegings uit en fokus op sy asemhaling en die korrektheid van die uitvoering van die bewegings.

## 4.7 SAMEVATTING

Uit hoofstuk vier is dit duidelik dat SHIP<sup>®</sup> duidelike ooreenkomste en verskille met die genoemde modelle toon. SHIP<sup>®</sup> gee ook erkenning aan die onbewuste, net soos die psigodinamiese model, maar gaan anders te werk as die simptomeverligting van dié modelfokus. SHIP<sup>®</sup> verskil van die behavioristiese model deurdat SHIP<sup>®</sup> nie op die aanleer van gedrag fokus nie, maar op die persoon se interne wysheid en daardeur die bereiking van sy volle potensiaal. Waar die kognitiewe model op die aanleer van nuwe hanteringsmeganismes fokus, fokus SHIP<sup>®</sup> op die oopmaak van ervarings wat tot hanteringsmeganismes gelei het, sodat die persoon optimaal kan funksioneer. SHIP<sup>®</sup> stem ooreen met die wyse waarop die humanistiese model die kliënt behandel, naamlik met empatie, warmte en respek. SHIP<sup>®</sup> stem ooreen met die wyse waarop die humanistiese model die kliënt behandel, naamlik met empatie, warmte en respek. SHIP<sup>®</sup> toon ook ooreenkomste met Gendlin (1964) se psigoterapie van ervarings en sy konsep van gefokusheid op inwaartse gevoelens. SHIP<sup>®</sup> verskil van NLP deurdat SHIP<sup>®</sup> nie die kliënt herprogrammeer deur op spesifieke tegnieke te fokus wat in NLP gebruik word nie. Die klem val eerder op die spontane ritme van die kliënt en bewerkstellig 'n balans in die kliënt se individuele, spesifieke veld. Dit gebeur deurdat die energie van gevriesde potensialiteite ontvries word, deur die proses van die kliënt te fasiliteer sodat hy sy volle potensiaal sal bereik. SHIP<sup>®</sup> kom ooreen met Gestalt-terapie ten opsigte daarvan dat albei



intervensies op die integrasie van ongeïntegreerde belewenisse fokus. Bioenergieke analise, Joga en Chi- Gung toon duidelike ooreenkomste met SHIP<sup>®</sup> ten opsigte van die terapieë se fokus op die psigiese en fisieke belewenisse asook energiewelke van die kliënt se sisteem. Hoofstuk vyf fokus op die populasiegroep van die studie, naamlik adolessente.

## HOOFSTUK VYF

### ADOLESENSIE

#### 5.1 INLEIDING

Adolesensie gaan gepaard met vinnige liggaamlike en genitale ontwikkeling wat kan lei tot innerlike konflik oor emosionele en fisiologiese behoeftes. Berzonsky (1981) beskryf dit as 'n fase van kognitiewe, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling en aanpassing. Kiell (1964) meen dat adolessente se konflikte gegrond is in seksuele frustrasie wat ontstaan uit fisiese rypheid en sosiale beperkings, onsekerheid oor die generasiegaping in 'n veranderde gemeenskap, onstandvastigheid in outoritêre verhoudings, probleme om weg te beweeg van ouers en probleme om te sosialiseer.

#### 5.2 DIE PSIGOANALITIESE TEORIE

Die psigoanalitiese teorie van Freud (1953 - 1974) beskryf adolessensie as 'n krisis wat manifesteer in die psigoseksuele ontwikkeling van die mens. Volgens sy teorie bereik die krisis 'n hoogtepunt net ná puberteit wat sentreer rondom seksuele ontwaking. Freud is van mening dat seksuele rypwording lei tot 'n toename in libido-energie wat die ego met soveel angs bedreig, dat die verdediging teen angs die adolessent patologies laat voorkom. Een van die verdedigingsmeganismes wat by die adolessent voorkom, is opstandigheid wat gewoonlik teen ouers gerig is in die soeke na 'n eie identiteit.

Freud beskryf die opstand in terme van die adolessent se seksualiteit wat nie verwerp kan word nie, en dan resulteer in opstand teen sy ouers. Monteth, Postma, Scott (1988) beskryf oormatige seksuele nuuskierigheid tydens adolessensie as 'n onverwerkte oedipale konflik, en sterk afhanklikheidsproblematiek as orale fiksasies tydens die eerste lewensjaar. Volgens hulle het die vorm van infantiele seksualiteit tydens die kinderjare 'n direkte invloed op hoe adolessensie later beleef word. Matteson (1975) beskryf die adolessent se rebellering teen sy ouers as 'n verdediging teen diegene wat die adolessent seksueel in versoeking bring, sowel as 'n eksterne ekspressie van iets binne hulself wat hulle verwerp. Die adolessente periode eindig volgens die psigoanalitiese teorie van Freud wanneer die adolessent

in staat is om sy afhanklikheid van sy ouers te verminder en dan betrokke te raak in 'n verhouding met 'n lid van die teenoorgestelde geslag.

### **5.3 BALK (1995) SE BESKRYWING VAN ADOLESSENSIE**

Balk (1995) beskryf adolessensie as 'n tydperk van storm en drang, emosionele onstabieliteit, en skommeling tussen uiterstes. Veranderinge tydens adolessensie word volgens hom bepaal deur genetiese en fisiologiese faktore. Balk (1995) identifiseer wisselende emosies tydens adolessensie byvoorbeeld soos volg: vrolikheid teenoor terneergedruktheid; ydelheid en grootpraterij teenoor nederigheid en skaamte; idealistiese altruïsme teenoor selfsugtigheid; energieke entoesiasme teenoor traak-my-nie-agtigheid; verveeldheid, asook sensitiwiteit, teenoor gevoelloosheid; en teerheid teenoor wreedheid. Balk (1995) beskou adolessensie as 'n tydperk waar individualiteit ontwikkel word.

### **5.4 DIE BEHAVIORISTIESE MODEL**

Die (behavioristiese) sosiale leerteorie van Bandura (1977b) fokus op die verband tussen sosiale en omgewingsfaktore en hoe dit adolessente se gedrag beïnvloed. Bandura (1977b) bevraagteken die siening dat adolessensie 'n tydperk van storm en drang en rebelsheid is. Volgens hom is die beskrywing van adolessensie as 'n periode wat gekenmerk word deur 'n akute identiteitskrisis, seksuele spanning en angs, slegs van toepassing op tien persent van die adolessente populasie. Opmerklike veranderinge by adolessente word deur hom toegeskryf aan skielike wysigings in die gesinstruktuur, sosialisering, verwagtinge van die portuurgroep en ander omgewingsfaktore. Bandura (1977a) se siening oor die ontwikkeling en optrede van adolessente hou verband met 'n geskiedenis van versterking, waarneming van andere se optrede, nabootsing van wat andere doen en die onthou van uitstaande kenmerke.

### **5.5 PIAGET SE KOGNITIEWE BENADERING**

Volgens Piaget (1977) bereik adolessente 'n vlak van formele operasies waar hulle begin nadink oor stellings wat nie aan konkrete voorwerpe gekoppel word nie, byvoorbeeld persoonlike en politieke waardes, die uniekheid van sy eie kenmerke en gevoelens, die wetgewing oor aborsie, wetenskaplike onderwerpe, die bestaan van God, ensovoorts.

Piaget (1977) onderskei verskeie kenmerke van formeel-operasionele denke tydens adolessensie, naamlik: abstrakte denke, denke oor die werklike teenoor die moontlike, proporsionele denke (om stellings oor stellings te maak), wetenskaplike denke, hipoteties-deduktiewe denke, die begrip van proporsionaliteit en kombinatoriese denke. Formele denke is volgens Louw (1990) belangrik vir die adolessent se ontwikkeling, byvoorbeeld waar die ouer-kindverhouding beïnvloed word deurdat die adolessent daarna strewende om onafhanklike besluite te neem en so sy eie menings formuleer. Die adolessent word ook bewus van inkonsekwentheid tussen die waardes van die ouers en hul werklike gedrag. Sou die ouers, gesin en samelewing van die ideale afwyk, kan dit gebeur dat die adolessent teen die ouers en samelewing rebelleer (Fein, 1978; Mussen, Conger, Kagan & Huston, 1984). Formele denke stel die adolessent in staat om oor homself en ander persone te dink en 'n persoonlikheidsperspektief te ontwikkel. Die adolessent se toenemende vermoë om hipoteses te formuleer, veroorsaak dat bestaande sosiale, politieke en religieuse stelsels beoordeel word. Adolessente se vermoëns om te teoretiseer lei daartoe dat hulle ideale samelewings, gesinne gelowe en oplossings konstrueer. Tydens adolessensie word die individu toenemend bewus van homself, wat veroorsaak dat die adolessent introspektief en analities word. Die adolessent se onderskeidingsvermoë van hoe dinge is en hoe dit kon gewees het, kan volgens Louw (1990) aanleiding tot gemoedskommeling tussen depressie en ontevredenheid, of vreugde en geluk gee.

## **5.6 LOUW (1990) SE BESKRYWING VAN ADOLESSENSIE**

Louw (1990) beskryf adolessensie as 'n fase van egosentrisme wat formeel-operasionele denke beperk. Volgens Elkind (1967) lei egosentrisme by adolessente tot die skepping van 'n denkbeeldige gehoor. Hierdie denkbeeldige gehoor word geskep omdat adolessente volgens Elkind (1967) 'n preokkupasie het met hul eie denke, wat veroorsaak dat hulle nie kan onderskei tussen hulle eie denke en dit waaroor ander mense dink nie. Hy meen verder dat die bewustheid van 'n denkbeeldige gehoor 'n intense behoefte aan privaatheid, skaamte, intense selfbewustheid en 'n gevoel dat niemand hom verstaan nie, by die adolessent laat ontwikkel. Tydens adolessensie vermeerder die kognitiewe vermoë, wat ook die potensiaal vir kreatiwiteit verhoog, alhoewel hierdie potensiaal nie altyd realiseer nie.

Wolf en Larson (1981) verklaar die rede hiervoor as dat die adolessent terselfdertyd bewus raak van druk om met die portuurgroep te konformeer. Die vermeerdering van die kognitiewe vermoë stel die adolessent in staat om gebruik te maak van asketisme en intellektualisering om angs oor onbekende of sensitiewe aangeleenthede te hanteer (Louw, 1990).

Tydens adolessensie ontwikkel morele waardes. Soms gebeur dit dat morele onrypheid by die adolessent bly voortbestaan. Hoffman in Louw (1990) skryf dit toe aan kognitiewe beperkings soos egosentrisme, die verwarring van subjektiewe en objektiewe ervarings en heteronome respek vir volwassenes (gevoelens van affeksie, minderwaardigheid, bewondering en vrees teenoor volwassenes wat die adolessent laat voel hy moet die volwassene se waardes onvoorwaardelik aanvaar en gevoelens van minderwaardigheid).

## **5.7 DIE HUMANISTIESE MODEL**

Die humanistiese model huldig die standpunt dat die adolessent se ontwikkeling deur sy individuele planne en toekomsideale bepaal word. Die model wys daarop dat die adolessent daarna strewende om sy vermoëns te ontwikkel, wat veroorsaak dat spanning vermeerder. Selfaktualisering by die mens, volgens die humanistiese siening, bereik nooit 'n versadigingspunt nie. Volgens die humanistiese model kan die adolessent omgewingsdruk hanteer deur 'n wilsbesluit te neem. Allport (1961) meen dat liggaamlike verandering tydens adolessensie groot veranderinge by adolessente se liggaamlike selfgevoel meebring, wat 'n bewys is van hul unieke bestaan. Hy verwys daarna as 'n proprieale funksie. Verdere proprieale funksies wat voortdurend bly ontwikkel, is volgens hom selfidentiteit, eiewaarde, selfuitbreiding, selfbeeld, rasionele denke en die stel van doelwitte. Die humanistiese model probeer vasstel wat die kenmerke van toppresteerders is en watter faktore optimale ontwikkeling kan bevorder.

## **5.8 LEWIN IN LOUW (1990) SE BESKOUIING**

Lewin in Louw (1990) beskou adolessensie as 'n oorgangstadium waartydens die adolessent sy groepslidmaatskap verander. Volgens hom behoort die adolessent gedeeltelik aan die kindergroep en gedeeltelik aan die volwassegroep. Die adolessent se gemoedskommeling weerspieël volgens hom 'n toestand van

onsekerheid en ongestruktureerdheid ten opsigte van sy sosiale status, gedrag, doelwitte, verpligtings en verwagtings.

## 5.9 ERIKSON(1959) SE BESKRYWING

Erikson (1959) beskryf adolessensie in terme van 'n identiteitskrisis wat deur sosiale en psigologiese faktore bepaal word. Die geïntegreerdheid van die adolessent se identiteit word volgens hom bepaal deur die invloed van die buitewêreld tesame met die adolessent se deelname daarin. Erikson (1959) beskou adolessensie as 'n normale krisis. Hy identifiseer agt verskillende ontwikkelingsstadiums waardeur 'n mens in sy lewe moet gaan. Elke stadium het 'n spesifieke ontwikkelingsstaak wat deurgewerk moet word voordat daar na die volgende fase oorgegaan kan word. Indien enige van die take nie suksesvol hanteer is nie, veroorsaak dit probleme in alle daaropvolgende stadiums en kan nie een van hulle suksesvol deurgewerk word nie. Erikson (1959) se psigososiale model kan soos volg voorgestel word.

## 5.10 ERIKSON (1959) SE PSIGOSOSIALE MODEL

<u>Lewensfase</u>	<u>Psigososiale aanpassing teenoor krisis</u>
Suigeling	Vertroue teenoor wantroue
Peuter	Otonomie teenoor skaamte en twyfel
Kleuter	Inisiatief teenoor skuld
Primêre skoolfase	Werk teenoor minderwaardigheid
Adolessent	Identiteit teenoor rolverwarring
Vroeë volwassenskap	Intimiteit teenoor isolasie
Volwassenskap	Voortplanting teenoor stagnasie
Laat volwassenskap	Integriteit teenoor wanhoop

Balk (1995).

Erikson (1959) noem die tydperk tussen kind-wees en die nuwe outonomie van volwassenskap 'n sielkundige moratorium. Tydens dié fase is daar volgens hom vir die adolessent verskillende identiteite van sy gemeenskap en kultuur beskikbaar, wat die adolessent toelaat om te eksperimenteer met verskillende rolle in 'n poging om vas te stel watter rolle die beste by hom pas. Die rolle wat met die konflikte



tydens adolessensie ooreenkom, laat by die adolessent 'n nuwe siening van homself ontwikkel wat aanvaarbaar is. Sou die adolessent nie die identiteitskrisis suksesvol oplos nie, ontstaan daar volgens Erikson (1959) 'n toestand van rolverwarring. Die verwarring kan meebring dat die adolessent sy identiteit in die groepe verloor en hom onttrek van sy familie en vriende.

Sou die adolessent konflikte voor adolessensie suksesvol oplos, ontwikkel hy 'n sterk basis om positief deur die identiteitskrisis te werk. As die adolessent nie voor adolessensie suksesvol deur konflikte werk nie, byvoorbeeld die eerste lewenskrisis van vertrouwe teenoor wantrouwe, kan dit gebeur dat die adolessent advies verwerp omdat hy voel hy kan nie ander mense vertrou nie. As die adolessent nie in sy tweede lewensjaar outonomie ontwikkel nie, kan dit hom tydens adolessensie beïnvloed, byvoorbeeld as hy die huis moet verlaat. Die ontwikkeling van inisiatief tydens die voorskoolse jare vorm volgens Erikson (1959) die basis vir ambisie en doelgerigtheid tydens adolessensie. Sou inisiatief nie ontwikkel nie, kan 'n gevoel van ingeperktheid en skuldgevoelens tydens adolessensie voorkom (Newman & Newman, 1998).

Geslagsrolidentifikasie gaan hand aan hand met die identiteitskrisis wat tydens adolessensie beleef word. Die manlike geslagsrol word gekenmerk deur aggressiwiteit, dominerend, onafhanklikheid en mededinging en die vroulike geslagsrol deur onderdanigheid, passiwiteit, afhanklikheid en konformering (Medinnus & Johnson, 1969).

Tydens adolessensie vind die vaslegging van seksualiteit plaas. By seuns ontwaak seksualiteit spontaan en word daar in 'n groter mate gefokus op seksorgane. By meisies is seksualiteit latent en word dit verbloem deur te fokus op besorgdheid, vertrouwe en 'n wederkerige verstandhouding in hul verhoudings met seuns, eerder as seksuele betrokkenheid (Zahn-Waxler, 1996). Adolessensie word gekenmerk deur fisiologiese veranderinge en die bewustheid daarvan, asook die bewustheid van sterflikheid (Matteson, 1975). Vir gesonde identiteitsvorming is dit belangrik dat die adolessent sy eie liggaam aanvaar. 'n Deel van identiteitsvorming tydens adolessensie is die keuse van 'n beroep. In die vorming van die manlike geslagsrolidentiteit fokus seuns op 'n beroep wat prakties is en waarde het. Tydens

die vroulike geslagsrolidentiteitsvorming fokus meisies meer op interpersoonlike verhoudings en intimiteit (Matteson, 1975).

Rogers (1961) meen dat beroepskeuse tydens adolessensie verband hou met die rol en status van die adolessent, byvoorbeeld die magistraat het 'n hoër status as die skoenmaker. 'n Belangrike aspek tydens die vorming van identiteit tydens adolessensie is die vorming van waardes. Adolessente se waardes ontwikkel vanuit hul vroeë lewenservaringe en uit verhoudings met hul portuurgroep en hul ouers. Adolessensie word deur 'n groei na onafhanklikheid gekenmerk. Sou die skuif van afhanklikheid na onafhanklikheid te vinnig plaasvind, kan dit die adolessent negatief, eensaam en angstig maak (Newman & Newman, 1998).

Matteson (1975) beskou negatiewe en opstandigheid teenoor outoriteit by adolessente as gevolg van die emosionele verlies en onbekendheid wat die adolessent beleef as hy die huis verlaat. Monteth, Postma en Scott (1988) beskryf simptome van identiteitsverwarring wat tydens adolessensie kan resulteer. Die eerste een wat hy beskryf is 'n verwarring van werkparalise waar die adolessent twyfel oor sy identiteit en mislukking vrees. In situasies waar daar van die adolessent wat 'n verwarring van werkparalise beleef, verwag word om homself te bewys, sukkel die adolessent om te konsentreer en toon hy ook simptome van angstigheid. Daaropvolgend identifiseer hy 'n verwarring van tydsperspektief, waartydens die adolessent probleme ervaar om die verloop van tyd in hul lewens te inkorporeer. Hierdie probleem kan volgens Erikson (1959) lei tot simptome van rebelsheid, depressie en slaapversteurings. Derdens identifiseer Erikson (1959) intimiteitsproblematiek by adolessente. Adolessente wat volgens hom onseker is oor hul eie identiteit kan tydens intieme verhoudings simptome van angs ervaar, wat kan veroorsaak dat die adolessent homself distansieer van verhoudings wat by hom 'n gevoel van twyfel en disintegrasie laat ontstaan. Laastens beskryf Erikson (1959) die adolessent met 'n negatiewe identiteit. Hy beskryf die proses as een waar die adolessent se ouers meer klem lê op wat hy nie behoort te word nie, as om te fokus op wat hy behoort te word. In so situasie, meen hy, kan die adolessent 'n negatiewe identiteit kies. Erikson (1959) glo dat as die positiewe vir 'n adolessent geblokkeer word, hy 'n keuse van 'n negatiewe identiteit kan maak.

Berzonsky (1981) beskryf depressie as 'n algemene belewenis tydens adolessensie. Hy voer aan dat die redes vir die belewenis daarvan gevind kan word in die adolessent se huislike probleme, sosiale verhoudinge en onsekerhede oor identiteit. Berzonsky (1981) meen dat depressie by adolessente baie keer deur ontkenning verbloem word. Volgens hom is veral seuns geneig om hulle ware gevoelens weg te steek om depressie te vermy. Verder beskryf hy dat adolessente depressie deur 'n masker van geluk of bravade verbloem. Hy kategoriseer die belewenis van depressie in vier vlakke, naamlik 'n emosionele-, fisieke-, motiverings- en kognitiewe vlak. Die emosionele vlak behels 'n negatiewe houding teenoor die self. Die fisieke vlak behels slaapversteurings, 'n verlies aan eetlus, afgematheid en 'n afname in seksuele belangstelling. Simptome van die motiveringsvlak sluit onttrekking, 'n afname in dryfkrag, verlaging in motivering, 'n verhoogde afhanklikheid en selfmoordgedagtes in. Hy beskryf simptome van depressie op 'n kognitiewe vlak as besluitloosheid, negatiewe verwagtings van die toekoms, 'n versteurde liggaamsbeeld en 'n selfbestraffende houding. Adolessente kan intense gevoelens van angs en spanning beleef. Erikson (1959) meen dat die belewenis van angs en spanning by adolessente veroorsaak word deur probleme tydens die ontwikkeling van ego-identiteit.

## 5.11 SAMEVATTING

In hierdie navorsing word daar spesifiek met adolessente gewerk. SHIP<sup>®</sup> toon ooreenkomste met sielkundige modelle wat handel oor die ontwikkelingstadiums van adolessente.

Miller (2004) skryf dat die SHIP<sup>®</sup> fasiliteerder spesifieke intersistemiese kettingekspresies en intersistemiese kettinginprente met Erikson se ontwikkelingstadiums kan verbind om die psigoterapeutiese proses te verbeter. JOS (2002) beskryf 'n inprent as spontaneïteit wat verlore gaan. Intersistemiese kettingekspresies word in SHIP<sup>®</sup> gebruik sodat die kliënt met sy self kan konekteer. Erikson (1959) se ontwikkelingstadiums word gekenmerk deur bipolêre krisisse wat ooreenstem met SHIP<sup>®</sup> se beskrywing van teenoorgestelde belewenisse en gedrag by kliënte wat intersistemiese kettinginprente in hul individuele spesifieke veld het. Rice (1996) is van mening dat die suksesvolle afhandeling van 'n ontwikkelingstadium 'n positiewe effek op die adolessent se persoonlikheid het en verdere ontwikkeling laat plaasvind. Bogenoemde kom volgens Miller (2004) ooreen



met die integrasie van teenoorgesteldes tydens SHIP<sup>®</sup> wat konnekteer en groei by die adolessent laat ontwikkel. Tydens die integrasie van teenoorgesteldes balanseer die hanteringstyle van die kliënt. Hoofstuk ses gaan fokus op die moontlike voordele en bydrae van SHIP<sup>®</sup> by adolessente tennisspelers.

## HOOFSTUK SES

### MOONTLIKE VOORDELE EN BYDRAE VAN SHIP<sup>®</sup> BY ADOLESENTE TENNISPELERS

#### 6.1 INLEIDING

Die hipotese van hierdie studie is dat SHIP<sup>®</sup> die spelers se stresshantering op die baan, algehele gemoedstoestand en psigiese welsyn kan verbeter. Ten spyte van hierdie aanname kan daar vele ander moontlikhede by die spelers ontwikkel. 'n Voorbeeld van hierdie moontlikhede is Gallwey (1974) se beskouing van self 1 en self 2.

#### 6.2 GALLWEY (1974) SE BESKOUIING VAN SELF 1 EN SELF 2

Gallwey (1974) onderskei tussen die twee selwe van tennisspelers: die "ek" (self 1) en die "self" (self 2). Die rol van die ek is om instruksies aan die self te gee, wat die self dan volg en toepas, en weer deur die ek geëvalueer word. Volgens hom lê die sleutel om beter tennis te speel in die verbetering van die verhouding tussen die bewuste ek en die onbewuste self. Hierdie navorsing handel spesifiek oor tennisspelers. Gallwey (1974) is van mening dat topprestasie in tennis onmoontlik is sonder die nodige sielkundige vaardighede. Hy beskou tennis as 'n spel wat bewustelik sowel as onbewustelik gespeel word. Bewustelike prosesse het volgens hom te doen met oordele van goed en swak. Hy kritiseer die aanleerproses en motivering van tennisspelers deur daarop te wys dat dit meestal op oordele fokus. Hy kritiseer ook positiewe terugvoer omdat dit logies gesproke nog steeds 'n oordeel is, want iets kan nie positief wees as 'n mens nie weet wat negatief is nie. Die vel van oordele tydens 'n tenniswedstryd eindig volgens hom in 'n spel waar die speler poog om die negatiewe met die positiewe te vervang. Sy antwoord hoe om oordele te stop, is eenvoudig om te stop en die realiteit te sien gebeur. Deur eersgenoemde te laat gebeur, sal volgens hom tot kalmte by die speler lei. Die volgende stap is om die onbewuste te vertrou om te speel. Vertroue in die onbewuste lei volgens hom tot selfvertroue by die speler. Wat konsentrasie tydens 'n wedstryd aanbetref, is dit vir hom belangrik dat die speler moet fokus op die hede deur sy sintuie te gebruik, te sien, hoor en voel wat sy liggaam doen, sonder oordele. Vertroue in die onbewuste lei volgens hom tot topprestasie in tennis. SHIP<sup>®</sup> kan die self 1 en self 2 nader aan

mekaar bring wat die fokus op die hier en nou kan verbeter en 'n groter vertroue in die onbewuste bring.

### **6.3 DYER(1990) SE BESKOUIING VAN SUKSES**


Dyer (1990) beskou sukses as 'n paradoks waar 'n mens homself moet losmaak van alles waarvan hy afhanklik is, en homself terselfdertyd moet beskou as deel van alles. Hy is van mening dat 'n mens limiete plaas op prestasie deur die manier hoe 'n mens jou eie grense bewerkstellig, wat afhanklik is van die samelewing en hoe 'n mens groot word. As 'n mens byvoorbeeld groot word met 'n negatiewe selfbeeld en glo jy kan iets nie doen nie, sal mens dit nie regkry nie. Volgens hom moet daar 'n vloeï tussen denke en spel plaasvind tydens 'n tenniswedstryd om suksesvol te wees. Sodra 'n speler ná elke hou analiseer wat gebeur, verbreek hy die vloeï en plaas hy grense op sy potensiaal en prestasie. Om vloeï te bereik, is dit volgens hom belangrik om te fokus op die taak, en alles wat 'n mens se aandag kan aftrek, te vermy. SHIP<sup>®</sup> se bydrae tot Dyer (1990) se siening is dat SHIP<sup>®</sup> 'n groter doelgerigtheid en gefokusheid by die spelers kan bewerkstellig wat tot optimale prestasie kan lei.

### **6.4 DIE VLOEISTAAT**

Jackson en Csikszentmihalyi in Weinberg en Gould (2007) identifiseer die volgende aspekte wat teenwoordig moet wees vir 'n atleet om die vloeïstaat te bereik. Eerstens is hulle van mening dat daar 'n balans tussen die speler se vaardighede en die uitdaging moet wees. Tweedens moet die atleet ten volle ingestel wees op die aktiwiteit. Derdens moet daar baie duidelike doelwitte wees. Vierdens moet die speler bewus wees van sy aksies. Vyfdens moet daar 'n totale konsentrasie op die taak wees. Sisdens moet daar 'n verlies aan selfbewustheid wees en laastens moet daar 'n sin van beheer by die speler wees om die vloeïstaat te bereik.

Sien onderstaande diagrammatiese voorstelling van die vloeïmodel van Kimiecik en Stein in Weinberg en Gould (2007).

**DIAGRAM TWINTIG – VLOEIMODEL VAN KIMIECIK EN STEIN IN WEINBERG EN GOULD (2007)**



SHIP<sup>®</sup> kan die vloeistaat van die tennisspeler verbeter deur 'n hoër vlak van geabsorbeerbaarheid te bewerkstellig.

**6.5 POTENSIAAL EN KAPASITEIT**

Om potensiaal en kapasiteit by tennisspelers te verhoog, is dit volgens die navorser belangrik om eers te werk met die aspekte wat verhoed dat die speler volgens sy potensiaal presteer. SHIP<sup>®</sup> doen presies dit, deur te fokus op intersistemiese kettingekspresie en intersistemiese ketting-inprente sodat dit wat gediskonnekteer is, kan konnekteer, en deur alle blokkasies wat die potensiaal van die speler terughou, spontaan te laat verwesenlik. 'n Belangrike aspek van SHIP<sup>®</sup> is dat die fokus op die self is. Sou die speler tennis speel as 'n onttrekker en ekstern gemotiveer word om te speel, byvoorbeeld omdat sy ouers wil hê hy moet speel, kan die hipotese gestel word dat die speler ná SHIP<sup>®</sup> sal ophou speel, omdat tennis as onttrekker nie meer sal nodig wees nie. Sou die speler speel omdat hy self gemotiveer is, kan die hipotese gestel word dat sy potensiaal en kapasiteit sal verhoog. Die hipotese word gestel dat die speler wie se hanteringstyle in balans is, optimaal kan presteer.

Flett (2004) se ongepubliseerde artikel identifiseer die volgende kenmerke van 'n kliënt wie se hanteringstyle in balans is. Hierdie kenmerke kan ook as die uitkomst van 'n ideale SHIP<sup>®</sup> intervensie gesien word.

- Buigbaarheid
- Die vermoë om 'n persoonlike betekenis van die lewe te bewerkstellig
- Die vermoë om emosies op 'n gebalanseerde wyse te voel en uit te druk
- Om verantwoordelikheid te neem vir jou eie emosies en persepsies
- Die vermoë om beheer te neem en om te laat gebeur (“let go”) wanneer dit nodig is
- Om 'n sin van eie waarde te hê wat geïnternaliseer is; nie afhanklik of geëksternaliseer nie
- Om aksie en ontspanning te kan balanseer
- Om doelwitte te hê sonder dat die eiewaarde afhanklik is van die bereik van die doelwitte
- 'n Persoonlike sin van doelgerigheid en passie wat op verskeie maniere uitgedruk kan word.

Al die eersgenoemde kenmerke van Flett (2004) se ongepubliseerde artikel kom ooreen met spontaneheling in SHIP<sup>®</sup>. Spontaneheling is die proses waar die kliënt se interne wysheid die toon aangee vir die bereiking van 'n balans tussen die fisieke, emosionele, psigiese en spirituele aspekte van die persoon.


## **6.6 SCHLEBUSCH (2002) SE OPTIMALE FUNKSIONERING**

Schlebusch (2002) beweer dat optimale funksionering bepaal word deur 'n mens se hanteringsmeganismes, hoeveel stres 'n mens kan hanteer, persoonlike



karaktereieenskappe, denke, dieet, vlak van fiksheid en 'n mens se persepsie van stres in sy lewe. Hy voeg by dat 'n mens se spesifieke hanteringsmeganisme soms meer skade kan doen as die stres wat ervaar word. Volgens hom verhoog 'n gesonde lewenstyl die mens se vermoë om stres te hanteer. Hy stel dit grafies soos volg voor.

**DIAGRAM EEN-EN-TWINTIG – HANTERING VAN STRES – SCHLEBUSCH (2002)**



Schlebusch (2002) se beskouing van positiewe stres kom ooreen met SHIP<sup>®</sup> se siening van konnektering met die self. Schlebusch (2002) identifiseer die volgende karaktereieenskappe waartoe positiewe stres lei, naamlik: goeie konsentrasie; samewerkende gedrag; die handhawing van hoë standaarde; effektiewe probleemoplossingsvaardighede; goeie self- en tydsbestuur; goeie kommunikasievaardighede; duidelike besluitnemingsvaardighede; assertiwiteit; minder aggressiwiteit en onderdanigheid; ondersteunende verhoudings; goeie werksetiek en bywonings; 'n positiewe, gelukkige lewensuitkyk; verhoogde optimisme; beter hanteringsvaardighede; omgee vir ander; 'n gepaste sin vir humor; hoë produktiwiteit; 'n sterk belangstelling in die lewe; goeie langtermynbeplanning; oop en duidelike denkwyses; 'n hoë vlak van motivering; verhoogde selfbeeld; verhoogde bereiking van prestasies; realistiese persepsies en verwagtinge van die self; verhoogde energie; vloei tydens verandering; 'n gebalanseerde en gesonde

leefwyse; algemene welstand sowel as 'n helende beeld; meer tyd vir ontspanning en genot. Die aanname van hierdie studie is nie dat alle genoemde eienskappe sal verbeter nie, maar dat SHIP<sup>®</sup> dit wel positief kan beïnvloed.

## 6.7 TAAKORIËNTASIE / EGO-ORIËNTASIE – STEYN (2001)

SHIP<sup>®</sup> kom ooreen met Steyn (2001) se uiteensetting van die taak-en egogeoriënteerde atleet. Sien die onderstaande uiteensetting.

### TAAKORIËNTASIE

Vergelyk baie min met opponente om sukses te bepaal

Sukses word bepaal deur die bereiking van persoonlike doelwitte (innerlike norm)

Beklemtoon genot

Proses-georiënteerd, beklemtoon leer

Die atleet is in beheer van sy lewe

Hou van uitdagings

Onafhanklik

Laer stres

### EGO-ORIËNTASIE

Vergelyk met opponent om sukses te bepaal

Sukses word bepaal deur die opponent te klop (eksterne norm)

Beklemtoon sosiale aanvaarding, uitkomsgeoriënteerd (wen is alles)

Sport kan 'n obsessie word

Hoe hoër die uitdaging, hoe laer die inset

Afhanklik

Hoër stres

SHIP<sup>®</sup> beskou die taak-georiënteerde atleet as gekonnekteer met die spontane deel van die self en die ego-georiënteerde atleet as ongekonnekteer.

SHIP<sup>®</sup> fokus op die interne prosesse van die kliënt sodat hy of sy onafhanklik in beheer is van sy of haar lewe, wat ooreenstem met Steyn (2001) se taak-georiënteerde atleet. Die aanname word gemaak dat SHIP<sup>®</sup> aanleiding kan gee tot laer stresvlakke, hoër vlakke van genot en 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van uitdagings wat tot verbeterde prestasies kan lei.



## 6.8 SAMEVATTING

Flett (2004) se kenmerke van 'n kliënt wie se hanteringstyle in balans is, hou verband met Schlebusch (2002) se beskouing van positiewe stres en Steyn (2001) se uiteensetting van die taakgeoriënteerde atleet. Flett (2004), Schlebusch (2002) en Steyn (2001) beskryf eienskappe wat belangrik is vir optimale funksionering en prestasie. SHIP<sup>®</sup> fokus op die unieke proses van die adolessente tennisspeler wat optimale funksionering by die tennisspeler moontlik positief kan beïnvloed..

## HOOFSTUK SEWE

### METODOLOGIE

#### 7.1 INLEIDING

Hierdie studie handel oor die effek van SHIP<sup>®</sup> (Spontanehealing Intrasistemiese Proses) by tennisspelers en die waarde daarvan ten opsigte van die ontwikkeling van sielkundige potensiaal van spelers. Die navorser is van mening dat net soos die tegnologie in sport ontwikkel, dit ook belangrik is dat die rol van sielkunde in sport sal ontwikkel. Daar bestaan 'n groot aantal psigoterapeutiese intervensies en tegnieke wat suksesvol in sport toegepas word, byvoorbeeld stresinokulasie-oefeninge, visuele motoriese gedrags-oefeninge, angs beheer-oefeninge, kognitiewe self regulerings-oefeninge, en psigoterapeutiese tegnieke soos beelding, progressiewe ontspanning, hipnose en sistematiese desensitasie. Die belang van hierdie studie is dat SHIP<sup>®</sup> as psigoterapeutiese intervensie nog nie tevore op sportdeelnemers nagevors is nie.

#### 7.2 NAVORSINGSONTWERP

Die studie is geskoei op 'n tradisionele eksperimentele ontwerp wat gebruik maak van 'n eksperimentele- en kontrolegroep. Verder leen die studie aspekte van Pieterse (2004) se enkelproefpersoon-navorsingsontwerp. Pieterse (2004) beskou die enkelproefpersoon-navorsingsontwerp as belangrik en toepaslik vir toegepaste sportsielkundige navorsing. Hy lê klem op die verbruikersvriendelikheid van die enkelproefpersoon-navorsingsontwerp in toegepaste situasies. Pieterse (2004) wys ook daarop dat die bogenoemde ontwerp 'n hoë graad van eksterne geldigheid het en dat die effek van die intervensie gedemonstreer kan word.

#### 7.3 DOELWIT VAN STUDIE

Die doel van die studie is om te bepaal wat die moontlike sielkundige bydrae van SHIP<sup>®</sup> tot die sielkundige funksionering van die tennisspeler is.

#### SUBDOELWITTE

- Die eerste subdoelwit is om te bepaal wat die effek van SHIP<sup>®</sup> op die spelers se kognitiewe angs, liggaamlike angs en selfvertroue is.



- Die tweede subdoelwit is om die effek van SHIP<sup>®</sup> op die speler se gemoedstoestand (spanning-ang, depressie, woede-vyandigheid, vigor, afgematheid, verwarring) en sielkundige welsyn (outonomieit, omgewingsbemeestering, persoonlike groei, doelgerigheid, selfaanvaarding, positiewe verhoudings, groei-ingesteldheid en entiteit-ingesteldheid) te bepaal.
- Die derde subdoelwit is om met 'n kwalitatiewe werkswyse te bepaal wat die effek van SHIP<sup>®</sup> op die hanteringstyle, konsentrasie, aandagbeheer, stresbeheer en genot van die speler is.
- Die vierde subdoelwit is om te bepaal of SHIP<sup>®</sup> waarde in die Sportsielkunde het.

#### **7.4 PROEFPERSONE**

Die subjekte wat aan die studie deelgeneem het, bestaan uit tien adolessente (vier manlik en ses vroulik) tennisspelers wat aan 'n tennisskool verbonde is. Die eksperimentele groepe bestaan uit ses tennisspelers (twee manlik en vier vroulik) wat deur SHIP<sup>®</sup> behandel is en 'n kontrole groep wat nie deur SHIP<sup>®</sup> behandel is nie maar wel die psigomeriese toetse afgelê het.

Die bogenoemde kriteria word gebruik, omdat die studie primêr fokus op die sielkundige aspekte van die spelers en nie op die aanleer van die spel nie. Die navorser is van mening dat spelers wat tussen twaalf en agtien jaar oud is en op provinsiale vlak of hoër meeding, reeds die spel bemeester het en volwasse genoeg is om op hulle eie sielkundige prosesse te fokus en daaraan te werk, wat van kardinale belang vir die navorsing is.

Wat die proses van werwing aanbetref het die navorser ses maande voor die aanvang van die intervensie 'n vergadering gereël met die betrokke afrigter van die spelers wat aan die studie deelgeneem het. Tydens die vergadering is die afrigter in kennis gestel van die navorser se beplande studie en 'n deeglike uiteensetting van SHIP<sup>®</sup> en die rasionaal van SHIP<sup>®</sup> is aan hom voorgelê. Daar is aan die afrigter verduidelik dat die studie op die spelers se proses ten opsigte van 'n kontinuum sou fokus en nie op uitkoms nie, wat beteken dat as 'n speler tydens SHIP<sup>®</sup> 'n krisis sou

beleef dit onmiddellik aangespreek sal word. Aan die einde van die vergadering is die afrigter gevra om na te dink oor die intervensie. Drie maande later is 'n opvolgvergadering met die afrigter gehou waartydens die afrigter aan die navorser meedeel het dat hy in die studie belangstel en alreeds moontlike spelers geïdentifiseer het om aan die studie deel te neem. Een maand voor die intervensie is 'n byeenkoms gereël met die afrigter, moontlik geïdentifiseerde spelers en hul ouers. Die byeenkoms is in die vorm van 'n werksessie aangebied waartydens die spelers en hul ouers deeglik ingelig is oor die beplande studie. Die werksessie het ongeveer drie uur geduur en vanweë die lang duur daarvan is daar ook verversings aangebied. Aan die einde van die werksessie is die etiese klaringsvorme aan die ouers en spelers uitgedeel wat deur die betrokke spelers en hul ouers onderteken is. Een maand later het die navorser met die intervensie begin. Tydens die intervensie het die navorser deurgaans kontak behou met die spelers, hul ouers en afrigter om hulle op die hoogte te hou van die vordering van die intervensie. Aan die einde van die intervensie het die navorser weer 'n byeenkoms gereël met die spelers, hul ouers en afrigter waartydens terugvoer omtrent die intervensie gegee en ontvang is. Spesiale tyd is daaraan gewy om aan die kontrolegroep te verduidelik hoe hulle die beginsels van SHIP<sup>®</sup> kan toepas om daarby baat te vind.

## **7.5 KWANTITATIEWE ANALISE**

Die eksperimentele ontwerp word aangevul deur die enkelproefpersoon-metode. Met behulp van die evaluering voor die intervensieprogram word 'n basislyn geskep. As daar tydens die intervensietydperk veranderinge plaasvind wat afwyk van hierdie basislyn, kan die veranderinge betekenisvol wees. Vier verskillende psigometriese toetse sal gebruik word om hierdie basislyn, asook die veranderinge tydens die intervensie en ná-intervensiefases, te bepaal.

### **7.5.1 Psigometriese toetse**

Die CSAI-2 (Competitive State Anxiety Inventory 2) (AANHANGSEL E)

Die CSAI-2-psigometriese toets is so ontwerp dat dit ook meermale gebruik mag word. In die sportsielkundige en navorsingspraktyk word die toets gewoonlik voor en ná 'n kompetisie afgeneem. Hierdie toets sal dus op 'n maandelikse grondslag tydens die basislyn, intervensie- en ná-intervensiefases met die subjekte gedoen

word. Die CSAI-2 meet onder andere die kognitiewe- en liggaamlike angs, asook selfvertroue. Die betroubaarheid van die bogenoemde drie subskale varieer tussen **.79** tot **.90**, wat hoog is. Martens *et al.* (1990) is van mening dat angs 'n belangrike rol tydens kompetisie in sport speel.

#### Ryff se sielkundige welstandskaal (AANHANGSEL F)

Ryff (1989) se gestandaardiseerde sielkundige welstandskaal sal tydens uitkomsevaluering gebruik word. Die skaal sal voor, tydens (ná drie maande) en ná (ses maande) die intervensie afgeneem word. Die skaal meet ses dimensies van sielkundige welstand, naamlik: outonomieit, persoonlike groei, omgewingsbemeestering, doelgerigheid, positiewe verhoudings met andere, en selfaanvaarding. Navorsing toon hoë vlakke van interne geldigheid by die ses subskale, naamlik outonomieit **.83**, persoonlike groei **.85**, omgewingsbemeestering **.86**, doelgerigheid **.88**, positiewe verhoudings met andere **.88**, en selfaanvaarding **.91** (Ryff & Keyes, 1995). Vorige studies waar Ryff se sielkundige welstandskaal in Suid-Afrika gebruik is, is onderneem deur Edwards, Ngcobo en Pillay (2004).

#### Selfteorievraelys (AANHANGSEL G)

Dweck se drie- tot agt-item-selfteorievraelys meet entiteit en groei met behulp van 'n sespunt-Likertskaal wat strek van 'n definitiewe samestemming tot 'n definitiewe verskil (Dweck, 2000). In twee verskillende valideringstudies op die drie- en agt-itemvraelys toon Cronbach alphas waardes wat varieer tussen **.83** tot **.92** (Levy, Strasner & Dweck, 1998). Biddle, Wang, Chatzisaray en Spray (2003) en Ommundsen (2003) het die drie-itemvraelys in sport toegepas. Die drie-item-sportskaal sal gebruik word om die spelers ten opsigte van die groei- en entiteitteorie te assesser.

#### Die POMS (Profile of Mood States) (AANHANGSEL H)

Die POMS is een van die kerntoetse wat voor, tydens (ná elke tweede maand) en ná die intervensie afgeneem sal word, waarna dit statisties ontleed sal word. Die POMS is so ontwerp dat dit oor 'n lang tydperk herhaaldelik gebruik kan word. Die konstrakte en psigometriese eienskappe wat die POMS meet, is onder meer spanning, depressie, woede, vigor, vermoeidheid en verwarring. Al bogenoemde is

gemoedstoestand wat volgens die navorser tydens 'n tenniswedstryd teenwoordig is, of kan wees. Die betroubaarheid van die POMS is hoog, met K-R 20 waardes wat wissel van **.84** tot **.95**. Toets- en hertoetskorrelasies wissel van **.65** tot **.74**, met 'n gemiddelde van **.69**.

## 7.5.2 Programbeplanning

### Fase 1

Tydens fase 1 word afrigters gekontak en spelers geïdentifiseer. Spelers wat kies om aan die studie deel te neem en toestemming van hul ouers nodig het, is tot die studie toegelaat. Tydens fase 1 is biografiese inligting van die spelers ingewin.

### Fase 2

Voor die aanvang van die intervensie is daar onderhoud met die eksperimentele- en kontrolegroep gevoer. Soos reeds by program-implementering en -evaluering genoem, handel die proses oor persepsies van swak- en sterkpunte, vordering en hoe die spelers spanning en angs tydens tenniswedstryde ervaar en hanteer.

### Fase 3

Tydens fase 3 is die eksperimentele groep blootgestel aan SHIP<sup>®</sup> as intervensiestudie wat oor ses maande gestrek het. Elke sessie is een uur lank gewees en het weklíks plaas gevind. Tydens dié fase is die psigometriese toetse by die eksperimentele- en kontrolegroep afgeneem.

### Fase 4

In fase 4 is individuele onderhoud gevoer soos in fase 2, onderhoud is getranskribeer en geanaliseer. Verder word die psigometriese toetse wat tydens die intervensie by die eksperimentele- en kontrolegroep afgeneem is, geëvalueer en geïnterpreteer en met mekaar vergelyk.

Aan die einde van die intervensie word daar met afrigters onderhoud gevoer om te bepaal of daar enige verandering by die spelers plaasgevind het. Vrae handel oor die spelers se sterk- en swakpunte, hul vordering en hoe hulle spanning en angs tydens tenniswedstryde ervaar en hanteer. Verdere onderhoud word ses maande ná die intervensie met drie spelers gevoer om te bepaal of daar enige langtermyn



verandering by die spelers plaasgevind het, en of die veranderings meer blywend is. Laastens bepaal die navorser op 'n kwalitatiewe wyse of daar by die spelers 'n verbetering voorkom volgens die doelwitte wat vir hierdie studie gestel is.

### **7.5.3 Eksperimentele ontwerp**

'n Navorsingsontwerp is die basiese plan wat die data-insamelingsproses en fases van data-analise rig: *"it is the framework that specifies the type of information to be collected, the sources of data, and the data collection procedure"* (Kinnear & Taylor, 1996: 129). Die huidige studie is gebaseer op 'n opname onder twee groepe deelnemers. Die een groep (eksperimenteel) is aan die intervensie blootgestel, en die ander groep (kontrole) nie. Die basiese navorsingsontwerp kan ook beskryf word as 'n eksperiment met 'n eksperimentele- en kontrolegroep, met 'n voor-toets en twee ná-toetse.

### **7.5.4 Steekproef**

'n Steekproef kan gedefinieer word as 'n subgroep van 'n populasie. 'n Steekproefplan kan beskryf word as die ontwerp, skema of prosedure wat spesifiseer hoe die deelnemers aan 'n studie geselekteer behoort te word (Rosnow & Rosenthal, 1996). Onderskeid word getref tussen 'n waarskynlikheid- en nie waarskynlikheid-steekproef. Nie waarskynlikheid-steekproeftrekking is in die studie gebruik. 'n Nie waarskynlikheid-steekproef kan beskryf word as die seleksie van 'n steekproefsubjekte om deel te wees van die steekproef, gebaseer op die oordeel van die navorser om deelnemers vir die steekproef te werf (Kinnear & Taylor, 1996). Daar is verskeie steekproefprosedures wat binne hierdie kategorie val. In hierdie studie is gebruik gemaak van 'n gerieflikheid-steekproeftrekking vir die insluiting van subjekte in die studie. Tien subjekte is by die studie ingesluit.

### **7.5.5 Data-insameling**

Al tien subjekte het die vier psigometriese toetse voltooi. Ses spelers is aan die intervensie blootgestel, en vier nie. Die psigometriese toetse, soos reeds genoem, is tydens 'n voor-toets afgeneem en weer later tydens twee ná-toetse.

### 7.5.6 Data-analise

Die inligting wat tydens die veldwerk verkry is, is rekenaarmatig vasgelê en geanaliseer met behulp van die “Statistical Product and Service Solutions package”.

The volgende statistiese metodes is gebruik om die data te analiseer.

- a. **Beskrywende statistiek**: Beskrywende statistiek is hoofsaaklik daarop gerig om die data te beskryf. Dit word in hierdie studie gebruik om die gemiddelde tellings, standaardafwykings en variasiewydte van die twee groepe op elk van die subtoetse van die psigometriese toetse te beskryf.
  
- b. **Inferensiële statistiek**: Hierdie kategorie van statistiek word vir die volgende doeleindes gebruik: “*Test hypotheses about differences in populations on the basis of measurements made on samples of subjects* (Tabachnick & Fidell, 1996:9).
  - 1) **Die Mann-Whitney U-Toets**: Die Mann-Whitney U-toets word gebruik om verskille tussen gemiddeldes te bereken wanneer daar twee kondisies voorkom, en verskillende subjekte vir elke kondisie gebruik is. Hierdie toets is ‘n verdelingsvrye alternatief vir die t-toets vir onafhanklike groepe. Soos die t-toets, toets die Mann-Whitney-toets die nulhipotese dat twee onafhanklike steekproewe van dieselfde populasie (nie net populasies met dieselfde gemiddelde nie) kom. Die Mann-Whitney-statistiek is nie gebaseer op die parameters van ‘n normaalverdeling nie, maar op rangordes van die data. Die Mann-Whitney-statistiek word bereken deur die aantal kere wat ‘n observasie van die kleiner groep voor die observasies van die groter groep val, te tel. Dit is veral sensitief vir populasieverskille in ‘n sentrale neiging (Howell, 1992). Die verwerping van die nulhipotese dui aan dat die sentrale neiging van die twee groepe se verspreidings verskillend was. Daar is met ander woorde ‘n statisties beduidende verskil tussen die twee

groepe ten opsigte van die veranderlike wat getoets is. Hierdie toets is gebruik om te bepaal of daar statisties beduidende verskille was tussen die eksperimentele- en kontrolegroep ten opsigte van die subskale van die psigometriese toetse tydens die voor-toets sowel as die twee ná-toetsfases.

2) **Friedman se rangorde toets vir gekorreleerde steekproewe:**

Hierdie toets is die verdelingsvrye analoog vir die eenrigtinganalise van variansie vir herhaalde metings. Dit word soos volg beskryf: “*It is a test on the null hypothesis that the scores of each treatment were drawn from identical populations, and it is especially sensitive to population differences in central tendency* (Howell, 1992: 624). Hierdie toets is gebruik om te bepaal of statisties beduidende veranderings plaasgevind het op elk van die subtoets-tellings wanneer voor- en ná-toetse binne elke groep met mekaar vergelyk word.

3) **Pearson se produk-momentkorrelasies:** Hierdie tegniek bepaal of daar ‘n verband is tussen twee veranderlikes. Dit word in die algemeen gebruik in situasies waar die verwantskap tussen twee veranderlikes basies liniêr is, die veranderlikes gemeet word op ‘n kontinue skaal en daar ‘n mate van normaliteit in die data voorkom (Howell, 1992).

## 7.6 KWALITATIEWE ANALISE

Die eksperimentele ontwerp wat by die kwalitatiewe analise gevolg word, is Pieterse (2004) se enkelproefpersoon-navorsingsontwerp. Die ontwerp behels dat evaluering op die spelers gedoen word voordat die SHIP<sup>®</sup> intervensieprogram ‘n aanvang neem. Die navorser het voor die begin van die intervensie onderhoude met die spelers gevoer. Die onderhoude is volgens ‘n halfgestruktureerde onderhoudsriglyn gevoer. Dit is halfgestruktureerd, aangesien vooropgestelde vrae aan die spelers gevra word. Die vooropgestelde vrae vorm slegs ‘n riglyn vir die onderhoud. Die vrae handel oor die spelers se persepsie van hul swak- en sterkpunte, hul vordering, en hoe hulle tydens tenniswedstryde spanning en angs ervaar en hanteer. Onderhoude is op band opgeneem, waarna dit getranskribeer en

geanaliseer is. Tydens die analise van die data word kategorieë, temas en patrone deur die navorser geïdentifiseer en saamgegroepeer. Die bogenoemde metode stem ooreen met dié van Giorgi (1987).

### **7.6.1 Kenmerke van die fenomenologiese benadering**

Die kwalitatiewe navorsingsmetode wat gevolg is, is gebaseer op 'n fenomenologiese benadering.

- Volgens Giorgi (1987) poog die fenomenologie om die inhoud of vloei van bewustheid in terme van die handeling van die subjek in relasie tot sy wêreld te verstaan.
- Die vraag van die navorsing is na die betekenis van 'n ervaring. Daar word gepoog om 'n akkurate beskrywing van die ervaring van 'n subjek te verkry.
- Die klem van die navorsing val op die belewenis van die subjek.
- In die fenomenologie is nóg gedrag, nóg ervaring onafhanklike konsepte wat gedefinieer en bestudeer kan word. Ervaring is gesitueerd en word gedefinieer in verhouding tot die gesitueerde gebeure.
- Die navorser poog om die fenomeen so akkuraat moontlik te beskryf soos wat dit verskyn, en nie te verklaar aan die hand van 'n tradisionele wetenskaplike metode nie.
- Die navorser skuif sy teoretiese voor- en afkeure op die agtergrond en beskryf slegs die fenomeen.

### **7.6.2 Fenomenologiese konsepte**

- Belewenis

Wat die mens beleef, hou verband met wat hy doen, en hoe hy dit doen.

- Menslike liggaam

In die mens se lewensloop is hy nie voortdurend bewus van sy liggaam nie. Liggaamsfunksies word as vanselfsprekend aanvaar. Die mens word eers bewus van sy liggaam wanneer veranderinge intree. Wanneer daar 'n verandering in die liggaam plaasvind, het dit tot gevolg dat die mens die samelewing en sy liggaam anders waarneem as vóór die verandering Newman (1997)

Becher (1992) beskryf die fenomenologie as 'n studie van fenomene wat in die alledaagse leefwêreld plaasvind. Dit behels die mens se ervaring van lewensgebeure en die betekenis wat hy aan hierdie ervaring heg. Volgens De Koning en Genner (1982) is die taak van die fenomenoloog om by die primêre fenomeen uit te kom. Heidegger in Kruger (1988) beskryf die mens as Dasein, wat beteken "om daar te wees". Dasein is nie die mens apart van sy wêreld nie, maar die mens in sy wêreld. Volgens Becher (1992) het elke persoon 'n unieke wyse waarmee hy na wêreldgebeure of objekte kyk. Die fenomenologie sien elke mens as 'n unieke wese met unieke ervarings.

Halling (1989) beskryf die volgende stappe wat deur die fenomenologiese sielkunde gevolg word in die ondersoek na die belewenis van die mens:

- Die versameling van 'n aantal beskrywings van mense wat die ervaring wat ondersoek word, ervaar of ervaar het.
- Die analisering van hierdie beskrywing, sodat die navorser die elemente waaruit die ervaring bestaan, kan bepaal.
- Die daarstel van 'n navorsingsverslag wat 'n akkurate en duidelike beskrywing van hierdie ervaring gee.

### **7.6.3 Stappe van analisering**

In die proses van die analisering van die onderhoude sal die volgende stappe van Giorgi (1987) gevolg word.

#### **Stap een**

Holistiese begripsvorming van die beskrywing.

Dit behels die deurlees van die beskrywing totdat daar 'n geheelbeeld van die beskrywing gevorm is.

### **Stap twee**

Afbakening van betekeniseenhede.

By stap twee word die subjek se beskrywing in verskillende betekeniseenhede verdeel. Die eenhede kan geïdentifiseer word deur te kyk waar daar 'n verandering van 'n onderwerp of aktiwiteit is.

### **Stap drie**

Transformasie na sielkundige terme.

By stap drie poog die navorser om die betekeniseenhede van die beskrywing in sy eie woorde te stel, en so die implisiete sielkundige aspekte van die betekeniseenhede eksplisiet te maak.

### **Stap vier**

Identifisering van sentrale temas van ervaring.

By stap vier identifiseer die navorser die sentrale temas van ervaring.

#### **7.6.4 Verdere evaluering**

Vir meer duidelikheid ten opsigte van die verandering wat tydens die SHIP<sup>®</sup> intervensie plaasgevind het, volg uittreksels en besprekings van individuele sessies van die eksperimentele groep voor, in die middel en aan die einde van SHIP<sup>®</sup>. Aan die einde van die SHIP<sup>®</sup> intervensie het die navorser onderhoude gevoer met die afrigters van die eksperimentele groep oor hulle persepsie van die spelers se vordering. Ses maande ná die intervensie is onderhoude gevoer met drie spelers van die eksperimentele groep om vas te stel of die veranderinge blywend is.

## HOOFSTUK AGT

### KWANTITATIEWE ANALISE

#### 8.1 INLEIDING

In die navorsing is daar van vier psigometriese toetse gebruik gemaak. Die doel van die psigometriese toetse is om 'n basislyn te skep, asook om die veranderinge tydens die intervensie- en ná-intervensiefases te bepaal. Die psigometriese toetse wat gebruik is, is die CSAI-2 (Competitive State Anxiety Inventory-2). Die CSAI-2 meet kognitiewe- en liggaamlike angs, asook selfvertroue. Ryff (1989) se gestandaardiseerde welstandskaal is gebruik om outonomieit, persoonlike groei, omgewingsbemeestering, doelgerigtheid, positiewe verhoudings met ander en selfaanvaarding te meet. Dweck (2000) se drie- tot agt-item-selfteorievraelys is gebruik om entiteit en groei ingesteldheid te meet. Laastens is die POMS (Profile of Mood States) gebruik word om spanning, depressie, woede, vigor, vermoeidheid en verwarring te meet. Al die psigometriese toetse is voor, tydens en na die intervensie afgeneem.

#### 8.2 RESULTATE VAN DIE PSIGOMETRIESE TOETSE

Vervolgens word die resultate van die psigometriese toetse bespreek.

Die resultate word in vyf afdelings aangebied, naamlik:

- a. Beskrywende statistiek van die gemiddelde tellings van elke groep op elk van die subskale van die psigometriese toetse.
- b. Resultate van die analise van die CSAI-2-subskaalteellings.
- c. Resultate van die analise van die POMS-subskaalteellings.
- d. Resultate van die analise van die RYFF-subskaalteellings.
- e. Resultate van die analise van die Dweck-subskaalteellings.
- f. Resultate van die korrelasies van die subskaalteellings van die vier psigometriese toetse met mekaar.

## 8.2.1 Beskrywende statistiek van die gemiddelde tellings van elke groep op elk van die subskale van die psigometriese toetse

Tabelle 1 to 4 verskaf bloot 'n aanduiding van die gemiddelde tellings, minimum- en maksimumwaardes en standaardafwykings van elke groep op die subskale van die psigometriese toetse, vir verwysingsdoeleindes.

**Tabel 1: Beskrywende statistiek per groep op die subskale van die CSAI-2-toets**

Groep		N	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard-afwyking
Eksperimenteel	CSAI-2 Kognitiewe angs Toets 1 Totaal	6	20	33	26.67	4.676
	CSAI-2 Kognitiewe angs Toets 2 Totaal	6	14	27	19.33	4.844
	CSAI-2 Kognitiewe angs Toets 3 Totaal	6	12	23	18.50	4.324
	CSAI-2 Liggaamlike angs Toets 1 Totaal	6	19	27	22.50	2.950
	CSAI-2 Liggaamlike angs Toets 2 Totaal	6	12	27	17.00	5.367
	CSAI-2 Selfvertroue Toets 1 Totaal	6	15	27	19.67	5.046
	CSAI-2 Selfvertroue Toets 2 Totaal	6	16	32	24.83	5.879
	CSAI-2 Selfvertroue Toets 3 Totaal	6	19	34	26.67	6.154
	Valid N (listwise)	6				
Kontrole	CSAI-2 Kognitiewe angs Toets 1 Totaal	4	14	28	23.25	6.292
	CSAI-2 Kognitiewe angs Toets 2 Totaal	4	14	27	22.00	5.944
	CSAI-2 Kognitiewe angs Toets 3 Totaal	4	13	24	20.00	4.967
	CSAI-2 Liggaamlike angs Toets 1 Totaal	4	10	26	18.50	6.557
	CSAI-2 Liggaamlike angs Toets 2 Totaal	4	10	21	16.75	4.787
	CSAI-2 Selfvertroue Toets 1 Totaal	4	21	36	28.50	8.103
	CSAI-2 Selfvertroue Toets 2 Totaal	4	13	36	23.50	9.539
	CSAI-2 Selfvertroue Toets 3 Totaal	4	9	36	22.25	11.758
	Valid N (listwise)	4				





**Tabel 2: Beskrywende statistiek per groep op die subskale van die POMS-toets**

Groep		N	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard-afwyking	
Eksperimenteel	POMS Spanning-angs Toets 1 Totaal	6	0	15	8.33	5.820	
	POMS Spanning-angs Toets 2 Totaal	6	1	26	9.00	8.899	
	POMS Spanning-angs Toets 3 Totaal	6	0	10	5.00	4.243	
	POMS Depressie Toets 1 Totaal	6	0	26	9.00	10.020	
	POMS Depressie Toets 2 Totaal	6	0	41	9.33	15.616	
	POMS Depressie Toets 3 Totaal	6	0	7	2.00	2.608	
	POMS Woede-vyandigheid Toets 1 Totaal	6	2	20	8.17	6.765	
	POMS Woede-vyandigheid Toets 2 Totaal	6	0	19	6.83	6.969	
	POMS Woede-vyandigheid Toets 3 Totaal	6	0	7	2.83	2.401	
	POMS Vigor Toets 1 Totaal	6	8	29	17.17	7.414	
	POMS Vigor Toets 2 Totaal	6	15	31	22.50	5.505	
	POMS Vigor Toets 3 Totaal	6	16	31	23.33	6.218	
	POMS Afgematheid Toets 1 Totaal	6	0	17	7.33	5.680	
	POMS Afgematheid Toets 2 Totaal	6	0	15	8.50	5.612	
	POMS Afgematheid Toets 3 Totaal	6	.00	14.00	4.6667	5.71548	
	POMS Verwarring Toets 1 Totaal	6	2.00	13.00	8.5000	4.23084	
	POMS Verwarring Toets 2 Totaal	6	2.00	13.00	5.5000	3.93700	
	POMS Verwarring Toets 3 Totaal	6	1.00	9.00	4.0000	2.75681	
	Valid N (listwise)	6					
	Kontrole	POMS Spanning-angs Toets 1 Totaal	4	5	21	13.50	6.557
POMS Spanning-angs Toets 2 Totaal		4	6	25	16.75	7.932	
POMS Spanning-angs Toets 3 Totaal		4	4	19	13.50	6.658	
POMS Depressie Toets 1 Totaal		4	2	29	14.00	11.165	



Groep	N	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard-afwyking
POMS Depressie Toets 2 Totaal	4	2	27	12.50	10.472
POMS Depressie Toets 3 Totaal	4	2	42	25.25	16.998
POMS Woede-vyandigheid Toets 1 Totaal	4	7	26	15.75	9.215
POMS Woede-vyandigheid Toets 2 Totaal	4	6	24	14.25	8.261
POMS Woede-vyandigheid Toets 3 Totaal	4	8	27	18.75	8.884
POMS Vigor Toets 1 Totaal	4	18	24	22.00	2.828
POMS Vigor Toets 2 Totaal	4	18	27	20.75	4.272
POMS Vigor Toets 3 Totaal	4	17	21	18.75	1.708
POMS Afgematheid Toets 1 Totaal	4	8	11	9.00	1.414
POMS Afgematheid Toets 2 Totaal	4	0	13	7.75	6.397
POMS Afgematheid Toets 3 Totaal	4	4.00	17.00	10.2500	5.85235
POMS Verwarring Toets 1 Totaal	4	6.00	14.00	9.5000	4.12311
POMS Verwarring Toets 2 Totaal	4	4.00	13.00	7.2500	4.27200
POMS Verwarring Toets 3 Totaal	4	2.00	16.00	9.5000	5.80230
Valid N (listwise)	4				

**Tabel 3: Beskrywende statistiek per groep op die subskale van die RYFF-toets**

Groep	N	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard-afwyking
Eksperimenteel RYFF Outonomieit Toets 1 Totaal	6	8.00	18.00	12.6667	3.50238
RYFF Outonomieit Toets 2 Totaal	6	9.00	18.00	14.3333	3.07679
RYFF Outonomieit Toets 3 Totaal	6	13.00	18.00	15.8333	2.13698
RYFF Omgewingsbemeestering Toets 1 Totaal	6	11.00	18.00	13.6667	2.65832
RYFF Omgewingsbemeestering Toets 2 Totaal	6	9.00	18.00	13.5000	2.94958



Groep	N	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard-afwyking
Ryff Omgewingsbemeestering Toets 3 Totaal	6	12.00	18.00	15.6667	2.25093
Ryff Persoonlike groei Toets 1 Totaal	6	14.00	18.00	16.1667	1.72240
Ryff Persoonlike groei Toets 2 Totaal	6	12.00	18.00	16.6667	2.42212
Ryff Persoonlike groei Toets 3 Totaal	6	14.00	18.00	16.8333	1.60208
Ryff Doelgerigheid Toets 1 Totaal	6	11.00	18.00	15.0000	2.75681
Ryff Doelgerigheid Toets 2 Totaal	6	12.00	17.00	15.3333	2.25093
Ryff Doelgerigheid Toets 3 Totaal	6	14.00	18.00	16.0000	1.41421
Ryff Selfaanvaarding Toets 1 Totaal	6	7.00	18.00	13.6667	3.98330
Ryff Selfaanvaarding Toets 2 Totaal	6	6.00	18.00	15.0000	4.81664
Ryff Selfaanvaarding Toets 3 Totaal	6	12.00	18.00	15.6667	2.33809
Ryff Positiewe verhoudings Toets 1 Totaal	6	8.00	17.00	14.1667	3.54495
Ryff Positiewe verhoudings Toets 2 Totaal	6	9.00	17.00	14.6667	3.14113
Ryff Positiewe verhoudings Toets 2 Totaal	6	10.00	18.00	14.8333	3.12517
Valid N (listwise)	6				
Kontrole Ryff Outonomieit Toets 1 Totaal	4	12.00	14.00	13.0000	.81650
Ryff Outonomieit Toets 2 Totaal	4	11.00	17.00	13.7500	2.75379
Ryff Outonomieit Toets 3 Totaal	4	9.00	18.00	11.7500	4.27200
Ryff Omgewingsbemeestering Toets 1 Totaal	4	8.00	13.00	10.7500	2.06155
Ryff Omgewingsbemeestering Toets 2 Totaal	4	7.00	14.00	11.5000	3.10913
Ryff Omgewingsbemeestering Toets 3 Totaal	4	9.00	14.00	11.5000	2.08167
Ryff Persoonlike groei Toets 1 Totaal	4	15.00	18.00	16.7500	1.50000
Ryff Persoonlike groei Toets 2 Totaal	4	10.00	18.00	14.5000	3.41565
Ryff Persoonlike groei Toets 3 Totaal	4	12.00	18.00	15.5000	2.64575



Groep	N	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard-afwyking
Ryff Doelgerigheid Toets 1 Totaal	4	13.00	18.00	15.7500	2.62996
Ryff Doelgerigheid Toets 2 Totaal	4	12.00	16.00	13.2500	1.89297
Ryff Doelgerigheid Toets 3 Totaal	4	12.00	18.00	15.5000	2.64575
Ryff Selfaanvaarding Toets 1 Totaal	4	12.00	18.00	15.0000	2.58199
Ryff Selfaanvaarding Toets 2 Totaal	4	12.00	17.00	14.2500	2.21736
Ryff Selfaanvaarding Toets 3 Totaal	4	13.00	18.00	15.5000	2.88675
Ryff Positiewe verhoudings Toets 1 Totaal	4	12.00	17.00	14.7500	2.21736
Ryff Positiewe verhoudings Toets 2 Totaal	4	12.00	17.00	15.5000	2.38048
Ryff Positiewe verhoudings Toets 2 Totaal	4	10.00	17.00	13.0000	2.94392
Valid N (listwise)	4				


**Tabel 4: Beskrywende statistiek per groep op die subskale van die Dweck-toets**

Groep	N	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard-afwyking
Eksperimenteel DWECK Entiteit-ingesteldheid Toets 1 Totaal	6	12.00	17.00	14.3333	2.16025
DWECK Entiteit-ingesteldheid Toets 2 Totaal	6	13.00	18.00	15.1667	2.04124
DWECK Entiteit-ingesteldheid Toets 3 Totaal	6	15.00	17.00	16.1667	.98319
DWECK Groei-ingesteldheid Toets 1 Totaal	6	3.00	7.00	3.8333	1.60208
DWECK Groei-ingesteldheid Toets 2 Totaal	6	3.00	7.00	3.6667	1.63299
DWECK Groei-ingesteldheid Toets 3 Totaal	6	3.00	6.00	3.5000	1.22474
Valid N (listwise)	6				
Kontrole DWECK Entiteit-ingesteldheid Toets 1 Totaal	4	12.00	15.00	14.0000	1.41421
DWECK Entiteit-ingesteldheid Toets 2 Totaal	4	9.00	18.00	13.5000	3.87298

Groep	N	Minimum	Maksimum	Gemiddeld	Standaard-afwyking
DWECK Entiteit-ingesteldheid Toets 3 Totaal	4	15.00	18.00	16.5000	1.29099
DWECK Groei-ingesteldheid Toets 1 Totaal	4	3.00	5.00	3.5000	1.00000
DWECK Groei-ingesteldheid Toets 2 Totaal	4	3.00	18.00	7.5000	7.04746
DWECK Groei-ingesteldheid Toets 3 Totaal	4	3.00	18.00	7.2500	7.22842
Valid N (listwise)	4				

### 8.2.2 Resultate van die analise van CSAI-2-subskaalteelings

Die bogenoemde resultate word aangebied in Figuur 1 en Tabelle 7 tot 14 in Aanhangsel A. Die analise fokus eerstens op die bepaling van statisties beduidende verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroep op elk van die subskaalmetings. Tweedens word die analise van elke subskaal oor tyd binne elke groep bepaal.



**Figuur 1:**




Die resultate in Figuur 1 en Tabel 8 van Aanhangsel A dui aan dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die twee groepe voorgekom het by alle metings van die CSAI-2-subskale nie. Op die oog af blyk daar verskille te wees, maar hierdie verskille is nie statisties beduidend nie.

Die analise binne elke groep word aangebied in Aanhangsel A, Tabelle 9 tot 14. Die resultate van hierdie analise kan soos volg geïnterpreteer word: Daar is 'n statisties beduidende verskil tussen die voor en ná-toetstellings van die eksperimentele groep ten opsigte van kognitiewe angs-toetstellings. Dit blyk dat die kognitiewe angs-tellings beduidend afgeneem het vanaf die voor-toets tot en met die daaropvolgende ná-toetse (Sien ook Figuur 1 vir die vergelyking van gemiddelde tellings op die subskaal oor tyd). Geen statisties beduidende verandering het by die kontrolegroep voorgekom nie. Dieselfde tendens is gevind ten opsigte van liggaamlike angs-tellings, waar die eksperimentele groep 'n beduidende afname in die telling getoon het, met geen beduidende verandering binne die kontrolegroep nie. Al hierdie veranderinge is beduidend op die 5%-peil van betekenis. Ten opsigte van selfvertroue het beide groepe 'n statisties beduidende verandering getoon op die 10%-peil van betekenis. Die eksperimentele groep het egter 'n beduidende toename getoon, terwyl die kontrolegroep se tellings op die subskaal beduidend afgeneem het.

Die subjek stel ander se belange bo sy eie, wat hom onseker laat oor homself. Dit wil voorkom asof die subjek 'n gebrek aan vriende het. Die subjek ervaar die ongemak ook op 'n psigobiologiese vlak van moegheid en in sy hart wat vinniger klop. Dit kan wees dat die subjek emosioneel nader aan ander wil wees, veral aan vriende, maar dat hy nie homself ten volle ervaar nie. Dit kan hom met verwarring en onsekerheid laat. Die subjek hanteer die ongemak deur dit te projekteer op ander, en meer bepaald deur 'n oormatige belangstelling in vriende.

## Sessie in die middel van SHIP®

Navorsers: "Vertel my van jou tannie wat oorlede is."

Subjek twee: "My tannie is oorlede aan kanker, ek was nege jaar oud, sy was baie nice. Sy het twee weke by ons gebly, hulle het geweet sy gaan doodgaan. Sy is oornag dood. Dit was so weird."

Navorsers: "Hoe voel jy op die oomblik?"

Subjek twee: "Hartseer, ek het baie van haar gehou. Sy het my gehelp met alles, sy het tennis gespeel. Sy het gely, dit is nie so lekker om so iemand te sien nie. Na drie maande kan sy nie self toilet toe gaan nie. Sy het nooit gesê dit gaan sleg met haar nie. Ek voel nou meer happy. Sy was 'n goeie mens. Die goeie "memories" en voorbeeld wat sy gestel het."

## Bespreking

Die subjek is deur 'n traumatiese ervaring waar hy iemand naby aan homself aan die dood afgestaan het. Die ervaring van hartseer wys dat hy nog nie die pyn

deurgewerk het wat in sy spesifieke individuele veld gestoor is nie. Die subjek kom maklik in aanraking met sy ware gevoelens, wat helend van aard is en die subjek toelaat om sy ware self te wees.

Sessie aan die einde van SHIP®

Navorsers: “Sien trappe wat afgaan in jou gedagtes met die volgende woorde aan die bokant: “My sagte, sensitiewe, spontane self.”

Subjek twee: “Ek gaan af, al my vriende vir wie ek omgee is daar. Daar is ‘n waterval, almal kuier, almal het fun, ek het fun.”

Navorsers: “Hoe voel jy?”

Subjek twee: “Ek voel goed, ek weet wie ek is met selfvertroue. Voorheen was ek net weird.”

Bespreking

Die beeld laat die subjek toe om in kontak met sy sagte, sensitiewe, spontane self kontak te maak. Die subjek voel gemaklik met daardie deel van homself waarvan die identiteit voorheen ontken is. Bogenoemde dui op heling en groei, wat beide attribute is wat daartoe kan bydra dat die speler sy volle potensiaal bereik.

### **SUBJECT THREE**

Session in the beginning phases of SHIP®

Researcher: “Tell me more about yourself.”

Subject three: “If you get to know me, I actually have a few problems. My teachers is worried about me. I put my heart into everything – I do become obsessed. I can’t sleep. Tennis is the only thing that is important. My mind is in the wrong place.”

#### Bespreking

Die subjek is bewus van ‘n aantal probleme wat hy ondervind. Hy raak obsessief oor sy tennis, in so ‘n mate dat hy nie kan slaap nie. Bogenoemde kom ooreen met die konsep van teenoorgesteldes in SHIP<sup>®</sup>. In hierdie voorbeeld is die teenoorgesteldes nie geïntegreer nie. Die feit dat die speler nie kan slaap nie, dui op sy spontane self wat nie gekonnekteer is nie.

#### Session in the middle of SHIP<sup>®</sup>

Researcher: “Tell me about the war.”

Subject three: “It was civil war. I was pretty young. Hearing about it from other people is kind of scary. Cousins were fourteen and fifteen years old, two kids by themselves. I heard explosions, imagine how scary it was for me. Scared about what will happen to the country, a difficult time. I feel tight in my chest. When dad was working I was by myself. I feel scared. Parents worked. I was five or six. Sometimes I get the same feeling when I am alone driving in a dangerous area. I was almost in an accident with a car. The driver was drunk, driving fast, he lost control into incoming traffic. The other car missed us. I don’t know if I would have lived through that. I feel better now.

#### Bespreking

Die subjek was blootgestel aan ekstreme trauma toe hy nog baie jonk was. Die effek van die trauma is gestoor in sy spesifieke individuele veld as ‘n potensiële



ketting van inprente, wat geaktiveer word deur belewenisse waar hy byvoorbeeld alleen in 'n gevaarlike area ry. Die feit dat die trauma van die verlede weer geaktiveer word, beteken dat die materiaal nog nie gekonnekteer en geheel is nie.

Last session of SHIP®

Researcher: "Tell me about your worst match ever."

Subject three: "I was nervous, I played weak. The opponent played bad, I still lost. I had a few bad matches. I feel O.K. thinking about them. I improved, I am a different person. Mentally I am better, I don't get down on myself anymore."

Bespreking

Die subjek dink gemaklik na oor swak wedstryde van die verlede, wat beteken dat die ongemak daarvan in sy spesifieke potensiële veld gekonnekteer is. Die subjek ervaar homself as psigies sterker, wat 'n goeie indikatie is van heling en groei, en daartoe kan lei dat die subjek sy volle potensiaal bereik.

## **SUBJECT FOUR**

Session in the beginning phases of SHIP®

Researcher: "How do you feel?"

Subject four: "Fitness training was hard. I will have two days off, it's nice. I am thinking about the next two weeks, braai and party and my birthday. I am stressed about the June exam. I have to start studying; it is hectic. I get mouth ulcers. It is a big exam in the hall, I have never done it before. I am always stressed. Last year end of exam counted most I went to high school. I was surprised it went so well, it wasn't so much – a pleasant surprise."

## Bespreking

Die subjek maak 'n kettingstelling as hy sê dat hy altyd gespanne is. Dit wil voorkom asof die speler baie druk op homself plaas om te presteer, asof hy nie sy eie vermoëns vertrou nie en dan verras is as hy goed presteer. Die materiaal in die gediskonnekteerde geheue-inprentsentrum word ook op fisieke vlak ervaar, deurdat die subjek mondseer van spanning kry. Bogenoemde is 'n boodskap van die subjek se sisteem dat die materiaal wil konnekteer, heel en groei, sodat die subjek sy volle potensiaal kan bereik.

## Session in the middle of SHIP®

Researcher: "Tell me about you elbow."

Subject three: "I broke my elbow. A rope hung from the tree, it was broken and I fell backwards on my left elbow and scratched my head. Before I fell in the bath and hurt my elbow in netball, my elbow was sore. It was very difficult to wear a sling, a mission to go to school. After the sixth time I was used to it. Pretty silly to swing on a rope. I strained it seven times; it is funny. I am worried it is very sore, I am worried about getting around, I couldn't play tennis. I get sulky and moody. I don't like being inside. Inside I feel bored. I don't want to put on weight. I don't like winter. My brother loves T.V. When I lie under blankets I get really bored. I can't wait for summer to be active. Worried if I strain it again will hurt it badly. It will cost a lot of money. It is in the back of my mind. I have more to worry about, like my homework. Tomorrow is Mothers' Day. I am really tired. This week will be busy. I have an accounting exam, I don't understand accounting. Next week I will worry again."

Researcher: "Have you ever felt like this before?"

Subject four: "In grade two I felt like this. I did a speech on my favourite food. I learned it off by heart."

### Bespreking

Die subjek bekommer homself oor baie dinge. Die subjek het sy elmboog al sewe keer beseer, wat dui op herhalende prosesse wat in die gediskonnekteerde geheue-inprentsentrum gestoor word. Dit kan wees dat die subjek die ongemak hanteer deur aktief te wees. Sou die subjek verhoed word om aktief te wees, is daar nie meer onttrekkers beskikbaar nie, en dan hanteer die subjek die ongemak baie moeilik. Dit is duidelik dat die self van die subjek nog gediskonnekteer is, aangesien die subjek 'n verwagting het dat hy die volgende week weer bekommerd sal wees.

### Last session of SHIP<sup>®</sup>

Researcher: "See yourself playing tennis like the ideal player in your mind."

Subject four: "Rodger Federer. I can see myself serving like him. I see myself playing his forehand, on my toes, lots of energy. His approach shot is good. I can see them, volleys it is O.K. I can see myself playing his shots."

Researcher: "How does it make you feel?"

Subject four: "It is a good feeling, a good feeling of happiness and excitement; physically I feel excited."

## Bespreking

Die beeld word by die speler opgeroep om homself te sien speel soos sy ideale speler. Die subjek sien homself met gemak speel, net soos sy ideale speler. Dit is 'n indikasie dat die speler in homself gegroei het en dat dit wat eers in die subjek se gediskonnekteerde geheue-inprentsentrum was, nou gekonnekteer het. Die effek daarvan op die subjek is geluk, opgewondenheid en 'n gevoel van energie, wat alles positiewe attribute is.

## **SUBJEK VYF**

Sessie aan die begin van SHIP®

Navorsers: "Vertel my van die tyd toe jy jou neus gebreek het."

Subjek vyf: "Ek het by 'n bult afgery en geval, ek het 'n letsel op my neus. My tannie het gesê ek moet lê en wag, my neus het baie gebloei."

Navorsers: "Hoe laat dit jou op die oomblik voel?"

Subjek vyf: "Ek voel bang, ek het vlinders op my maag."

Navorsers: "Is dit 'n bekende gevoel?"

Subjek vyf: "Voor 'n wedstryd voel ek so, ek het ook so gevoel tydens die karongeluk. As ek bang word, voel ek vlinders. Iemand het my oor die kop geslaan in hokkie, ek is bang om die sweeper te tackle, bang dit gebeur weer. As ek 'n belangrike wedstryd speel en ek verloor, en ek moet weer teen die speler speel, kom dit terug na my toe. 'n Dag voor die tyd, as ek op die baan stap en as ek 'n fout maak, kom die gevoel terug. 'n Seun wat saam met my op laerskool was het

sy nek gebreek in rugby, toe het ek ook vlinders gevoel. Ek voel baie so tydens hokkiewedstryde as die bal gelig word. Die gevoel is nou minder, ek sien die hokkiewedstryd en niemand slaan my raak nie, ek is nie bang nie.”

### Bespreking

Die subjek het 'n aantal traumatiese gebeurtenisse ervaar wat kettinggebeurtenisse gevorm het en geaktiveer word deur gebeurtenisse in die toekoms, byvoorbeeld om weer teen 'n opponer te speel teen wie hy verloor het. Die subjek se sisteem gee ook vir die subjek boodskappe van ongekonnekteerde materiaal wat wil konnekteer, byvoorbeeld gevoel van vlinders in die maag.

### Sessie in die middel van SHIP<sup>®</sup>

Navorsers: “Vertel my van jou moeilike hokkiewedstryd.”

Subjek vyf: “Ek het bietjie moeg gevoel in die game, ek het vleuel gespeel. As ek die bal in die sirkel verloor maak ek 'n bakkie, die bal is gelig en tref my linker knieg. Ek stres.”

Navorsers: “Het jy al voorheen so gevoel?”

Subjek vyf: “Ja by my niggie se huis, ons het 'n 'obstacle course' gebou. Ek het my niggie 'getackled' toe slaan sy my oor my kop. Die stres word meer intens. As ek van ongelukke hoor, voel ek bang. 'n Maand en 'n half terug speel ons hokkie in Potchefstroom, 'n vriendin van my het die bal gekry en die meisie wat haar 'getackled' het, het haar in die mond geslaan. Ek is bang ek kom in so 'n posisie. Die gevoel is nou beter.”

## Bespreking

Tydens die sessie word ongekonnekteerde gevoelens gekonnekteer. Die ongekonnekteerde gevoelens het kettings van gebeurtenisse gevorm. Die ketting van gebeurtenisse ontstaan as die subjek 'n volgende traumatiese gebeurtenis beleef voordat hy die eerste een deurgewerk het.

Sessie aan die einde van SHIP®

Navorser: "Sien 'n deur in jou gedagtes met die volgende woorde daarop geskryf: 'Dit wat my terughou om my volle potensiaal te bereik.'

Subjek vyf: "Die deur is donkerblou, amper swart met wit kolle. Ek voel die mure, dit is nie 'n groot kamer nie, ek voel bedruk, dit is klein."

Navorser: "Is dit 'n bekende gevoel?"

Subjek vyf: "Dit hang af hoe ek voel, hoe die dag was, dit affekteer my tennis. As ek raas gekry het oor ander goed, 'worry' ek oor ander goed. As ek moeg was of 'n slegte dag gehad het by die skool, voel ek so."

Navorser: "Bly by die gevoel."

Subjek vyf: "Die meisie wat my gewen het, het my nie weer hierdie jaar gewen nie, die kamer word ligter, ek voel beter, ek voel goed."

## Bespreking

Die beeld wat by die subjek opgeroep is, het ten doel om enigiets wat die speler verhinder om sy potensiaal te bereik, dit wat gediskonnekteer is, te laat

konnekteer. Die subjek voel aan die einde goed oor homself, wat wys dat heling en groei plaasgevind het.

## **SUBJEK SES**

Sessie aan die begin van SHIP®

Navorsers: “Vertel my van die tyd toe jou oupa oorlede is.”

Subjek ses: “Ek was in die kleuterskool. My ma het my gesê my oupa is oorlede; ek was baie klein. My ma het gesê ons sien hom in die kis. Daarna was dit fine, hy is in die grond, ek voel okei. Hy het hy my geleer om tot tien te tel.”

Navorsers: “Vertel my van die episode toe jy jou kop oopgeval het.”

Subjek ses: “Ek het ‘n pizza gekry, toe soek ek my broer. My maatjie stamp toe my kop oop. Ons is dokter toe, toe kry ek steke. Ek was verbaas ‘wat gaan nou aan?’, ek kan nie onthou nie, bloed ‘freak’ my uit. Toe die wond vasgeheg was en daar is min bloed, is dit ‘fine’, baie bloed is ‘freaky’. Ek het voorheen my vinger gesny, daar was ook bloed. Dit voel ‘scary’, ‘n onsekere gevoel.”

Navorsers: “Bly by die gevoel.”

Subjek ses: “Die gevoel bly dieselfde, ek voel dit in my maag. Dit is ‘n ‘scary’ gevoel. Die gevoel begin weggaan, ek voel nou rustig.”

## Bespreking

Aan die begin van die sessie reflekteer die subjek oor ‘n traumatiese tyd in sy lewe toe sy oupa oorlede is. Die subjek het geen ongemak oor die gebeurtenis

nie, en die volgende gebeurtenis van die subjek se lewenskets is bespreek. Die volgende gebeurtenis vorm deel van kettinginprente in die subjek se gediskonnekteerde geheue-inprentsentrum. Die gebeurtenisse aktiveer emosionele sowel as fisieke ongemak by die subjek, sodat dit wat gediskonnekteer is kan konnekteer, en spontane heling kan plaasvind.

Sessie in die middel van SHIP®

Navorsers: “Vertel my van jou swakste wedstryd.”

Subjek ses: “Ek kon nie lekker konsentreer nie. Asof my kop nie lekker by die spel was nie. My ‘partner’ praat nie, hy is ‘weird’. Dit was asof alles nie reg is nie, dit maak my ongelukkig. Nie lekker nie, ek voel geïrriteerd. .Partykeer gebeur dit by die klub dat ek nie lekker speel nie. Ek wil nie hê mense moet verloor as gevolg van my nie. As ek ‘n fout maak, voel ek moedeloos en kwaad vir myself. Kwaad en teleurgesteld. Ek wil dit lekker maak vir almal. Ek het een keer ‘n kompetisie gespeel, my opponer het nie goed gespeel nie. As dit ‘n maklike punt was, maak ek foute en word kwaad vir myself. Ek verloor teen myself. Ek is vies vir myself, geïrriteerd met myself, ek maak droog. Ek raak vies as ek myself en ander teleurstel. Die gevoel is minder, ek voel nou beter.”

Bespreking

Die subjek plaas druk op homself deurdat die subjek ander spelers wil gelukkig maak. Die motivering is ekstern van aard en soos die proses homself herhaal, raak dit destruktief omdat die speler sy ware gevoelens onderdruk en nie volgens sy potensiaal nie speel. Tydens die sessie konnekteer die ketting-stellings en ketting-inprente sodat heling en groei plaasvind.



Sessie aan die einde van SHIP®

Navorsers: “Sien ‘n deur in jou gedagtes met die woorde op:”Emosies wat my verhinder om my ware potensiaal te bereik.’

Subjek ses: “Dit is ‘n houtdeur, anderkant die deur is ‘n kamer. Die kamer is donkerrooi met vier mure, ‘n houtvloer en dak. Ek voel onseker in die kamer. Die woorde op die deur is negatief. Ek het die gevoel laat gaan en begin beter speel. Ek hanteer die kwaad vir myself beter. Ek het my laaste wedstryd wat ek gespeel het, gewen, en die opponent het kwaad geraak.”

Bespreking

Die subjek se gediskonnekteerde materiaal het gekonnekteer, wat die subjek toelaat om nuwe uitdagings te aanvaar sonder dat die uitdagings vorige ervarings sneller en die subjek se emosies en spel terughou. Die speler laat toe dat die uitdagings en gevoelens deur sy sisteem gaan, sodat hy homself ten volle ervaar en so volgens sy volle potensiaal speel.

## **9.5 BESPREKING VAN ONDERHOUDE MET AFRIGTERS VAN SUBJEKTE EEN TOT SES**

Vervolgens word ‘n bespreking gebied van die onderhoude wat ná die intervensie met die afrigters gevoer is oor die tennisspelers se vordering.

Subjek Een

Bespreking

Die afrigter is baie tevrede met subjek een se vordering. Volgens die afrigter geniet subjek een sy tennis baie meer en hy oefen ook baie harder. Daarby hanteer subjek een volgens die afrigter spanning baie beter (waar hy in die

verlede fokus verloor het, bly hy nou gefokus), wat baie positief is vir sy vordering. Subjek een het ná die intervensie besluit om voltyds tennis te speel.

#### Subjek Twee

##### Bespreking

Subjek twee het volgens die afrigter voor die intervensie 'n groot probleem gehad met sowel sy temperament op die baan as sy verhoudings met ander spelers. Die afrigter meen dat dit baie verbeter het ná die intervensie, in so 'n mate dat hy op die baan baie kalmer is en ook meer vriende gemaak het, wat 'n positiewe effek op sy prestasie het.

#### Subjek Drie

##### Bespreking

Die subjek het volgens die afrigter 'n probleem met sy selfvertroue gehad, asook om 'n balans te vind tussen sy akademiese werk en die fokus op sy tennis. Tydens die intervensie het die subjek 'n tyd lank sy tennis laat vaar om sy akademiese verpligtinge te voltooi, waarna hy besluit het om voltyds tennis te speel. Die afrigter meen dat die subjek se selfvertroue na die intervensie baie verbeter het, en dat dit duidelik is uit sy positiewe ingesteldheid tydens oefeninge en wedstryde.

#### Subjek Vier

##### Bespreking

Voor die intervensie het subjek vier volgens die afrigter te veel druk op homself geplaas om te wen. Die afrigter is van mening dat dit baie verbeter het ná die intervensie en dat die speler met meer gemak speel, wat 'n positiewe effek op die subjek se prestasie het. Die subjek het ook baie hoër doelwitte vir die jaar gestel ná die intervensie en vir baie meer kompetisies ingeskryf.



## Subjek Vyf

### Bespreking

Voor die intervensie het subjek vyf volgens die afrigter gesukkel om spanning op die baan te hanteer. Verder het hy homself te veel gesteur aan ander spelers se optredes en om altyd te wil wen. Die afrigter meen dat eersgenoemde baie verbeter het ná die intervensie, dat die subjek met baie meer gemak speel, en dat dit 'n positiewe effek op die speler se spel in die geheel het.

## Subjek Ses

### Bespreking

Volgens die afrigter het subjek ses voor die intervensie gesukkel om spanning te hanteer tydens moeilike wedstryde. Hy meen dat die subjek doelloos sou speel en fokus sou verloor as die teenstander goed speel. Ná die intervensie is die afrigter baie tevrede met die subjek se meer positiewe ingesteldheid tydens oefeninge en kompetisies. Vir die afrigter is verdere positiewe aspekte dat die subjek tydens moeilike wedstryde met meer gemak speel, wat 'n positiewe effek op die subjek se prestasie het.

## **9.6 BESPREKING VAN ONDERHOUDE MET SUBJEKTE VIER, VYF EN SES; SES MAANDE NÁ DIE INTERVENSIE**

## Subjek Vier

### Bespreking

Subjek vier word soms negatief beïnvloed wanneer hy deur opponente gekul word. Sy sterkpunte is dat hy gedetermineerd is en met konstantheid kan speel. Sy groei bestaan daaruit dat hy baie kalmer is, sy spel baie verbeter het, hy harder oefen en meer dink. Volgens hom is alles besig om in plek te val. Hy voel

die stres en angs as dit 'n moeilike wedstryd is, maar dinge verloop volgens hom meestal reg en sonder probleme.

#### Subjek Vyf Bespreking

Dit wil voorkom asof die subjek sy swakpunte aanvaar en verantwoordelikheid neem om hard daaraan te werk. Wat sy sterkpunte aanbetref, het die subjek besef dat dit beter is om tydens wedstryde op sy sterkpunte te fokus as op swakpunte, wat aanduidend is van 'n positiewe ingesteldheid. Wat die subjek se groei aanbetref, kyk hy met nuwe oë na tennis en is hy gemotiveer om nog beter te vaar deur op sy positiewe kwaliteite te konsentreer, wat dui op 'n taak oriëntasie. Hy hanteer stres en angs baie beter en fokus meer daarop om die spel te geniet as op die angs en stres, wat meebring dat laasgenoemde nie sy spel belemmer nie.

#### Subjek Ses Bespreking

Die subjek beskou sy swakpunte as dat hy soms kwaad word op die tennisbaan, maar slaag daarin om dit ná die intervensie baie beter te hanteer en gefokus te bly. Die subjek voel meer selfversekerd oor die sterkpunte en konsentreer beter daarop. Wat die subjek se groei aanbetref, meen hy dat hy meer gefokus bly as dit 'n stresvolle wedstryd is, en dat hy dit wat hy geoefen het tydens stresvolle wedstryde, kan weergee. Die subjek hanteer stres en angs beter deur te fokus op wat vir hom lekker is, eerder as op hoe goed hy speel, en die subjek geniet dit meer.



## 9.7 OPSOMMING

Vanuit die bespreking van subjekte vier, vyf en ses se onderhoude ses maande ná die intervensie, is dit duidelik dat SHIP<sup>®</sup> 'n blywende effek op die subjekte se sterkpunte, verbetering van swakpunte, groei en beter hantering van angs en spanning het. Dit beantwoord aan subdoelwit vier in dié sin dat SHIP<sup>®</sup> definitief waarde in die Sportsielkunde het. Vanuit 'n akademiese oogpunt kan SHIP<sup>®</sup> met gemak geïntegreer word by die verskillende rolle van sportsielkundiges. Weinberg en Gould (2007) stel die rolle van sportsielkundiges as navorsing, konsultering en onderwys. Die effek van SHIP<sup>®</sup> by sportlui kan gereedelik nagevors word, soos in hierdie studie waar onderhoude met die subjekte gevoer is voor die intervensie, elke SHIP<sup>®</sup> sessie verbatim neergeskryf word, psigometriese toetse voor, in die middel en aan die einde van die intervensie afgeneem is, onderhoude gevoer is met afrigters ná die intervensie, asook met subjekte ses maande ná die intervensie. Daar bestaan logies gesproke vele ander maniere om navorsing in SHIP<sup>®</sup> en fenomene in sport na te vors. Konsultasies met sportlui in SHIP<sup>®</sup> kan heel maklik bewerkstellig word, omdat konsultasie die kern van SHIP<sup>®</sup> vorm. Onderwys en SHIP<sup>®</sup> kan sonder probleme geïntegreer word, omdat die prosessie van SHIP<sup>®</sup> gemaklik verduidelik en uiteengesit kan word. Die primêre doel van heling en groei in SHIP<sup>®</sup>, naamlik dat die mens sy maksimum-potensiaal spontaan kan verwesenlik, kom ooreen met Gallwey (1974) se siening dat optimale prestasie in tennis slegs bereikbaar is as die speler vertrou het in homself, en sy sisteem hom toelaat om spontaan en sonder oordele te speel, Armstrong, Carmichael en Nye (2006) se siening dat "mental toughness" gedefinieer kan word as wanneer sielkundige en fisieke aspekte van 'n mens bymekaarkom sodat top-prestasie bereik kan word, stem ooreen met SHIP<sup>®</sup> se fokus op die balansering van alle attribute, insluitend psigiese en fisieke aspekte, sodat die mens sy volle potensiaal kan bereik en daarvolgens kan funksioneer.

Die belangrikste konklusie waartoe die navorser in hierdie studie gekom het, is dat spelers wat tennis as 'n onttrekker gebruik en SHIP<sup>®</sup> deurloop, heel waarskynlik ophou speel omdat tennis as onttrekker nie meer nodig is nie. Sou spelers vanuit hulself gemotiveer wees om tennis te speel en SHIP<sup>®</sup> deurloop, sal hulle hul werklike potensiaal verwesenlik. Uit die navorsing is dit duidelik dat SHIP<sup>®</sup> 'n positiewe effek het op die spelers se potensiaal-ontwikkeling, psigiese kapasiteite en sielkundige welstand, en beslis waarde in die Sportsielkunde het.

## HOOFSTUK TIEN

### BESPREKING EN SAMEVATTING

#### 10.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied 'n samevatting en bespreking van die resultate van hierdie studie. Daarbenewens word moontlike beperkings uitgelig en aanbevelings vir toekomstige navorsing gemaak.

#### 10.2 RESULTATE

##### 10.2.1 Opsomming en bespreking van kwantitatiewe resultate

Die analise van die verskille tussen groepe op die CSAI-2-toetse het getoon dat daar geen statisties beduidende verskille was tussen die eksperimentele- en kontrolegroep ten opsigte van enige van die subskale nie. Dit was die geval by beide die voor-toets en die ná-toetse.

Die analise wat gefokus het op die veranderinge binne groepe op die CSAI-2, het die volgende tendense getoon: Die kognitiewe en liggaamlike angsttellings van die eksperimentele groep het beduidend afgeneem, met geen beduidende verandering by die kontrolegroep nie. Die selfvertrouetellings van die eksperimentele groep het beduidend toegeneem, met beduidende afnames by die kontrolegroep. Afnames in angsvlakke na die implimentering van sportsielkundige intervensies is nie 'n vreemde fenomeen nie. Long (1984) en Long en Haney (1988) het gevind dat stresinokulasie-oefeninge en progressiewe ontspanning met draf as 'n streshanteringintervensie beduidende afnames in angsvlakke getoon het. Belangrik van eersgenoemde studie is dat die angsvlakke laag gebly het in 'n opvolgstudie wat 15 weke later gedoen is. Kingston en Hardy (1997) het gevind dat die stel van prosesdoelwitte deur gholfspelers 'n positiewe effek het op hulle selfeffektiwiteit, kognitiewe angst en selfvertrou. Burton (1989) het gevind dat doelwitstelling as intervensie 'n positiewe effek op die prestasies van tennisspelers het.

Analises van die verskille tussen groepe op die POMS-toets het aangedui dat alhoewel die kontrolegroep se spanning-angs-tellings aanvanklik hoër was as dié van die eksperimentele groep, was dié verskil statisties beduidend teen toets 3. Die depressie- en woede-vyandigheidstellings van die kontrolegroep was ook beduidend hoër as dié van die eksperimentele groep tydens toets 3. Analises binne elke groep toon dat geen statisties beduidende veranderinge binne enige van die groepe plaasgevind het ten opsigte van die spanning-angstoets nie. Depressietellings van die eksperimentele groep het beduidende afnames getoon oor tyd, terwyl die kontrolegroep aanvanklik 'n afname getoon het tydens toets 2, maar weer verhoog het teen toets 3. Woede-vyandigheidstellings van die eksperimentele groep het beduidend oor tyd afgeneem. Vigor-tellings van die eksperimentele groep het beduidend toegeneem, met 'n beduidende afname in afgematheid- en verwarringstellings. Geen beduidende veranderinge het ten opsigte van hierdie twee subskale by die kontrolegroep plaasgevind nie. Positiewe gemoedstoestand is 'n bepalende faktor vir prestasie in sport. Daar is verskeie intervensiestudies gedoen oor die gemoedstoestand van atlete. Navorsing deur Munroe, Giacobbe, Hall en Weinberg (2000) het gevind dat beelding voordelig is vir atlete deurdat dit hul opgewondenheid verhoog en atlete toelaat om kalmte gedurende kompetisies te behou. Jones, Mace, Bray Macray en Stocklige (2002) het gevind dat beelding, stres verminder en die gemoedstoestand van die atlete tydens deelname aan sport verbeter.

Die resultate van die analise tussen groepe op die Ryff-toets toon dat die eksperimentele groep se omgewingsbemeesteringsstelsels tydens toets 3 beduidend hoër as dié van die kontrolegroep was. Geen ander beduidende verskille is gevind nie. Analises binne groepe het getoon dat die eksperimentele groep se outonomieitellings beduidend toegeneem het. Die kontrolegroep het 'n beduidende afname getoon in hul positiewe verhoudingsstelsels. Die resultate van die Ryff-toets is in lyn met Ryan en Deci (2000) se seining dat daar drie belangrike behoeftes by 'n mens bestaan naamlik om in verhoudings met ander te wees, om bekwaamheid te ervaar en



om outonoom te funksioneer. Eersgenoemde is volgens hulle belangrik sodat 'n mens op sy beste kan funksioneer.

Die analise van die Dweck-toets het die volgende resultate getoon: Die kontrolegroep het 'n beduidende toename en entiteit-ingesteldheid-tellings gehad, met geen beduidende verandering by die eksperimentele groep nie.

Die analise van die korrelasies tussen die subskale van die onderskeie toetse het die volgende resultate opgelewer: Die korrelasies tussen die subskale van die CSAI-2-toets het getoon dat kognitiewe- en liggaamlike angs sterk positiewe korrelasies toon. Beide die subskale toon 'n negatiewe korrelasie met selfvertroue. Die CSAI-2-subskale het geen statisties beduidende korrelasies met die subskale van die POMS-toets getoon nie. Korrelasies tussen die CSAI-2- en die Ryff-toets toon 'n sterk negatiewe korrelasie tussen liggaamlike angs en selfaanvaarding.

Die korrelasies tussen die subskale van die POMS-toets het getoon dat spanning-angs-, depressie-, woede-vyandigheid- en verwarringtellings onderling sterk positiewe korrelasies met mekaar het. Woede-vyandigheidtellings het ook sterk positiewe korrelasies met afgematheid- en verwarringtellings getoon. Die laasgenoemde twee het ook sterk positief met mekaar gekorreleer.

Korrelasies tussen die POMS-en Ryff-tellings toon dat tellings vir spanning-angs negatief korreleer met dié vir omgewingsbemeestering. Die POMS-depressieskaal toon ook sterk negatiewe korrelasies met die subskale vir selfaanvaarding en positiewe verhoudings. Hoër tellings vir woede-vyandigheid, afgematheid en verwarring op die POMS word ook geassosieer met laer tellings vir persoonlike groei op die Ryff-skaal, terwyl vigor 'n sterk positiewe korrelasie toon.

Korrelasie-analises tussen die subskale van die Ryff-toets dui daarop dat persoonlike groei positief korreleer met selfaanvaarding en positiewe

verhoudings. Selfaanvaarding toon 'n baie hoë positiewe korrelasie met positiewe verhoudings.

Die subskale van die Dweck-toets toon geen beduidende korrelasie met enige van die ander skale nie.

### **10.2.2 Samevatting van kwalitatiewe resultate**

Uit die onderhoude wat voor die intervensie met subjek een gevoer is, blyk dit dat die subjek negatief is ten opsigte van sy vermoë om wedstryde te speel. Verder wil dit voorkom asof die subjek 'n ego-oriëntasie het en te veel klem lê daarop om te wen. Die feit dat sy selfvertroue tydens wedstryde laag is en hy terselfdertyd daarop fokus om te wen, kan mekaar teenwerk en die subjek met innerlike konflik en 'n gevoel van hulpeloosheid laat. Die subjek is optimisties oor sy groei as speler. Hy hanteer stres deur met homself te praat, en indien dit nie werk nie, te skreeu of sy raket te gooi. Uit die eerste sessie van SHIP<sup>®</sup> is dit duidelik dat die subjek emosies van vrees, hartseer en frustrasie beleef oor gebeurtenisse van die verlede. Die belewenis van die emosies bring heling en konnektering met die subjek se ware gevoelens. Uit die sessie in die middel van SHIP<sup>®</sup> is dit duidelik dat die subjek 'n konflikterende verhouding met sy ma het, wat sy prestasies grotendeels beïnvloed. Dit wil voorkom of sy verhouding met sy ma en die gevoelens wat daarmee gepaard gaan deur die speler onderdruk word en dit hom daarvan sal weerhou om sy ware potensiaal te bereik. In die laaste SHIP<sup>®</sup> sessie is die subjek gemaklik met homself. Dit wat in die subjek se spesifieke individuele veld was, is gekonnekteer, wat daartoe lei dat die speler se motivering intern is en hy op dié wyse sy ware potensiaal sal bereik. Volgens die psigometriese toetse het subjek een se kognitiewe- en liggaamlike angs ná die intervensie verlaag, selfvertroue en sielkundige welstand verhoog, spanning en angs verlaag, depressie en woede verlaag, vigor dieselfde gebly, en sowel afgematheid as verwarring verlaag. Uit die onderhoude met die afrigter ná die intervensie is dit duidelik dat subjek een spanning beter hanteer, meer gefokus is en harder oefen. Die feit dat die speler besluit het om voltyds tennis te speel, toon sy gedetermineerdheid. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die

subjek ná SHIP<sup>®</sup> volgens sy werklike potensiaal presteer, gegroei het ten opsigte van sy hantering van angs en spanning op die baan, en dat sy sielkundige welstand volgens die psigometriese toetse aansienlik verbeter het.

Uit die onderhoud wat voor die intervensie met subjek twee gevoer is, blyk dit dat die subjek dit moeilik vind om deur te druk tydens moeilike wedstryde. Dit wil voorkom asof die subjek emosioneel sensitief is, wat klop met sy beskrywing dat as hy goed voel, hy goed speel; terwyl as hy swak voel, hy swak speel. Die subjek se sterkpunte is sy gedetermineerdheid om sy doelwitte te bereik. Uit die eerste sessie van SHIP<sup>®</sup> lyk dit asof die subjek 'n leemte ten opsigte van vriende en die nabyheid van vriende beleef. Uit die middel van SHIP<sup>®</sup> sessie vertrou die subjek sy sisteem om trauma van die verlede te heel. In die laaste SHIP<sup>®</sup> sessie maak die subjek kontak met sy sagte, sensitiewe, spontane self en is hy gemaklik daarmee. Dit dui op heling en groei wat op 'n positiewe wyse daartoe bydra dat die subjek sy volle potensiaal sal bereik. Uit die psigometriese toetse het subjek twee se kognitiewe- en liggaamlike angs verminder, selfvertroue en sielkundige welstand verhoog, spanning, angs en depressie verlaag, en sy woede en vyandigheid ongeveer dieselfde gebly. Vigor het ook omtrent dieselfde gebly, terwyl afgematheid en verwarring verlaag het. Uit die onderhoude met die afrigter ná die intervensie het die subjek se verhoudings met ander spelers, asook sy temperament op die baan, aansienlik verbeter, wat 'n positiewe effek op sy prestasie gehad het. Wat die doelwitte van die studie aanbetref, is dit duidelik dat subjek twee beter presteer, surplus kapasiteite soos vriendskap en sosialisering ontwikkel het, en dat sy sielkundige welstand verbeter het.

Uit die onderhoud voor die intervensie beskou subjek drie sy grootste swakpunte as sy sielkundige benadering tot tennis waaraan hy die minste werk. Hy toon 'n ego-oriëntasie waar hy na sy eie mening te veel klem daarop plaas om te wen. Sy belewenis van angs voor kompetisies is baie intens, in so 'n mate dat hy 'n paar dae voor 'n kompetisie nie kan slaap nie. Dit wil voorkom asof hy die angs hanteer deur dit te onderdruk (repressie). Uit die

eerste SHIP<sup>®</sup> sessie toon die subjek ongemak in die sin dat hy obsessief raak oor tennis en tegelyk weet dat dit verkeerd is, waar hy sê “My mind is in the wrong place”. Dit kom ooreen met die konsep van teenoorgesteldes in SHIP<sup>®</sup> wat nog nie geïntegreer is nie.

Uit die sessie in die middel van SHIP<sup>®</sup> toon die subjek eksterne trauma wat in sy spesifieke individuele veld gestoor is. In die laaste SHIP<sup>®</sup> sessie ervaar die subjek homself as psigies sterker. Hy dink gemaklik aan swak wedstryde, wat beteken dat die ongemak daarvan wat in sy spesifieke individuele veld gestoor was, gekonnekteer is. Uit die psigometriese toetse het die subjek se kognitiewe- en liggaamlike angs verlaag, selfvertroue verhoog, sielkundige welstand en groei-ingesteldheid verhoog, spanning en angs, asook depressie, woede en vyandigheid verlaag. Vigor en afgematheid het verhoog en verwarring het verlaag. Volgens die afrigter het die subjek voor die intervensie ‘n probleem gehad om ‘n balans te vind tussen sy tennis en sy akademiese werk. Ná die intervensie het die subjek besluit om tyd in te ruim om op sy akademie te fokus, waarna hy besluit het om voltyds tennis te speel, wat dui op konstruktiewe hanteringsmeganismes. Volgens die afrigter het die subjek se selfvertroue na SHIP<sup>®</sup> baie verbeter, wat ook duidelik is uit sy positiewe ingesteldheid tydens oefeninge. Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die subjek meer gefokus is ten opsigte van sy lewe en sy tennis, wat ‘n positiewe effek op sy prestasie kan hê. Uit die psigometriese toetse is dit duidelik dat SHIP<sup>®</sup> ‘n positiewe effek op psigiese groei het. Uit die onderhoud met die subjek se afrigter val dit op dat die subjek se sielkundige welstand verbeter het.

Data wat verkry is uit die onderhoud wat voor die intervensie met subjek vier gevoer is, toon dat hy beïnvloed word deur ander spelers se rangordes en deur mense wat langs die baan staan, wat dui op ‘n eksterne lokus van kontrole. Die subjek toon ‘n mate van groei ten opsigte van hoe hy stres en angs hanteer. Voorheen het hy sy raket teen die grond geslaan, en op die oomblik maak hy gebruik van selfspraak. Die subjek ervaar baie spanning voor ‘n wedstryd, wat aanduidend kan wees van die belang wat hy daaraan



heg om te presteer. Vanuit die eerste SHIP<sup>®</sup> sessie is dit duidelik dat subjek een intersistemiese kettingekspresies maak as hy sê dat hy altyd ongelukkig is. Die materiaal in die subjek se individuele spesifieke veld word ook fisiek ervaar deurdat die subjek mondseer van spanning kry. Uit die sessie in die middel van SHIP<sup>®</sup> is daar sprake van 'n herhalende proses waar die subjek sy elmboog al sewe keer beseer het. Dit wil voorkom asof die subjek sport as 'n onttrekker gebruik. Sou die subjek onaktief wees, hanteer hy dit baie moeilik. Uit die laaste sessie van SHIP<sup>®</sup> kan die subjek homself met gemak sien speel soos sy ideale speler. Dit laat die speler met 'n gevoel van opgewondenheid en geluk. Die psigometriese toetse wat die subjek afgelê het, toon dat die subjek se kognitiewe- en liggaamlike angs verlaag het, selfvertroue sowel as sielkundige welstand en groei-ingesteldheid verhoog het, spanning en angs ongeveer dieselfde gebly het, woede en vyandigheid verlaag het, vigor verhoog het, afgematheid verlaag het en verwarring omtrent dieselfde gebly het. Volgens die afrigter plaas die subjek nie meer soveel druk op homself om te presteer nie, en speel hy ná die intervensie met groter gemak. Die subjek het vir meer kompetisies ingeskryf ná afloop van die intervensie, wat dui op hoër energievlakke. Die subjek het ook hoër doelwitte gestel vir die jaar. Die verhoogde doelwitte en hoër energievlakke kan 'n positiewe effek op die subjek se prestasie hê. Volgens die psigometriese toetse het die subjek verbeter ten opsigte van psigiese kapasiteite, byvoorbeeld vigor, selfvertroue, ensovoorts. Vanuit die SHIP<sup>®</sup> sessies, onderhoude met die subjek se afrigter en die resultate van psigometriese toetse, is dit duidelik dat die subjek se psigiese welstand verbeter het.

Uit die onderhoud wat voor die intervensie met subjek vyf gevoer is, beskryf die subjek sy swakpunte as 'n proses waar hy stres ervaar as dinge nie uitwerk nie. Dit wil voorkom asof die subjek die stres onderdruk wat hy op die baan beleef, wat negatiewe gevolge vir sy spel kan inhou. Dit blyk dat die subjek se motivering laag is as die opponer swak is, wat daarop wys dat die subjek se motivering deur die uitdaging bepaal word. In die eerste SHIP<sup>®</sup> sessie meld die subjek 'n aantal traumatiese gebeurtenisse wat kettinggebeurtenisse gevorm het. Dit word geaktiveer deur gebeurtenisse in

die toekoms, soos byvoorbeeld om teen 'n opponent te speel teen wie hy voorheen verloor het. Hierdeur raak die subjek ongemakliker, sodat hy byvoorbeeld 'n gevoel van vlinders op sy maag ondervind. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die subjek se sisteem boodskappe uitstuur van ongekonnekteerde materiaal wat wil konnekteer. Tydens die sessie in die middel van SHIP<sup>®</sup> word ongekonnekteerde traumatiese materiaal gekonnekteer. In die laaste SHIP<sup>®</sup> sessie word 'n beeld aan die subjek voorgehou, met die doel om enigiets wat die subjek verhinder om sy potensiaal te bereik, toe te laat om te konnekteer. Die subjek toon geen ongemak nie, wat wys dat heling en groei plaasgevind het. Uit die psigometriese toetse se resultate het die subjek se kognitiewe- en liggaamlike angs verlaag, selfvertroue verhoog en sielkundige welstand verhoog, spanning, angs en depressie verlaag, woede en vyandigheid dieselfde gebly, vigor verhoog, afgematheid dieselfde gebly en verwarring verlaag. Uit die onderhoud met die afrigter ná die intervensie is die afrigter van mening dat die speler voor die intervensie gesukkel het om spanning op die baan te hanteer. Hy het te veel klem daarop geplaas om te wen, terwyl hy nou, ná die intervensie, met meer gemak speel, wat 'n positiewe effek op die subjek se spel het. Dit is duidelik dat die subjek meer taakgeoriënteerd is, wat 'n positiewe effek op prestasie kan hê. Vanuit die psigometriese toetsresultate is dit duidelik dat 'n surplus psigiese kapasiteite ontwikkel is. Die gemak van die subjek in die laaste SHIP<sup>®</sup> sessie en die afrigter se observasie, asook die psigiese welstandskaal, toon dat die subjek se sielkundige welstand deur SHIP<sup>®</sup> bevorder is.

Uit die onderhoud wat voor die intervensie met subjek ses gevoer is, was dit duidelik dat die subjek innerlike konflik beleef wanneer hy vir homself kwaad word indien hy swak speel. Dit dui op 'n ego-oriëntasie. Soos die proses voortduur, raak die subjek moedeloos. Die subjek hou van uitdagings, wat 'n teken van dedetermineerde ingesteldheid is. Soms maak die subjek gebruik van selfspraak om stres en angs te hanteer, maar is hy nie baie suksesvol om sy foute reg te stel nie. Die eerste SHIP<sup>®</sup> sessie gaan gepaard met traumatiese gebeurtenisse wat emosionele sowel as fisieke ongemak by die



subjek aktiveer, sodat dit wat gediskonnekteer is, kan konnekteer. Uit die middelste SHIP<sup>®</sup> sessie kom dit na vore dat die subjek druk op homself plaas deur te fokus op die geluk van ander spelers. Die proses raak destruktief namate die subjek sy ware gevoelens en potensiaal onderdruk. Tydens die sessie konnekteer die intersistemiese kettingekspresies, sodat heling en groei kan plaasvind. Tydens die laaste SHIP<sup>®</sup> sessie laat die subjek toe dat gevoelens deur sy sisteem gaan, sodat hy homself ten volle kan ervaar en teen sy volle potensiaal speel. Die psigometriese toetsresultate toon dat die subjek se kognitiewe- en liggaamlike angs sy selfvertroue verlaag het, sy sielkundige welstand, spanning, angs, depressie, groei-ingesteldheid, woede en vyandigheid dieselfde gebly het, terwyl sy vigor verhoog het, maar afgematheid en verwarring ook dieselfde gebly het. Soos geblyk het uit die onderhoud wat ná die intervensie met die afrigter gevoer is, het die subjek probleme ondervind om spanning tydens moeilike wedstryde te hanteer, en sou hy fokus verloor en doelloos speel. Ná die intervensie het die afrigter 'n meer positiewe ingesteldheid tydens oefeninge en wedstryde by die subjek opgemerk, sowel as dat die subjek tydens moeilike wedstryde met meer gemak speel. Hierdie positiewe ingesteldheid en groter gemak tydens moeilike wedstryde het 'n positiewe invloed op die subjek se potensiaalontwikkeling. Wat die skepping van surplus psigiese kapasiteite aanbetref, is dit duidelik dat die subjek gegroei het, deur byvoorbeeld die vermeerdering van vigor. Sowel die subjek se positiewe ingesteldheid as die vermindering van kognitiewe- en liggaamlike angs, wys daarop dat die subjek se sielkundige welstand deur die intervensie bevorder is.

Die resultate van die kwalitatiewe analise kom ooreen met JOS (2008) se beskrywing van spontaneheling waar vasgevangde energie vrygelaat word deur spontanehelingsreaksies. Volgens Van der Walt (2003) is heling tydens die beginfasies van SHIP<sup>®</sup> 'n primêre faktor en groei sekondêr. Tydens die groei fase kan die speler sy maksimum potensiaal bereik. Die resultate van die studie is in lyn met die SHIP<sup>®</sup> se filosofie en val in die regte rigting. Weens 'n gebrek aan publikasies in SHIP<sup>®</sup> is dit moeilik om verwysings te kry.





### 10.3 SAMEVATTING

Weinberg en Gould (2007) stel die rolle van sportsielkundiges as navorsing, konsultering en onderwys. Die effek van SHIP<sup>®</sup> by sportlui kan op 'n werkbare wyse nagevors word, soos in hierdie studie waar onderhoude voor die intervensie met die subjekte gevoer is, elke SHIP<sup>®</sup> sessie verbatim neergeskryf word, psigometriese toetse, voor, in die middel en aan die einde van die intervensie afgeneem is, en ook onderhoude met afrigters ná die intervensie en met subjekte ses maande ná die intervensie gevoer is. Daar bestaan logies gesproke verskeie ander maniere om navorsing in SHIP<sup>®</sup> en fenomene in sport na te vors. Konsultasies met sportlui in SHIP<sup>®</sup> kan op 'n gerieflike wyse bewerkstellig word, omdat konsultasie inherent deel vorm van SHIP<sup>®</sup>. Onderwys en SHIP<sup>®</sup> kan ook sonder ernstige weerstande geïntegreer word, omdat dit maklik is om die prosesse van SHIP<sup>®</sup> te verduidelik en uiteen te sit.

Die rasionaal van SHIP<sup>®</sup> is dat probleme ontstaan deur pynlike en ongemaklike ervarings, veral tydens vroeë ontwikkeling. Hierdie probleme veroorsaak 'n versteuring in die individu se individuele spesifieke self. Dit affekteer die individu se emosionele, kognitiewe, behavioristiese, perseptuele en persoonlikheidsfunksionering in so 'n mate dat nuwe uitdagings, ervarings of fases van die lewe nie in die persoon se lewe geïntegreer kan word nie (Van der Walt, 2003). Die eersgenoemde versteurings kan volgens Flett (2004) aanleiding gee tot spesifieke hanteringstyle wat intrasistemiese- en intersistemiese kettingekspressies tot gevolg kan hê.

